

**'N VERTALERSPERSPEKTIEF OP ENKELE TEKORTKOMINGE
IN ALGEMENE EN GESPECIALISEERDE WOORDEBOEKE**

ILENÉ BOSHOFF

TESIS INGELEWER TER GEDEELTELIKE VOLDOENING AAN DIE
VEREISTES VIR DIE GRAAD MPhil IN VERTALING AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

STUDIELEIER: PROFESSOR R.H. GOUWS



VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

OPSOMMING

Dit is nie nuwe nuus dat die gebruik van 'n vertalende woordeboek deel vorm van die daaglikse proses van kommunikasie binne 'n multitalige samelewing soos ons eie nie. Hetsy dit 'n student, vakkundige, taalpraktisyn of vertaler is wat 'n betrokke tweetalige woordeboek raadpleeg ter wille van betekenis, spelling, uitspraak of grammatikale inligting, is dit van die uiterste belang dat daardie woordeboek (wat die spesifieke gebruiker met 'n doel gekies het) op so 'n wyse saamgestel is (wat mikro-sowel as makrostrukturele aspekte betref) dat die gebruiker te alle tye tot optimale inligtingsonttrekking in staat is.

Vertalende woordeboeke, hetsy algemene of vakwoordeboeke, is waarskynlik een van die heel belangrikste inligtingsbronne wat 'n vertaler tot sy/haar beskikking het. Die algemeenste probleem wat so dikwels hier ter sprake kom, is die feit dat sulke woordeboeke as 't ware nooit saamgestel word met die oog op die vertaler as moontlike gebruiker daarvan nie. Omdat leksikograwe oor die algemeen nie in gedagte hou dat vertalers (wat veral op die gebied van vaktaal basies niks anders as leke is nie) dalk die betrokke woordeboek sal nader vir hulp nie, ondervind die oorgrote meerderheid vertalers meestal probleme met die doeltreffendheid van vertalende woordeboeke ten opsigte van a) die tipe data wat daargestel word asook b) die manier waarop hierdie data bewerk word en aangebied word.

Die manier waarop aspekte soos die korrekte aanduiding van onder andere ekwivalentverhoudinge en die gebruik van byvoorbeeld konteks- en koteksleiding toegepas moet word ten einde optimale inligtingsonttrekking te verseker en, vervolgens, tot voordeel van die gebruiker (in hierdie geval die vertaler) te kan lei, moet vooraf deeglik bestudeer word. Die belangrikheid van ander kwessies soos leksikografiese funksies, spesifieke gebruikersbehoefte en die invloed van kulturele gapings op die data wat in woordeboeke aangetref word, kan ook nie buite rekening gelaat word wanneer die struktuur en samestelling van 'n vertalende woordeboek beplan word nie. Al hierdie aspekte behoort as 'n leksikografiese plig behandel te word. En dit geld vir *enige* vertalende woordeboek.

SUMMARY

It is no new news that the use of a bilingual dictionary forms part of the day-to-day process of communication within a multilingual society like the one we live in. Whether it is a student, expert, language practitioner or a translator consulting a specific dictionary for meaning, spelling, pronunciation or grammatical information, it is of the utmost importance that that dictionary (regarding its macro as well as micro structure) is compiled in a such a way that the user is at all times capable of optimal retrieval of information.

Bilingual dictionaries, whether general or specialised, are probably one of the most important sources of information that a translator has to his/her disposal. The most common problem that so often arises in this case, is the fact that these dictionaries are never really compiled with the translator, as possible user thereof, in mind. Because lexicographers in general do not bare in mind that the average translator (who, in the field of specialised language, is actually no more than a layman) may approach the specific dictionary for help, the vast majority of translators often experience great difficulty with the effectiveness of bilingual dictionaries with regard to a) the type of data that is brought about as well as b) the way in which this data is treated and presented in these dictionaries.

The way in which aspects such as the correct way of indicating among other things equivalent relations and the use of, for example, context and cotext guidance, are supposed to be applied in order to ensure optimal information retrieval and, subsequently, that the user (which, in this case, is the translator) benefits from this, should be studied thoroughly beforehand. The importance of other aspects such as lexicographical functions, specific user needs and the influence of cultural gaps on the data found in dictionaries, may also not be ignored when planning the structure and compilation of a bilingual dictionary. All these aspects are supposed to be treated as a lexicographical duty. And this goes for *any* bilingual dictionary.

BEDANKINGS

Eerstens wil ek my Hemelse Vader bedank – sonder Sy krag en genade sou hierdie werkstuk nooit 'n realiteit kon wees nie.

Aan my professor en ongelooflike studieleier, professor Rufus Gouws, baie dankie vir al die leksikografiese insigte wat u die afgelope paar jaar met my gedeel het. U rol en bydrae is verseker onmiskenbaar.

En laastens maar nie die minste nie, aan my familie, gesin en vriende: Aan elkeen van julle, baie dankie vir al die morele ondersteuning die afgelope jaar. Julle positiewe woorde en aanmoediging het die wêreld se verskil gemaak.

INHOUD**BLADSY****WOORDEBOEKAFKORTINGS**

7

1. INLEIDING

9

1.1 Agtergrond en probleemstelling

9

1.2 Werkswyse

10

1.3 Doelstelling

10

2. GEBRUIKERSBEHOEFTE EN LEKSIKOGRAFIESE**FUNKSIES**

11

2.1 Die belangrikheid van gebruikersbehoefte ten opsigte
van 'n woordeboek se uitleg en inhoud

11

2.2 Die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende toelichtingsteks in 'n
gebruikersgerigte woordeboek

14

2.3 Leksikografiese funksies: algemene opmerkings

15

2.4 Vertalende woordeboeke: die invloed van funksie op samestelling

17

2.5 Ten slotte

19

3. KULTURELE ASPEKTE

20

3.1 Algemene opmerking

20

3.2 Die rol en verantwoordelikheid van die leksikografie ten opsigte
van trans-kulturele vertaling

20

3.3 Woordeboekstrukture wat werk

22

3.4 Buiteteks en sentrale lys: 'n aanvullende verhouding

23

3.5 Leenwoorde en naturalisering

24

3.6 Letterlike ekwivalente

25

3.7 Ten slotte

27

<u>4. MAKROSTRUKTURELE ASPEKTE</u>	
<u>NIS- EN NESORDENING</u>	28
4.1 Die makrostruktuur van 'n woordeboek	28
4.2 Nis- en nesordening as makrostrukturele ordeningstipes	28
4.3 Algemene opmerkings aangaande nis- en nesordening	29
4.4 Nesordening	29
4.5 Nisordening	30
4.5.1 Enkelnisting	31
4.5.2 Veelvoudige nisting	32
4.5.2.1 Veelvoudige nisting binne 'n gedeeltelike artikelreeks wat semanties verwante lemmata insluit	32
4.5.2.2 Veelvoudige nisting binne 'n gedeeltelike artikelreeks wat semanties nie-verwante lemmata insluit	34
4.5.3 Uitsluitlik verwyderde veelvoudige nisting	35
4.6 Ten slotte	36
<u>5. MIKROSTRUKTURELE ASPEKTE</u>	38
5.1.1 Inleiding	38
5.1.2 Vertaalekwivalente en ekwivalentverhoudinge	38
5.1.3 Verskillende vorme van ekwivalensie	39
5.1.4 Die belangrikheid van die manier waarop vertaalekwivalente ten opsigte van die vertaler hanteer word	40
5.1.4.1 Divergensie	42
5.1.5 Die verskynsel van leksikale gapings as gevolg van nulekwivalensie	45
5.1.5.1 Algemene opmerkings	45
5.1.5.2 Referensiële gapings	46
5.1.5.3 Linguistiese gapings	48
5.1.6 Surrogaatekwivalensie as oplossing vir leksikale gapings	48
5.1.6.1 Leenitems	49
5.1.6.2 Leenvertalings	50
5.1.6.3 Neologismes	51
5.1.6.4 Verklarings/verklarende ekwivalentente	52
5.1.7 Leksikale gapings: 'n kort samevatting	53

<u>5.2 KONTEKS- EN KOTEKSLEIDING</u>	54
5.2.1 Inleiding	54
5.2.2 Mikrostrukturele plasing	55
5.2.3 Konteks- en koteksleiding: algemene opmerkings	56
5.2.4 Adressering	58
5.2.5 Adresseringsekwivalensie	59
5.2.6 Ostensiewe adressering as vorm van bykomende data-aanbod	63
5.2.7 Illustrasieprente in vertalende woordeboeke	64
5.2.8 Ten slotte	66
<u>5.3 ETIKETTE AS PRAGMATIESE MERKERS</u>	68
5.3.1 Inleiding	68
5.3.2 Algemene opmerkings ten opsigte van die gebruik van etikette	69
5.3.3 Die verskillende etikettipes	70
5.3.3.1 Stilistiese etikette	71
5.3.3.2 Geografiese etikette	72
5.3.3.3 Temporele etikette	73
5.3.3.4 Vaktaaletikette	74
<u>6. VAKWOORDEBOEKE</u>	77
6.1 Die verhouding tussen vakwoordeboek en vertaler: die korrekte hantering van gespesialiseerde terme en tekste – ’n vertaler se alewige stryd	77
6.2 Die inhoud van vakwoordeboeke	78
6.3 Die toeligtingstekste van vakwoordeboeke	78
6.4 Die aanbod van data in vakwoordeboeke	84
6.5 Die rol van konteks- en koteksleiding binne vakwoordeboeke	85
6.6 Die gebruik van ostensiewe adressering as geleidingsleiding in tweetalige vakwoordeboeke ter wille van vertalers	88
6.7 Algemene opmerking	91
6.8 Vaagheid en dubbelsinnigheid	91
6.9 Ten slotte	95

7. LEKSIKOGRAFIE EN DIE DEURSNEEVERTALER:**'N SAMEVATTING**

97

7.1 Bepalende faktore by die uitleg en samestelling van 'n woordeboek

97

7.2 Woordeboekuitleg op makro- en mikrovlak

98

7.3 Vakwoordeboeke

99

8. SLOT

101

BRONNELYS

103

BYLAE 1 - 14

WOORDEBOEKAFKORTINGS

- DR** Hiemstra, V.G. en Gonin, H.L. 1992. *Drietalige Regswoordeboek /Trilingual Legal Dictionary*. Kaapstad: Juta en Kie Bpk.
- GDX** Pahl, H.W. (red.) 1989. *The Greater Dictionary of Xhosa*. Volume 3. Alice: University of Fort Hare.
- GT** Kaufmann, U., Bergenholtz, H. 1998. *Encyclopedic Dictionary of Gene Technology: Volume I English (With Spanish Equivalents)*. Toronto: Lugus Libros.
- GW** Eksteen, L.C. (eds.) (1997¹⁴). *Groot Woordeboek/Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos.
- GWB** Snyman, H.W. 1972. *Geneeskunde Woordeboek*. Durban: Butterworths.
- HAT** Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J., Booysen, C.M. 1997. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.
- MW** Martin, E.A. (ed.). 1993. *Mediese Woordeboek*. Kaapstad: Oxford University Press.
- NW** Du Plessis, M. 1999. *New Words/Nuwe Woorde*. Kaapstad: Pharos.
- NWB** De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L.C., Gouws, R.H. 1988⁷. *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.
- PW** Gouws, L. A., Louw, D. A., Meyer, W. F., Plug, C. 1979. *Psigologiesoordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.
- RDW** Grobbelaar, P. (ed.). 1988. *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek/English-Afrikaans Dictionary*. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa (Pty) Ltd.

- ST** Smuts, M. (ed.) 2001. *SASOL Science & Technology resource*. Kaapstad: Infosure Publishers.
- SW** Geldenhuys, J.D.U. en Viljoen, E.E. 1991. *Business Dictionary /Sakewoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- TAW** Du Plessis, M. 1993. *Tweetalige aanleerderswoordeboek /Bilingual learner's dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.
- TP** Du Toit, I. E. 1994. *Tweetalige Polisiewoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- TW** Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W., Hiemstra, L.W. 1995. *Tweetalige Woordeboek /Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.
- WAG** Brink, A. J. 1979. *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme*. Kaapstad: Nasou Beperk.
- WB** Trümpelmann, G.P.J., Erbe, E. 1983. *Woordeboek/Wörterbuch*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Agtergrond en probleemstelling

In die wêreld van vertaling het daar met verloop van tyd geweldig baie veranderings in menings en sienings plaasgevind met betrekking tot die mate waartoe 'n doeltteks as 't ware moet ooreenstem met die bronteks, dit wil sê in watter mate die doeltteks ekwivalent aan die bronteks moet wees. Alhoewel dit nog steeds van kardinale belang is dat presies dieselfde boodskap vanuit die brontaal na die doeltaal oorgedra moet word, val die klem ook nou op *hoe* hierdie boodskap oorgedra moet word en in watter mate dit dalk *aangepas* moet word ten einde absolute kommunikasie tussen die doelkultuur en die bronkultuur (via die doeltteks) te verseker.

Daar word oor die algemeen al hoe meer klem gelê op die kontekstuele aspek van die vertaalproses, die agtergrond en geskiedenis van die bron- en doeltaal onderskeidelik en vervolgens, baie belangrik, kulturele aspekte wat outomaties hierby ingesluit is.

Vertalers¹ begin om (in die meeste gevalle) weg te beweeg van die woord-vir-woord-vertalings (soos wat die norm was in vroeëre benaderings van vertaling) en om eerder die leksikale items en uitdrukkings binne 'n groter kontekstuele geheel te plaas. Maar ten spyte hiervan bly vertalende woordeboeke, hetsy algemeen of vakgeoriënteerd, sekerlik steeds van die nuttigste en belangrikste bronne wat enige vertaler tot sy/haar beskikking het.

Dit is ongelukkig so dat die meeste vertalende woordeboeke nie altyd volkome in die behoeftes van deursneevertalers (as 'n spesifieke gebruikersgroep op hul eie) voorsien nie. Daar is heelwat "swak plekke" in die samestelling van hierdie woordeboeke wat veroorsaak dat optimale gebruik nie aan die orde van die dag is nie en dat 'n goeie, suksesvolle vertaling nie altyd binne bereik is nie.

¹ Let asseblief daarop dat die term/begrip "vertaler" vir die doeleindes van hierdie tesis deurgaans spesifiek verwys na *vertalers in opleiding* en nie na volledig *gekwalfiseerde en professionele vertalers* nie.

1.2 Werkswyse

In die bespreking wat volg, word daar eerstens gekyk na die gebruiker, naamlik die vertaler, se spesifieke behoeftes, aangesien dit (die gebruikersprofiel) dan juis is waar die kern /motivering van enige woordeboek lê.

Tweedens gaan dit om die identifisering van 'n verskeidenheid leksikografiese funksies asook verskeie leksikografiese aspekte wat binne die omgewing van die spesifieke gebruiker ter sprake is. Elkeen van hierdie aspekte kan op sy beurt, indien dit korrek deur die leksikograaf toegepas en hanteer word, 'n positiewe en aanvullende bydrae tot die kwaliteit van alle vertalende woordeboeke (algemeen óf vakgeoriënteerd) lewer. Sulke aspekte sluit onder andere kultuur in.

Daar word ook aandag gegee aan uitgesoekte struktuurtypes, soos enkele aspekte van makrostruktuur asook 'n verskeidenheid mikrostrukturele kwessies, by name vertaalekwivalente en ekwivalentverhoudinge, konteks- en koteksleiding en etikette.

Een van die woordeboeksoorte waarvan vertalers dikwels gebruik maak maar wat heel dikwels nie aan hierdie gebruiker(s) se spesifieke behoeftes voldoen nie, is vakwoordeboeke. Laasgenoemde word bespreek as 'n *tipe* woordeboek waarmee vertalers probleme ondervind. Voorbeeldmateriaal uit reeds bestaande vertalende woordeboeke word gebruik om te illustreer wat, of wat nie, as die sogenaamde *ideale* struktuur (op makro- sowel as mikrostrukturele vlak) van 'n vertalende woordeboek beskou sou kon word en hoe laasgenoemde die deursneevertaler se taak sal kan vergemaklik.

1.3 Doelstelling

Die doel van hierdie tesis is om aan te toon dat woordeboeke (hetsy algemeen of gespesialiseerd) baie belangrike maar tans gebrekkige hulpmiddels vir vertalers is. Die onderwerpe wat in die verskillende hoofstukke aan die orde kom, word nie uitputtend behandel nie, maar word eerder gebruik om die aard en die omvang van die probleem te illustreer. Met ander woorde, die aksent val eerder op hoe 'n aspek van, byvoorbeeld, die makrostruktuur problematies kan wees.

HOOFSTUK 2

GEBRUIKERSBEHOEFTE EN LEKSIKOGRAFIESE FUNKSIES

2.1 Die belangrikheid van gebruikersbehoefte ten opsigte van 'n woordeboek se uitleg en inhoud

Die vasstelling van 'n woordeboek se potensiële teikengebruikers, hul behoeftes en hul naslaanvaardighede is noodsaaklik vir die opstel van 'n suksesvolle woordeboek. Daar kan nie aan gebruikersbehoefte voldoen word alvorens 'n bepaalde teikengebruiker nie vasgestel is nie. Vir so 'n vasstelling is empiriese navorsing deur die leksikograaf en die uitgewer nodig.

Fouché-Van der Merwe (1999: 143)

Indien die leksikografie as 'n onafhanklike dissipline funksioneer, moet verskillende woordeboeke (hetsy vertalend of verklarend) as praktiese gebruiksinstrumente beskou word wat aan bepaalde behoeftes van hulle spesifieke gebruikers voldoen. In die vorige hoofstuk is daar opgemerk dat die funksie van 'n woordeboek 'n groot invloed het op die uiteindelijke uitleg en samestelling van daardie woordeboek. Net so is die behoeftes van 'n betrokke woordeboek se gebruikers van kardinale belang vir daardie woordeboek se uiteindelijke uitleg asook die tipe en hoeveelheid kennisgerigte data wat daarin vervat word. Die leksikograaf moet (onder andere) kennis van die volgende aspekte, rakende sy teikengebruiker(s), dra :

- Watter taal is die gebruikers se moedertaal?
- Tot op watter vlak is hulle vertrouwd met hierdie taal?
- Tot op watter vlak het hulle enige vreemde tale bemeester?
- Wat is hulle algemene vlak van opleiding?
- Hulle naslaanvaardighede?
- Wat is hierdie gebruikers se spesifieke behoeftes, met ander woorde wat verwag hulle om in die woordeboek te vind; anders gestel: in watter situasie en met watter doel gaan die gebruiker hoofsaaklik die woordeboek gebruik?
- Wat is die gebruiker se beheersingsvlak van die spesifieke vakgebied (in die geval van vakwoordeboeke), met ander woorde oor watter kennis ten opsigte van die vakgebied beskik hy/sy?

Tarp (2000: 194-195)

Al die bogenoemde faktore speel 'n bepalende rol in die uiteensetting van die betrokke woordeboek se struktuur op makro- sowel as mikrovlak en sal vrae beantwoord soos onder andere: is dit voldoende om net vertaalekwivalente weer te gee of is dit nodig om dalk eerder 'n bietjie ensiklopediese inligting/beskrywings te gee (om in die gebruiker se primêre behoeftes te voorsien)? En ook: is dit belangrik om 'n deeglike voorafverduideliking te gee ten opsigte van die spesifieke woordeboek en die gebruik daarvan (om te voorsien in die sekondêre behoeftes van die gebruiker)? (Tarp: 2000) Alleenlik wanneer die leksikograaf hierdie vrae en kwessies in gedagte hou met die samestelling van sy/haar woordeboek, sal die woordeboek tot sy volle reg kom as nuttige instrument vir die gebruiker daarvan, in hierdie geval die vertaler.

Deur die belangrikheid van deeglike voorafbeplanning as deel van 'n leksikografiese proses te begryp, kan die leksikograaf antwoorde op al hierdie vrae kry en verseker dat sy/haar woordeboek aan die reeds genoemde vereistes voldoen. Ten einde 'n nuttige en suksesvolle woordeboek saam te stel, moet die werklike doel daarvan in ag geneem word. Om die werklike doel van die woordeboek te kan bereik, is dit nodig om eers die werklike funksie(s) daarvan vas te stel. En om laasgenoemde te kan doen, moet die leksikograaf eers presies weet wie sy/haar gebruikersgroep sal wees/is, wat hulle spesifieke behoeftes is en ook binne watter omgewing hulle die woordeboek oor die algemeen gaan benodig en gebruik.

When you consider dictionaries as utility products made with the purpose of satisfying certain human needs, then two concepts are essential ...: the user and his/her needs. When a lexicographer conceives, produces or reviews a dictionary, he/she must always determine the corresponding or expected group of users and their needs ...

Tarp (2000: 194)

Die volgende is 'n skematiese opsomming van hoe die beplanningskomponent van 'n woordeboek daar behoort uit te sien:

- Werklike funksie
 - Kennis- of kommunikatiefgerige funksie?
 - Kennisgerig: watter tipe (bykomende) inligting is nodig om te verseker dat die

spesifieke gebruiker 'n spesifieke woord/konsep beter sal *verstaan*?

- Kommunikatiefgerig: dekoderend of enkoderend? Met ander woorde, gaan dit om teksbegrip of teksproduksie? – Wat presies moet in die betrokke woordeboek voorkom en op watter manier moet laasgenoemde bewerk word ten einde te verseker dat die spesifieke gebruiker 'n spesifieke woord korrek sal kan *gebruik*?
- Gebruikersgroep
 - Behoeftes
 - Op watter vlak word moedertaal en vreemde taal beheers?
 - Wat is die teikengebruiker se kennisvlak ten opsigte van die betrokke vakgebied²?
 - In watter mate weet die gebruiker hoe om met die bron- en doeltaal (in tweetalige woordeboeke) om te gaan, met ander woorde taalervaring en –gebrek?
 - Gebruikersprofiel: *wie* gaan die woordeboek gebruik?
 - Gebruiksituasie: *waarvoor* gaan bogenoemde die woordeboek gebruik?

Soos reeds genoem, is enige woordeboek veronderstel om 'n gebruikersgerigte teks te wees wat die gebruikers daarvan duidelik kan lei na die data daarin vervat. Anders gestel: die soektog na inligting binne die woordeboek moet suksesvol met behulp van die woordeboek as sodanig deurgevoer word. Daar is verskeie “instrumente” wat die leksikograaf tot sy/haar beskikking het ten einde die toegangstruktuur van sy/haar woordeboek te verhoog. Een hiervan is die toeligtingsteks.

² Hierdie vraag kom veral ter sprake in die geval van die samestelling van vakwoordeboeke.

2.2 Die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende toeligtinsteks in 'n gebruikersgerigte woordeboek

Die toeligtinsteks van enige woordeboek vorm 'n verpligte en integrale deel van daardie woordeboek. Dit is immers hierdie teks wat aan die leksikograaf die geleentheid bied om dadelik aan te dui wie die teikengebruiker is asook wat die hoof funksie van die betrokke woordeboek is.

What are the compiler's [lexicographer's] *aims and purposes* as stated in the ... prefaces ... and *which kind of user* do [does] they [he/she] have in mind? (Kursief deur my, IB) Pöhl (1989: 130)

'n Baie belangrike punt wat so dikwels nie in ag geneem word nie is dat al mag die manier waarop data in die betrokke woordeboek aangebied word ook hoe eenvoudig vir die leksikograaf voorkom, dit van die uiterste belang is dat hy/sy steeds aan die toekomstige gebruiker 'n presiese en gedetailleerde dog eenvoudige uiteensetting/verduideliking gee van hoe om met die woordeboek om te gaan ten einde optimale inligtingsonttrekking daaruit te verseker.

Voldoende leiding moet in die toeligtende aantekeninge oor die ontsluit van inligting aan die gebruiker verskaf word. Dit sluit die verduideliking van die werking van die toegangstrukture van die woordeboek in.

Fouché-Van der Merwe (1999: 178)

Die leksikograaf mag nooit staat maak op sy/haar gebruikers se intuïsie nie of enige aannames maak ten opsigte van hulle kennis, taalvaardighede, ensovoorts nie.

En dit is juis bogenoemde aspekte waarop daar nie altyd gelet word tydens die samestelling van 'n woordeboek se toeligtinsteks nie. Die meeste leksikograwe is geneig om 'n sekere vlak van naslaanvaardighede sowel as kennis ten opsigte van 'n betrokke vakgebied (in die geval van vakwoordeboeke) en selfs ten opsigte van vertroudheid met die tale waarin die woordeboek geskryf is, aan te neem.

Ter regverdiging van hierdie skynbaar onredelike uitlatings wat so pas teen leksikograwe oor die algemeen gemaak is, word daar in hierdie tesis spesifiek na die

vertaler (as gebruiker) verwys en laasgenoemde se spesifieke behoeftes en algemene ervarings ten opsigte van beskikbare algemene sowel as vakwoordeboeke. Wanneer 'n vertaler 'n sekere woordeboek nader, verwag hy/sy om kommunikatiewe inligting of kennisgerigte inligting (of dalk beide) daarin te vind? Hy/sy is op soek na inligting wat hom/haar sal help om 'n woord beter te verstaan of hy/sy wil inligting hê wat kan help om daardie woord korrek binne konteks toe te pas en te gebruik.

Die strukture van verskillende woordeboeke word ook ondersoek ten einde 'n aanduiding te gee van hoe die samestelling van laasgenoemde in die behoeftes van vertalers, as spesifieke gebruikersgroep, kan voldoen al dan nie.

2.3 Leksikografiese funksies: algemene opmerkings

Wanneer 'n mens weet wie die gebruikersgroep van 'n spesifieke woordeboek gaan wees asook wat hulle karaktereienskappe, die gebruiksituasies en die behoeftes van hierdie gebruikers hoofsaaklik is, kan 'n mens die sogenaamde *leksikografiese funksies* van daardie woordeboek bepaal.

A lexicographic function can be defined as “the endeavour and ability of the dictionary to cover the complex of needs that arises in the user in a particular user situation ...”

Tarp (2000: 196)

'n Baie belangrike vraag wat die leksikograaf altyd in gedagte moet hou ten opsigte van woordeboekfunksies, is naamlik of die gebruiker die betrokke woordeboek gaan benodig bloot om 'n teks te verstaan, of sal hy/sy ook teks moet produseer. Dus: beplan hy/sy om passief of aktief met die betrokke woordeboek om te gaan? Fouché-Van der Merwe (1999: 146) noem dat Kromann et al. (1991: 2720) van mening is dat

... hierdie onderskeid tussen aktiewe en passiewe woordeboekgebruik [verseker] dat die leksikografiese inligting gekies word en aangebied word op 'n wyse wat vir die gebruiker die meeste voordeel gaan inhou.

Op grond van bogenoemde vraag word daar tussen twee algemene tipes woordeboekfunksies onderskei, naamlik a) 'n kommunikatiefgerigte en b) 'n kennisgerigte funksie.

In die geval van (a) word daar 'n verdere onderskeid getref tussen enkoderende of teksproduksie- en dekoderende of teksresepsiefunksie. 'n Woordeboek met 'n enkoderende funksie is daarop gemik om die gebruiker te help om self aktief met die taal/tale, wat daarin ter sprake kom, om te gaan. Dit is dus 'n aktiewe woordeboek wat gerig is op teksproduksie.

In recent years the concepts of the active dictionary ... has regained prominence in discussions on bilingual lexicography ... The active dictionary can be briefly characterized as a bilingual dictionary intended specifically as an aid to encoding or text-*production* in the foreign language (and hence includes L1-L2 translation)...

Pöhl (1989: 129)

Dit is baie belangrik om te onthou dat, wanneer teksproduksie ter sprake is, daar nooit aan 'n leksikale item in isolasie gedink moet word nie. Deur hierdie tipe leiding, in die vorm van onder andere konteks- en koteksleiding, glosse, kollokasies, kombinasies, ostensiewe adressering, ensovoorts, in sy/haar woordeboek in te sluit, help die leksikograaf sy/haar gebruikers om aktief met die taal/tale om te gaan: die geïsoleerde woord word binne die taalsisteem geplaas en die gebruiker kry dus 'n beter idee van die woord se gebruik in 'n breër kontekstuele verband en ruimte. Dit is dus verder belangrik dat die leksikograaf liefers gebruik sal maak van voorbeelde wat vir die betrokke taal/tale ter sprake as tipies, werklik en natuurlik beskou word.

Dekoderende woordeboeke se hoofdoel is naamlik om die gebruiker daartoe in staat te stel om slegs die taal te interpreteer. Dit gaan hier dus eerder om teksbegrip en die woordeboek vervul 'n veel meer passiewe rol.

Die funksie van kennisgerigte woordeboeke blyk eintlik duidelik uit die naam van die woordeboek na vore te kom. Sulke woordeboeke het die hoofdoel om aan die gebruiker daardie tipe (en hoeveelheid) inligting weer te gee wat hom/haar sal help om 'n spesifieke woord/begrip beter te kan verstaan of om meer/bykomende inligting

oor byvoorbeeld aspekte soos die doelkultuur en wat 'n spesifieke woord binne daardie kultuur beteken, te kry. Alhoewel hy/sy dus reeds die betekenis van die betrokke woord ken, kan dit gebeur dat hy/sy dalk net meer inligting (dus kennis) aangaande die spesifieke konsep verlang. Laasgenoemde kan veral die geval wees waar kultuurverskille 'n rol speel. Vervolgens word data oor 'n betrokke kultuur en doeltaal asook ensiklopediese data, meer spesifiek data oor 'n ander vakgebied/onderwerp, verstrek. Dit is van kardinale belang dat hierdie bykomende data te alle tye eenhonderd persent korrek en akkuraat moet wees.³

Voordat daar vasgestel kan word wat die werklike funksie(s)⁴ van 'n woordeboek is, is dit eers nodig vir die leksikograaf om presies te weet wie sy/haar teikengebruikersgroep hoofsaaklik is en wat hulle spesifieke behoeftes ten opsigte van die inligting in die woordeboek is. In die geval van 'n gebied soos vertaling, byvoorbeeld, is dit belangrik dat die woordeboek wat geraadpleeg word nie net die vertaler sal help met teksbegrip en uiteindelik teksproduksie nie, maar ook met die daarstelling van suksesvolle kommunikasie, naamlik tussen bronteks- en doeltaallezer. Daar word dus nie net van so 'n woordeboek verwag om 'n kommunikatiefgerigte funksie (wat beide dekoderende en enkoderende eienskappe insluit) te vervul nie, maar ook om 'n kennisgerigte rol te speel. In so 'n geval is dit noodsaaklik dat die leksikograaf geweldig baie (en natuurlik toepaslike) gebruiksleiding⁵ aan sy/haar gebruikers verskaf. Terselfdertyd is die vertaling vanuit moeder- na vreemde taal en van vreemde taal na moedertaal ook twee baie belangrike fokuspeunte in kommunikasiefunksies.

2.4 Vertalende woordeboeke: die invloed van funksie op samestelling

Wanneer 'n woordeboek se primêre funksie hoofsaaklik teksproduksie is, sal daar outomaties van die leksikograaf verwag word om van meer mikrostrukturele inskrywings (met ander woorde kollokasies, illustrasies, ensovoorts) gebruik te maak. Die datadigtheid sal in so 'n geval outomaties relatief hoog wees, wat beteken dat

³ Sien 5.2 vir meer spesifieke voorbeelde hiervan.

⁴ 'n Woordeboek kan natuurlik tegelykertyd meer as een funksie verrig. Dit kan met ander woorde 'n kennisgerigte funksie verrig en terselfdertyd help met teksproduksie (enkoderend) en teksbegrip (dekoderend) en sodoende dus ook 'n bydrae lewer tot suksesvolle kommunikasie (kommunikatiefgerig).

⁵ Sien afdelings oor gebruiksleiding (hoofstuk 5) vir 'n meer volledige bespreking en praktiese voorbeelde hiervan.

daar as geheel minder lemmata in die woordeboek opgeneem sal kan word. In die geval van 'n woordeboek wat op teksbegrip gerig is, is die teenoorgestelde waar. Die gebruiker van so 'n woordeboek hoef slegs 'n spesifieke woord te verstaan – hy/sy hoef dit nie te gebruik nie. Die bewerking van die lemmata sal dus nie so uitgebreid wees nie. Die mikrostruktuur is kleiner, die datadigtheid veel laer en die makrostruktuur groter. Gevolglik kan daar veel meer lemmata vir bewerking in die woordboek opgeneem word. Dit behoort dus duidelik te wees dat die struktuur, by name die dataverspreidingstruktuur, van enige woordeboek in 'n groot mate deur die funksie(s) daarvan beïnvloed word.

Vertalende woordeboeke is geen uitsondering op die reël nie. Die behoeftes van die gebruikersgroep bepaal die funksie van die betrokke vertalende woordeboek en die funksie bepaal weer op sy beurt hoe daardie woordeboek se samestelling daar sal uitsien.

The main aim of a bilingual dictionary should not only be the establishment of a relation of semantic equivalence between source and target language, but also reaching communicative equivalence in the process.

Brand (2000: 3)

Die primêre funksie van vertalende woordeboeke is die verskaffing/daarstelling van gepaste vertaalekwivalente in die doeltaal vir spesifieke brontaalitems wat as lemmas in die makrostruktuur van die woordeboek opgeneem word. Vertalende woordeboeke moet leksikale items van een taal op só 'n wyse met leksikale items van 'n ander taal koördineer dat sintagmatiese en semantiese konteksvaslegging bewerkstellig word en dat die gebruiker op sy/haar eie die linguistiese inligting kan toepas (Mallo, 1996: 93). As gevolg van hierdie funksie, is dit dus nie voldoende vir 'n vertalende woordeboek om bloot 'n lys vertaalekwivalente weer te gee nie. Die leksikograaf moet te alle tye kommunikatiewe sukses nastreef en laasgenoemde kan slegs ten volle bereik word indien hy/sy die gegewe vertaalekwivalente van die regte tipe en hoeveelheid bykomende data voorsien soos wat deur daardie spesifieke woordeboek se funksie vereis word.

2.5 Ten slotte

Volgens Gouws (2004: 21) word daar oor die algemeen verkeerdelik aangevoer dat die funksie van teksproduksie die leksikograaf dwing om data oor taalgebruik daar te stel terwyl woordeboeke, wat gemik is op teksresepsie, hoofsaaklik op die erkenning en die konsekwente begrip van die leksikale item (wat deur die lemmateken voorgestel word) fokus. Suksesvolle teksresepsie is egter nie beperk tot die opsporing van 'n relevante lemmateken of die vertaalekwivalent wat daarmee gepaardgaan nie. Dit is belangrik om in hierdie verband te onthou dat woorde nie in isolasie gebruik word nie, maar eerder in kombinasie en vervolgens behoort teksresepsie nie as woordresepsie beskou te word nie.

This implies that the comment on semantics becomes a search zone where data could and should be presented in such a way that dictionary users can have access to language as it is typically used in day to day written and oral communication ... Lexicographers have to take a close look at the relevance of their cotext [and context] entries. Relevance should not only be determined by the degree of contrast between source and target language forms ... For both text reception and text production it is important to present relevant cotext [and context] entries and this relevance needs to be determined on different levels.

Gouws (2004: 21 en 22)

HOOFSTUK 3

KULTURELE ASPEKTE

3.1 Algemene opmerking

Met verloop van tyd het vertaalteoretici begin neig na 'n plasing van tekste binne spesifieke sosio-kulturele kontekste waar hierdie tekste 'n spesifieke en unieke funksie (sal) vervul. Die klem verskuif dus na die tussenverhouding wat bestaan tussen die sintaktiese, semantiese en pragmatiese vlakke van tekste en meer aandag word gegee aan die feit dat vertalers altyd besig is om met 'n teks te werk wat in 'n spesifieke situasie en kultuur voorkom waar dit bedoel is om 'n spesifieke funksie te verrig (Schäffner, 1997: 5). Tekste word in der waarheid nie meer beskou as onafhanklike linguistiese uitinge nie, maar eerder as deel van die sosio-kultuur en konteks waarbinne dit funksioneer.

Hatim en Mason beweer verder dat vertaling nie meer 'n statiese, suiwer linguistiese proses is nie, maar eerder 'n kommunikatiewe een wat plaasvind binne 'n spesifieke sosio-kulturele konteks. Hulle merk op dat "... translation operates on utterances, on language use rather than the language system; and utterances are produced and exchanged by individuals in particular environments and for certain purposes ..."

(Hermans, 1994: 13). En dit is juis hierdie sosio-kulturele konteks wat nie net implikasies vir die vertaler nie, maar ook vir die leksikograaf inhou.

3.2 Die rol en verantwoordelikheid van die leksikografie ten opsigte van transkulturele vertaling

A dictionary can ... be a valuable instrument to reflect something about the culture of that speech community ... Lexicographers compiling dictionaries to be used in a multilingual and multicultural environment are faced with additional challenges because their dictionaries are not only regarded as containers of linguistic knowledge ... but also as sources of pragmatic and cultural data ...

Gouws (2002b: 54 en 56)

Die vertaalproses word oor die algemeen beskou as 'n handeling van kommunikasie waartydens daar van die vertaler verwag word om linguistiese sowel as kulturele grense en perke te oorkom. Hiervolgens is die sogenaamde ideale vertaler nie net tweetalig nie, maar selfs ook bi-kultureel (Šarčević, 1989: 211). Maar die meeste vertalers voldoen ongelukkig nie aan hierdie vereiste nie en is vervolgens steeds baie afhanklik van woordeboeke.

Wanneer bogenoemde in ag geneem word, behoort dit duidelik te blyk dat die kulturele faktor ook een van die leksikograaf van 'n tweetalige woordeboek se grootste probleme is. So byvoorbeeld gebeur dit dikwels dat die leksikograaf te doen kry met 'n kultuurgebonde begrip/term in die brontaal waarvoor daar nie 'n vertaalekwivalent in die doeltaal bestaan nie⁶. Sulke kultuurgebonde begrippe kom gewoonlik ter sprake wanneer daar na aspekte verwys word wat tipies en eie aan die bronkultuur is, byvoorbeeld tipiese geregte of kos, kleredrag, sportsoorte, geloofsaspekte, volkskunde, opvoeding, en selfs ook die ekonomiese, politiese en wettige lewenstyl (Bugarški, 1985: 159). Omdat tweetalige woordeboeke, wat vir vertaaldoeleindes gebruik word, oor die algemeen beskou word as linguistiese instrumente wat die vertaler moet help tydens die samestelling en skep van tekste in die doeltaal, word dit algemeen aanvaar dat die hoofdoel van hierdie tipe woordeboeke se leksikograaf naamlik is om vertaalekwivalente daar te stel wat die vertaler eenvoudig in sy/haar vertaling kan gebruik/insluit. Dit is egter glad nie die geval nie. Ten einde werklik bruikbaar en nuttig te wees, is dit van kardinale belang dat vertaalekwivalente binne tweetalige/vertalende woordeboeke van 'n informatiewe aard moet wees en vervolgens die brontaal se betekenis op so 'n manier oordra dat dit vir doeltaalgebruikers verstaanbaar sal wees (Šarčević, 1989: 212).

Die vraag wat nou na vore tree, is: hoe kan die leksikograaf te werk gaan en watter opsies het hy/sy ten einde hierdie kultuurgebonde items suksesvol te kan hanteer? Volgens Šarčević (1989: 212 – 214) is daar twee moontlike maniere waarop sulke terme en begrippe hanteer kan word, naamlik a) deur uit die brontaal te leen of deur die brontaalitem in die doeltaal te naturaliseer of b) deur gebruik te maak van letterlike vertaalekwivalente. Maar voordat hierdie moontlikhede bespreek word, is dit eers belangrik dat daar gekyk word na hoe 'n woordeboek (veral woordeboeke waarin die kulturele kwessie relatief groot is as gevolg van 'n aansienlike gaping

⁶ Hierdie verskynsel staan ook beter bekend as referensiële gapings. Sien 5.1 vir meer inligting hieroor.

tussen die bron- en die doelkultuur) se struktuur daar kan (moet) uitsien ten einde optimale (kulturele) inligtingsonttrekking en uiteindelik effektiewe kommunikasie tussen die bron- en die doelkultuur deur middel van die vertaler te verseker.

3.3 Woordeboekstrukture wat werk

The traditional approach to dictionaries, i.e. a focus almost exclusively on the central list and a treatment characterised by a strong linguistic bias often impeded a proper transfer of cultural information ...

Gouws (2002b: 57)

Vandag word die sentrale lys van 'n woordeboek (vertalend óf verklarend) nie meer as die enigste plek waar data of leksikografiese tekste kan verskyn, beskou nie (Gouws, 2002b: 55). Die tyd het aangebreek vir leksikograwe om te begin eksperimenteer met dit wat Bergenholtz en Tarp (1995: 188) *woordeboekstrukture* noem. Laasgenoemde verwys onder meer na die verhouding tussen woordeboekkomponente. Volgens Bergenholtz en Tarp is daar verskillende soorte woordeboekstrukture, onder andere *verspreidingstrukture*. Volgens Gouws (2002b: 55) het Bergenholtz, Tarp en Wiegand (1999: 1778) hierdie benadering verder verbreed en sogenaamde *dataverspreidingstrukture* bekendgestel. Hierdie tipe struktuur is die struktuur van 'n woordeboek wat sal bepaal hoe die tipes data in daardie woordeboek voorgestel word en ook hoe die verskillende tekste in die woordeboek geplaas word (Gouws, 2002b: 55).

An optimal utilisation of a frame structure allows the lexicographer a much more diverse approach to the data distribution and the types of texts to prevail in a dictionary ...

Gouws (2002b: 57)

Daar is natuurlik nie net een vaste manier waarop hierdie tipes strukture saamgestel behoort te wees nie en die leksikograaf moet beseft dat 'n bietjie eksperimentering en die uiteindelijke effektiewe toepassing van verspreidingstrukture as geheel tot voordeel van sy/haar woordeboek kan lei; veral wat kulturele data-kwessies aanbetref:

One data type which can benefit a lot from the more sophisticated structural possibilities is cultural data ...

Gouws (2002b: 56)

3.4 Buiteteks en sentrale lys: 'n aanvullende verhouding

Soos reeds meer as een keer in hierdie tesis beklemtoon is, bepaal die behoeftes van die gebruikersgroep 'n woordeboek se funksie: of die hoof funksie kommunikatief- of kennisgerig (of albei) sal wees. Die funksie sal weer op sy beurt bepaal hoeveel en ook watter data in die woordeboek ingesluit moet word. Laasgenoemde is van uiterste belang in die geval van 'n tweetalige woordeboek wat in 'n multi-kulturele omgewing gebruik gaan word – vir beide kommunikatief- en kennisgerigte woordeboeke.

The selection, inclusion and treatment of this type of lexicographic data needs a much more comprehensive account ... the inclusion of data of a cultural nature is relevant to both the communication-directed and the knowledge-directed functions.

Gouws (2002b: 56 en 57)

Wanneer die gebruikers van 'n betrokke vertalende woordeboek nie bekend is met die kultuur van die doeltaalsprekers nie en die woordeboek ter wille van teksproduksie wil gebruik, is dit belangrik dat die manier waarop kulturele data aangebied en bewerk, word die kwaliteit van kommunikasie in daardie taal sal verbeter. Terselfdertyd moet die aanbieding van kulturele data ook die gebruiker daarmee help om sy/haar kennis oor die spesifieke onderwerp uit te brei (Gouws, 2002b: 57).

Een manier waarop die leksikograaf meer kulturele data vir 'n relatief oningeligte gebruiker in sy woordeboek kan insluit, is deur gebruik te maak van 'n buitetekst in die agtertekst-afdeling wat volg op die sentrale lys. In hierdie lys word dan 'n paar omskrywings van die belangrikste begrippe of terme, wat nie volledig genoeg in die sentrale lys uitgebrei kon word nie, gegee. Dit is natuurlik ook belangrik dat die leksikograaf die regte hoeveelheid bykomende data in hierdie buitetekst opneem:

The data accommodated in a dictionary should be given in response to the needs of the users ... Where major differences prevail in the culture of the speech communities of two different languages, a bilingual dictionary dealing with these two languages should pay more attention to the inclusion and treatment of cultural data than is the case in a dictionary with languages displaying closely-related cultures ... careful attention should be given to the selection and inclusion of cultural data ...

(Gouws, 2002b: 59)

Kyk na die volgende voorbeeld ter illustrasie van hierdie stelling:

tikolosh(e): tokkelos(sie) (TW)

u · thikoloshe: ...tokkelossie; sien Add 22 ... (GDX)

Add 22, bl. 716: **Die tokkelos of tokkelossie**

Half-bonatuurlike wese in die vorm van 'n elf ... (uitgebreide paragraaf wat bykomende kulturele inligting aangaande hierdie kultuurgebonde begrip aan die oningeligte gebruiker verskaf).

Dit behoort baie duidelik te wees watter een van bogenoemde tot veel groter waarde vir 'n oningeligte Afrikaanse gebruiker (soos in hierdie geval 'n vertaler in opleiding) sal wees wat met hierdie Xhosa-begrip in aanraking kom. Dus, die samestelling van so 'n buiteteks en ook die interaksie tussen laasgenoemde en die sentrale lys kan, mits dit korrek hanteer word, lei tot veel beter toegang tot die kulturele data wat in daardie woordeboek vervat is (Gouws, 2002b: 56).

3.5 Leenwoorde en naturalisering

Kyk na die volgende voorbeeld:

rodeo (eng.): rodeo (TW)

Soms is leksikograwe geneig om brontaalitems wat afkomstig is uit 'n alombekende wêreldtaal net so in die doeltaal oor te neem (te leen) aangesien hulle onder die indruk is dat doeltaalgebruikers (byvoorbeeld vertalers) bekend sal wees/is met die taal en

kultuur van die betrokke brontaal. Vertalers maak dikwels gebruik van sulke leenwoorde en naturaliserings. Ten spyte hiervan is dit belangrik om die volgende ten opsigte van hierdie tendens te onthou:

... they [translators] certainly do not consult a bilingual dictionary to see if the lexicographer has authorized their usage. If they do turn to a bilingual dictionary, it is in the hope of finding a suitable translation equivalent and /or ... relevant information on the culture-bound term ...

Šarčević (1989: 213)

Leksikograwe wat hierdie uitweg as ekwivalentopsie vir kultuurgebonde terme kies, maak die baie gevaarlike aanname dat die vertaler(s) reeds vertrou en bekend is met die onderskeidende kenmerke van die brontaalterm. Indien die vertaler nie hiermee vertrou is nie, sal die ekwivalent nie informatief van aard wees nie en dus eintlik van geen nut vir die vertaler wees nie (Šarčević, 1989: 213). Wanneer 'n term nie 'n visuele beeld by die vertaler (of ander gebruikers) wek nie, kan hy/sy tog nie 'n assosiasie daarmee maak of dit koppel aan iets soortgelyks in hulle eie kultuur en omgewing nie en kan die begrip vervolgens nie in 'n kontekstuele verband gelê word nie. Laasgenoemde maak van enige vertaling 'n onbegonne taak. Indien die leksikograaf wel besluit om voort te gaan met hierdie tegniek, is dit van uiterste belang dat daar ten minste 'n glos bygevoeg word (Šarčević, 1989: 214).

3.6 Letterlike ekwivalente⁷

Assuming that TL users are familiar with neither their [SL] language nor [their] culture, they [lexicographers] tend to use literal equivalents, often going to the extreme of creating lexical units in the TL which are not “real” ...

Šarčević (1989: 212)

Vertalers word oor die algemeen sterk afgeraai om van letterlike ekwivalente gebruik te maak. Volgens Nida (1975: 67) moet die oorspronklike brontaalitem vertaal word

⁷Verwys terug na die voorbeeld wat in 3.4 gegee word (**tokkelos**) ter illustrasie hiervan.

met 'n item wat op kulturele vlak so na moontlik daaraan verwant is. Vertalers word dus aangeraai om 'n kulturele eerder as 'n letterlike ekwivalent te gebruik. Leksikograwe, aan die ander kant, maak dikwels gebruik van laasgenoemde vertaalekwivalente aangesien hulle neutraal van aard is en in soveel kontekste moontlik gebruik kan word. Letterlike ekwivalente word veral aangetref in ekonomiese, regs- en administratiewe tekste wat tipies aan die bronkultuur is, juis as gevolg van die neutrale aard daarvan (Šarčević, 1989: 214).

Leksikograwe is egter baie gesteld daarop dat letterlike ekwivalente te alle tye grammaties aanvaarbaar moet wees en ook nie absurd/vreemd moet klink nie. As 'n reël word sulke ekwivalente ook net aanvaar indien die bronterm semanties gemotiveer of deursigtig is. Indien dit deursigtig genoeg is, sal dit selfs aan die doeltaalgebruiker, wat nie bekend met die bronitem is nie, 'n algemene idee van die betekenis kan gee. Anders gestel: selfs al is die instelling vir die doeltaalgebruiker (die vertaler, in hierdie geval) onbekend, sal hy/sy steeds, deur die letterlike ekwivalent met 'n soortgelyke instelling in sy/haar eie samelewing te assosieer, 'n relatiewe begrip daarvoor kweek. Indien geen assosiasie gemaak kan word nie, sê die term eintlik niks vir die doeltaalgebruiker nie en het so 'n term eintlik geen ander betekenis in die doeltaal anders as om bloot as 'n middel te dien waarby die bronterm geïdentifiseer kan word nie: "If there is no equivalent on the conceptual level, there can be none on the linguistic either." (Šarčević, 1989: 215).

Ten spyte van die bogenoemde is leksikograwe steeds van mening dat nuwe ekwivalente as 't ware geskep word deur van leenwoorde in die doeltaal gebruik te maak. Laasgenoemde kan 'n moontlike oplossing wees vir die voorkoms van semantiese (Zgusta, 1971: 306) en leksikale gapings⁸. Verder kan ook gesê word dat die gebruik van leenwoorde of naturaliserings en selfs letterlike ekwivalente die maklike uitweg vir die leksikograaf is. Maar indien hulle wil hê dat hulle ekwivalente nuttig gebruik moet word, is dit hulle plig om daarvoor te sorg dat alle ekwivalente wat nie behoorlik deur doeltaalgebruikers verstaan word nie, verduidelik moet word. Een manier om laasgenoemde te doen, is deur die taal effens te rek ("stretch") deur middel van die daarstelling van bykomende inligting in die vorm van glosse, verduidelikings en definisies⁹, prente, illustrasies en grafieke¹⁰ (Šarčević, 1989: 216).

⁸ Sien 5.1 vir 'n meer volledige bespreking hiervan.

⁹ Afdeling 5.2 verskaf meer inligting oor addisionele verduidelikings, definisies, ensovoorts.

Baie belangrik in hierdie opsig, is die volgende opmerking wat Šarčević (1989: 216) maak:

... lexicographers must guard against “stretching” language too far when selecting a primary translation equivalent ... The amount of additional information will depend on the linguistic and cultural diversity of the language in question.

3.7 Ten slotte

Die leksikograaf van 'n tweetalige woordeboek moet te alle tye daarna streef om die bronkultuur se kultuurgebonde terme/begrippe met informatiewe vertaalekwivalente te vervang. Daar moet wegbeweeg word van die veronderstelling dat vertalers tevrede sal wees met slegs die vertaalekwivalent – veral in die geval van transkulturele vertalings. Bykomende kulturele inligting is vir enige veraler van die uiterste belang en waarde mits hierdie inskrywings hom/haar sal help om beide die linguistiese en die kulturele afstand tussen bron- en doeltaal te oorkom.

Differences between languages and cultures (and their human carriers) are here to stay for quite a while, the relative status of languages and cultures may remain uneven, the drift towards the great world languages will continue. All this has a direct bearing on translation and lexicography and their mutual relationships. Indeed, the two fields have a special responsibility for describing and reducing interlingual contrasts and thus helping more people cross the language barrier.

Hartmann (1989: 18)

¹⁰ Sien 5.2 (gedeelte oor adressering, 5.2.4 – 5.2.6) vir volledige bespreking van die funksie wat illustrasies, ensovoorts in tweetalige woordeboeke kan vervul.

HOOFSTUK 4

MAKROSTRUKTURELE ASPEKTE: NIS- EN NESORDENING

4.1 Die makrostruktuur van 'n woordeboek

Volgens Geeraerts berus dit by die leksikograaf om te kies watter leksikonelemente hy/sy as lemmas in sy woordeboek gaan opneem (Gouws, 1989: 58). Hierdie keuse van leksikonitems sal uiteindelik die makrostruktuur van die woordeboek vorm. Buiten hierdie keuse van leksikale items, is dit veral die aanbieding van hierdie makrostrukturelemente wat vir die gebruiker van 'n bepaalde woordeboek ter sake is. Indien die leksikograaf nie daarin slaag om data op so 'n manier aan te bied dat dit maklike en vinnige inligtingsonttrekking uit die woordeboek bevorder nie, is die waarskynlikheid groot dat die woordeboek aansienlik minder doeltreffend en bruikbaar sal wees.

Vervolgens word daar aandag gegee aan een aspek van makrostrukturele ordening, te wete die benutting van nes- en nisordening. Aan die einde van die bespreking behoort dit ook duidelik te wees tot in watter mate die toepassing daarvan (hetsy korrek of verkeerd) die deursneevertaler kan beïnvloed.

4.2 Nis- en nesordening as makrostrukturele ordeningstipes

Omdat woordeboeke as praktiese gebruiksinstrumente beskou word, is daar al hoe meer aspekte wat in ag geneem moet word wanneer die woordeboek se samestelling beplan word. Buiten aspekte soos die spesifieke teikengebruikers en hulle spesifieke behoeftes, moet die leksikograaf ook weet en in gedagte hou hoe vertrouwd die gebruikers is met die taal/tale waarin die woordeboek geskryf is. Is die gebruikers moedertaal- of vreemdetaalsprekers? Daar vind 'n tipe klemverskuiwing plaas: dit is nie net die inhoud nie, maar ook die struktuur van die woordeboek wat belangrik raak. Dit gaan nie meer net oor *wat* in die woordeboek geplaas word nie, maar ook oor *hoe* dit gedoen word. Die uitleg en raamstruktuur het 'n baie belangrike invloed op die toegang tot die data en dit is die samestelling van die mikro- en makrostrukture wat in die grootste mate sal bepaal of die woordeboek op die ou end toeganklik vir die gebruiker daarvan sal wees al dan nie. Laasgenoemde geld dan veral ook vir die

vertaler, aangesien sy/haar taak óf vergemaklik óf bemoeilik kan word deur die manier waarop die leksikograaf leksikale items in sy woordeboek aanbied.

Die verskynsels van nisting en nesting is twee makrostrukturele tipes wat die leksikograaf tot sy beskikking het om die onttrekking van inligting uit vertalende woordeboeke te vergemaklik. Maar die verkeerde toepassing van hierdie ordeningstipes kan natuurlik ook die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê.

4.3 Algemene opmerkings aangaande nis- en nesordening

Binne die makrostruktuur van 'n woordeboek kan 'n duidelike onderskeid getref word tussen die hooflemmata (wat vertikaal georden word) en sublemmata (wat horisontaal georden word). 'n Verdere onderskeid kan in die kategorie van sublemmata getref word, naamlik nes- en nislemmatisering.

Deur die sublemmata binne 'n teksblok (soos in die geval van nisting en nesting) in plaas van liniêr saam te orden, kan die leksikograaf baie plek in sy/haar woordboek bespaar. As gevolg van hierdie eienskap word nisting en nesting ook beskou as vorms van teksverdigting, alhoewel alle prosedures van nis- en nesordening nie dieselfde graad van teksverdigting verteenwoordig nie (Gouws, 2002c: 134).

Die aard en hooffunksie van 'n woordeboek, die teikengebruiker en ook laasgenoemde se naslaanvaardighede bepaal grotendeels hoe die makrostruktuur (insluitende die mate waartoe nes- en nislemmatisering sal bydra tot teksverdigting) daar sal uitsien.

4.4 Nesordening

Die groepering van hoof- en sublemmata in 'n minder streng alfabetiese volgorde, staan bekend as nesordening. By hierdie tipe makrostruktuurtype word daar tussen twee groeperingsmoontlikhede van sublemmata onderskei: a) daardie tipe ordening waar 'n streng alfabetiese ordening binne die horisontale ordening en met betrekking tot die daaropvolgende hooflemma voorkom en b) daardie ordening waar daar 'n definitiewe afwyking van alfabetiese volgorde voorkom. Hierdie afwyking kan intern

of ekstern plaasvind. 'n Eksterne afwyking in alfabetiese orde impliseer dat die sublemmata, wat in die nes ingesluit is, nie inpas by die alfabetiese omgewing wat deur die voorafgaande en volgende hooflemma daargestel word nie. (Dit pas nie in binne die alfabetiese raamwerk wat deur die voorafgaande en volgende lemmata gevorm word nie). (Gouws, 2002c:135)

Die volgende eenvoudige voorbeeld uit **TW** verduidelik die bogenoemde stelling:

kou: *e*, n. (1) cage; in... ~**voël(tjie)** cage-bird.

kou: n. (2) cold, ... ~**water** ...

kou: *ge* chew... ~**vlak** ...

In hierdie geval lei die nesting eerder tot 'n blok van sublemmata wat alfabeties teenoor die nesinganglemma, met ander woorde daardie spesifieke teksblok se hooflemma, en mekaar staan. Maar daar kom ten minste een sublemma in so 'n blok voor wat die alfabetiese skakel met die volgende hooflemma breek/versteur (Gouws, 2002c: 135). In die geval van die gegewe voorbeeld word die alfabetiese ordening versteur waar **kou ... ~water** (wat alfabeties op **kou ~voëltjie** volg) gevolg word deur die daaropvolgende inganglemma, **kou**. So 'n verskynsel, waar die sublemmata intern (binne die nesisie) alfabeties georden en behandel word, maar nie op eksterne vlak nie (ten opsigte van die volgende nesinganglemma), word eerstevlakse nesting genoem (Gouws, 2002c: 135).

Teenoor eerstevlakse nesting kry ons die sogenaamde tweedevlakse nesting. In hierdie geval vind die afwyking (tussen die lemmata in die kluster) plaas binne die nes, met ander woorde op 'n interne vlak.

4.5 Nisordening

Die term nisting (of nisordening) verwys na die streng alfabetiese groepering van die verskillende sublemmata binne artikelreekse. Semantiese verwantskap is nie hier ter sprake nie. Hierdie streng alfabetiese ordening van sublemmata, wat die kenmerkendste eienskap van nisting is, kom op 'n interne sowel as 'n eksterne vlak voor. Met ander woorde nie net tussen sublemmata binne die nesisie (in die teksblok

geheg aan die artikel van 'n betrokke hooflemma) self nie, maar ook tussen die sublemmata (binne die nis gegroepeer) en die daaropvolgende hooflemma.

Daar word hoofsaaklik tussen twee hoofkategorieë van nisting onderskei, naamlik enkelnisting en veelvoudige nisting.

4.5.1 Enkelnisting

Hierdie tipe nisting word aangetref wanneer daar 'n hele "blok" van alfabeties geordende sublemmata (waarmee 'n nisinganglemma moontlik kan verbind) as een reeks semanties ongeorden binne 'n enkele nis (in een teksblok) geplaas en aan die artikel van 'n hooflemma geheg word. Die hooflemma van die betrokke artikels/teksblokke tree telkens op as die gemeenskaplike eerste komponent waarmee die sublemmata kan verbind.

Die volgende eenvoudige voorbeeld uit **GW** illustreer die bogenoemde:

veel om van dood te gaan, live on the ragged edge of nothing; live on the breadline; van *NIKS* ~ *nie*, live on nothing; *volgens jou OORTUIGING* ~, live up (according) to one's convictions; *lank lewe die REPUBLIEK*, viva (long live) the Republic; *die TUIN* ~ *van die miere*, the garden is teeming with ants; *wie dan* ~, *wie dan SORG*, sufficient unto the day is the evil thereof; don't anticipate the evil day; ~ *baar*, (. . .bare), reasonable, bearable, fair, not too bad; ~ *reël*, rule of life, regimen, diet; ~ *ruimte*, living space; ~ *tog*, victuals, provisions, subsistence.

leef tyd, lifetime, time of life, age; date; *mense van GEVORDERDE (hoë)* ~, people of advanced years; *op MIDDELBARE* ~, in middle life; *OP die* ~, at that age; *iem. OP* ~, a man of years; ~ *sgrams*, age-limit; ~ *sgroep*, age-group.

leef wyse, manner of living (life).

leeg, (leë; leër, -ste), empty, inane, void, vacant; added; blank; *leë BOULBEURT (kr.)*, maiden over; *my VULPEN is* ~, my fountain-pen has run dry; ~ *drink*, (-ge-), drain, drink off, empty (by drinking); ~ *eet*, (-geëet), eat all the contents (of); ~ *gewig*, empty weight; ~ *heid*, emptiness; ~ *hoof*, (-de), empty-headed fellow, nitwit; ~ *hoofdig*, (-e), empty-headed; ~ *le*, (-ge-), loaf, idle, laze; ~ *leër*, idler, do-nothing, loafer; remittance man; ~ *leërig*, (-e), otiose, inclined to be lazy; ~ *leëry*, loafing, idling; ~ *loop*, (-ge-), idle, loaf; run out (water from cask); empty; become empty (theatre); *laat* ~ *loop*, drain off, empty; ~ *loper*, idler, loafer, loiterer, do-nothing; ~ *lopery*, loafing, vagabondage; ~ *maak*, (-ge-), empty; gut; clear, evacuate; ~ *piunder*, (-ge-), rifle, loot; ~ *pomp*, (-ge-), pump dry; exhaust; ~ *skep*, (-ge-), scoop dry; ~ *skud*, (-ge-), shake out the contents of; ~ *staan*, (-ge-), be empty, be unoccupied; ~ *steel*, (-ge-), rifle, loot; ~ *te*, emptiness, void; inanition, inanity; see also *laagte*.

leek, (leke), layman, laic, lay person; dilettante.

leem, loam; ~ *agtig*, (-e), loamy; ~ *bank*, layer of loam; loam-pit.

leemet ford(geweer), Lee-Metford (rifle). .303.

leem' grond, loamy soil.

Hierdie aangehaalde voorbeeld verteenwoordig 'n relatief hoë graad van teksverdigting omrede die basislemma (**leeg**), waarmee elk van die sublemmata kan verbind, in 'n tipe verwyderde nisingangsposisie staan. Ten spyte hiervan behoort dit nie vir die gebruiker te moeilik te wees om te vind waarna hy/sy op soek is nie,

aangesien die volledige basislemma steeds in die nisingangsposisie staan en die artikelgrense nie oorskry word nie. Of, soos Gouws (2002c: 137) tereg sê:

... the clustering of complex words with a mutual first component is restricted to a single niche attached to the article introduced by the basis lemma ...

In die geval van veelvoudige nisting, is die teenoorgestelde dikwels waar.

4.5.2 Veelvoudige nisting

... niching in one partial article stretch, characterised by the repetitive occurrence of niches with the same lemma part operating in the niche external entrance position.

Gouws (2002c: 143)

Waar sublemmas (met 'n gemeenskaplike eerste stam) onderbreek word deur hooflemmas, lei dit tot die uiteenplasing van die sublemmagroepering in opeenvolgende, maar onderbroke, nisse. In so 'n geval het ons te doen met veelvoudige nisting. Sodra nisting oor verskillende kolomme (en selfs bladsye) strek, begin die gebruikers probleme ervaar met die soektog binne die woordeboek. Laasgenoemde is meestal die geval by veelvoudige nisting. Verder het hierdie makrostrukturele ordeningstipe 'n baie ingewikkelder vorm van teksverdigting wat dan ook die woordeboekgebruik bemoeilik.

Ons onderskei hoofsaaklik tussen twee verskillende tipes veelvoudige nisting:

4.5.2.1 Veelvoudige nisting binne 'n gedeeltelike artikelreeks wat semanties verwante lemmata insluit

Hierdie vorm van veelvoudige nisting word aangetref wanneer die verskillende hooflemmata, wat die nislemmata onderbreek, en hierdie hooflemma verwant is deurdat hulle gemeenskaplike eerste stamme het of deurdat die onderbrekende lemma

'n afleiding is met die betrokke leksikale item as stam. Kyk na die hantering van die lemma **huis** in Bylae 1 (uit **GW**) ter illustrasie van hierdie tipe nisordening.

Al die hooflemmata, in hierdie spesifieke voorbeeld, wat die eerste artikel van die hooflemma huis onderbreek, het op die een of ander manier te make met dieselfde betekeniswaarde van **huis**.

Hier oorheers die alfabetiese ordeningsbeginsel die morfologiese ordeningsbeginsel, en alle afleidings, samestellings, ensovoorts word slegs volgens hulle alfabetwaarde georden. Belangrik om hier te onthou, is dat daar wél 'n semantiese ooreenkoms tussen hierdie lemmata is. In hierdie geval kan dit voorkom asof dié spesifieke vorm van veelvoudige nisordening op 'n manier die gebruiker se soektog binne die woordeboekartikels vergemaklik omrede die verskillende verbindings en vorme van die hooflemma darem naastenby bymekaar voorkom - al is dit oor meer as een kolom en bladsy versprei.

Wanneer hierdie selfde tipe nisordening egter binne 'n vakwoordeboek aangetref word (waar die gebruiker heel waarskynlik onvertroud met die vakgebied en terminologie daarvan is), kan probleme dalk opduik. Kyk na die volgende voorbeeld uit **WAG** ter illustrasie van die laasgenoemde opmerking. Neem die artikel van die lemma **ektopie** (bl. 116):

ektopie: *ectopia* (G. *ektopos* verplaas) ...

ektopies: *ectopic* (G. *ektopos* verplaas). M.b.t. ektopie.

e. (-e) **ritme:** *e.rhythm*. Ritme met pasaangeër, buite die sinoatriële knoop.

e.)-e) **swangerskap:** *e.pregnancy*. Ekstra-uteriene swangerskap.

ektoplasma: ...

ektopotomie: ...

Dieselfde geld in die geval van die volgende voorbeeld, ook geneem uit **WAG** (bl. 116):

ekwator: *equator* (L. *aequus* gelyk) ...

e. van 'n sel: ...

ekwatoriaal: *equatorial*. M.b.t. ekwator of ewenaar.

ekwatoriale plaat: *e.plate ...*

ekwatoriale verdeling: *e.division ...*

ekwatoriale vlak van die oog: *e. plane of the eye ...*

ekwilibrasie: *equilibration ...*

Let op dat bogenoemde slegs ter illustrasie is van veelvoudige nisting binne 'n vakwoordeboek. Alhoewel die deursneevertaler dalk nie probleme sou ervaar met sy/haar soektog binne hierdie spesifieke artikels nie, sou dit dalk meer problematies kon wees indien hierdie artikels (wat as 't ware ingewikkelde data bevat) oor meer as een bladsy (selfs kolom) sou strek. Hoe langer 'n artikel binne 'n gespesialiseerde woordeboek, hoe groter is die waarskynlikheid dat die deursneevertaler iewers tydens die soektog verlore sal raak.

4.5.2.2 Veelvoudige nisting binne 'n gedeeltelike artikelreeks wat semanties nie- verwante lemmata insluit

In hierdie geval word die verskillende nisse met sublemmata wat 'n gemeenskaplike eerste stam het, onderbreek deur ander hooflemmata wat nie 'n semantiese verwantskap van enige aard met mekaar of met die basislemma/eerste lemma in die reeks van die veelvoudige nisse toon nie. Kyk na die artikels van **hand** (Bylae 2) en **hoof** (Bylae 3) in **GW** as voorbeeld hiervan.

Die artikel van **hand** strek oor ongeveer ses kolomme (twee bladsye). Veronderstel die gebruiker (die vertaler) is op soek na die verbinding **handwerktuig** en begin soek, vanselfsprekend, by die eerste teksblok wat **hand** as hooflemma het. Drie lemmas verder het hy/sy dit nog steeds nie opgespoor nie. Skielik verskyn die lemma **handel** gevolg deur **handeldryf** en later **handelsentrum** in die ingangsposisie (wat absoluut niks met **hand** van **handwerktuig** te doen het nie). Die volgende bladsy, sewende lemma van bo, vind ons weer **hand** as lemmadeel, maar selfs hier vind die gebruiker nie die verbinding nie. Die waarskynlikheid is groot dat die gebruiker die soektog net hier sal staak en nooit eens sover as die volgende kolom met artikelblokke sal bestudeer nie. Dieselfde geld in die geval van die hooflemma **hoof** wat ook oor ongeveer vier kolomme strek en onderbreek word deur semanties onverwante lemmata.

'n Moontlike oplossing vir hierdie probleem: vermy verkieslik enige vorm van veelvoudige nisting en wend eerder eerstevlaknesting óf selfs enkelnisting aan. Alhoewel dit 'n redelik uitgebreide/lang teksblok met 'n relatief hoë mate van teksverdigting tot gevolg sal hê, sal die gebruiker se soekroete ten minste beperk bly tot 'n enkele teksblok (en een bladsy, vir daardie onthalwe).

4.5.3 Uitsluitlik verwyderde veelvoudige nisting

Hierdie prosedure is basies dieselfde as dié van nisting wat in die vorige afdeling bepreek is. Maar, anders as by gewone veelvoudige nisting, is geeneen van die nisse, wat betrokke is in 'n gegewe veelvoudige nistingsprosedure, verbind aan die artikel van die basislemma nie. Anders gestel: die artikel van die basislemma word nie onmiddellik deur 'n nisblok gevolg nie. Die nisse word apart daarvan (in hul losstaande teksblokke) behandel, en elk word ingelei deur 'n lemmagedeelte wat in 'n lemma eksterne nisingangsposisie staan.

In **GW** kom dit heel dikwels voor:

kat, (-te), cat; ...

Hierdie teksblok eindig met die uitdrukking

so VRIENDELIK soos 'n ~, as amicable as a tiger.

Dan:

katabolie: ...

katabolisme: ...

En eers baie laer:

kat: ~bakkies...

Gevolg deur

kateder...

Eers op die volgende bladsy kom die laaste teksblok (en nissie) met **kat** as lemmadeel voor. Dieselfde probleem tree hier na vore: sodra die gebruiker nie die gevraagde lemma (sublemmatiese verbinding) in 'n nis geheg aan die artikel van die (eerste) hooflemma kry nie, is die kans groot dat hy/sy waarskynlik nie verder sal gaan soek in ander teksblokke waar dit moontlik kan voorkom nie. Dit is belangrik dat die leksikograaf se alfabetiese beginsel *nooit* die gebruiker se taak (soektog) sal bemoeilik, soos in hierdie geval, nie.

4.6 Ten slotte

Die leksikograaf moet te alle tye die teikengebruikersgroep van sy/haar woordeboek in gedagte hou en die struktuur en samestelling van die woordeboek volgens hul vaardighede en opleiding aanpas.

Alhoewel nisting 'n leksikografiese prosedure is wat die leksikograaf kan help met die bevordering van 'n meer gekondenseerde makrostruktuur, mag hierdie plekbesparingsprinsiep nooit ten koste van die gebruiker se gerief en poging tot inligtingsonttrekking uit die woordeboek wees nie.

Soos uit die bespreking blyk, is veelvoudige nisting (hetsy dit semanties verwante of nie-verwante lemmata insluit) en verwyderde veelvoudige nisting etlike voorbeelde van hindernisstrukture wat die eksterne toegangroete tot 'n woordeboek bemoeilik, en uiteindelik ook tot die data daarin verpak. Hierdie tipes nisordenings hou 'n uiters moeilike soektog vir die gebruiker in - veral as 'n mens se tyd, soos in die geval van vertaalwerk, ietwat beperk is, 'n mens haastig is en verseker nie die moeite gaan doen om drie of vier bladsye in 'n woordeboek deur te lees op soek na 'n enkele woord se vertaling nie. Die voorbeeld uit **GW** (met **hand** - 4.5.5.2) het reeds laasgenoemde bevestig.

Dit gaan dus in hierdie geval nie noodwendig oor die moeilikheidsgraad van die woord waarna die vertaler op soek is nie, maar veel eerder oor die feit dat die samestelling van die woordeboek daartoe lei dat hy/sy baie tyd mors gedurende die soekproses en dat die woordeboek dus juis in hierdie opsig nie ideaal vir sy/haar

gebruikssituasie is nie. In beide bogenoemde gevalle faal die woordeboek se aanbiedingstelsel daarin om die gebruiker na optimale inligtingsonttrekking te lei en faal dit vervolgens in sy doel as vertaalinstrument.

Eerstevlakse nesting kan as 'n moontlike oplossing tot hierdie probleem beskou word. Deur van hierdie tipe makrostrukturele uitleg gebruik te maak, probeer die leksikograaf om dit wat bymekaar hoort nie te skei nie. Alfabetiese ordening word vervolgens ook minder rigied hanteer. Die gebruiker se soekroete op eksterne vlak word vergemaklik en hierdeur word verseker dat die woordeboek in doel en funksie slaag.

If looking up a word turns out to be a major enterprise then people will tend to do without a dictionary. A headword should be easy to find and the entries should be structured as clearly as possible to avoid constant back-references to prefaces and guides to the user.

Pöhl (1989: 134)

HOOFSTUK 5

MIKROSTRUKTURELE ASPEKTE

5.1.1 Inleiding

Die tipe data wat die leksikograaf oor elk van die gekose lemmas gaan verstrek, sal uiteindelik die sogenaamde mikrostruktuur van die woordeboek verteenwoordig. Wiegand verwys ook na hierdie struktuur as 'n leksikografiese ordeningstruktuur wat 'n geordende versameling verhoudings bied waarin die inskrywings tot mekaar staan (Gouws, 1989: 40). Net soos in die geval van die makrostruktuur, speel die ordening van die mikrostruktuur (die aanbieding van mikrostrukturelemente) ook 'n onmiskenbare rol in die uiteindelijke inligtingsonttrekking aan die woordeboek.

Vir 'n algemene vertalende woordeboek word daar onder andere 'n onderskeid getref tussen 'n verpligte en uitgebreide verpligte mikrostruktuur. Die verskil tussen hierdie twee tipes mikrostrukture lê by die verskeidenheid data wat aangebied word. Eersgenoemde "... maak voorsiening vir die aanbod van daardie substrukture van 'n mikrostruktuur wat in al die artikels van die woordeboek voorkom ..."

(Gouws, 2003: 95). Daar word, met ander woorde, voorsiening gemaak vir al die kategorieë inskrywings en datatipes wat verplig vir elke lemmateken verstrek moet word (Gouws, 2003: 95). 'n Uitgebreide mikrostruktuur, aan die ander kant, maak weer nie net vir hierdie verpligte kategorieë voorsiening nie, maar ook "... vir die uitvoerige leksikografiese bewerking van sekere tipes leksikale items wat as lemmata opgeneem is ..."

(Gouws, 2003: 95).

In die bespreking wat volg, word daar aandag gegee aan enkele mikrostrukturele aspekte wat elk 'n rol in die uiteindelijke effektiwiteit van die vertalende woordeboek ten opsigte van kommunikasie, speel. Hierdie aspekte sluit in vertaalekwivalente en ekwivalentverhoudings, konteks- en koteksleiding en ook etikettering as leksikografiese merkers.

5.1.2 Vertaalekwivalente en ekwivalentverhoudinge

In enige vertalende woordeboek is daar meer as een taal betrokke. As gevolg hiervan is daar nie net (soos in die geval van 'n verklarende woordeboek) 'n verhouding

tussen leksikale items van dieselfde taal ter sprake nie (intratalige verhoudings), maar ook tussen items van die verskillende tale in die woordeboek teenwoordig (intertalige verhoudings). Hierdie uiters komplekse verhouding(s) tussen die lemma en vertaalekwivalente verrig 'n kardinale funksie binne die leksikografie en die korrekte hantering daarvan kan bydra tot die uiteindelijke sukses van 'n vertalende woordeboek.

In die bespreking wat volg, word daar gefokus op die kwessie van ekwivalentverhoudinge en die hantering van vertaalekwivalente, moontlike probleme en tekortkominge ten opsigte hiervan asook voorstelle vir moontlike oplossings van laasgenoemde.

5.1.3 Verskillende vorme van ekwivalensie

Ekwivalensie is 'n semantiese verhouding tussen enkele betekenisonderskeidings van 'n lemma en 'n doeltaalvorm wat ook daardie spesifieke betekenisonderskeiding het.

Gouws (1989: 163)

In vertalende woordeboeke gebeur dit baie selde dat 'n lemma slegs een vertaalekwivalent het wat oor presies dieselfde semantiese lading as die lemma beskik. As gevolg van die wisselende grade van ekwivalensie wat tussen bron- en doeltaalitems bestaan, kan daar tussen die volgende onderskei word:

- Absolute ekwivalensie: die betrokke lemma het net een vertaalekwivalent waarvan die semantiese lading identies aan dié van die lemma is.
- Gedeeltelike ekwivalensie: daar word meer as een vertaalekwivalent verskaf en die semantiese ladings van die verskillende vertaalekwivalente wissel ten opsigte van kontekstuele gebruik en soms ook ten opsigte van hulle polisemiese paradigmas.
- Zero-/Nulekwivalensie: dit ontstaan wanneer daar vir 'n brontaalitem 'n leksikale gaping in die doeltaal voorkom; met ander woorde daar bestaan geen ekwivalent in die doeltaal vir die betrokke lemma in die brontaal nie.

Met al die bogenoemde vorme van ekwivalensie moet die leksikograaf vertrouwd wees. Die verhouding tussen bron- en doeltaal bepaal die uiteindelijke leksikografiese aanbod binne 'n betrokke woordeboekartikel en dit is belangrik dat die leksikograaf ernstig nadink en besluit oor watter manier van data-aanbod die mees optimale toegang vir gebruikers tot daardie spesifieke woordeboek sal verleen. Elk van die ekwivalentverhoudinge hou tog in 'n mate sekere voordele sowel as komplikasies vir die woordeboekgebruiker in.

5.1.4 Die belangrikheid van die manier waarop vertaalekwivalente ten opsigte van die vertaler hanteer word

Die opdrag van die leksikograaf van 'n vertalende woordboek is om die brontaalitems ... van vertaalekwivalente te voorsien ... Sulke vertaalekwivalente moet die woordeboekgebruiker daartoe in staat stel om op 'n kommunikatief-suksesvolle wyse met die gegewe plaasvervanger van die lemma in die doeltaal te kan omgaan.

Mallo (1996)

Vertalende woordeboeke, hetsy algemene of vakwoordeboeke, is waarskynlik van die heel belangrikste inligtingsbronne wat die vertaler tot sy/haar beskikking het. Die algemeenste probleem wat egter so dikwels hier ter sprake kom, is dat sulke woordeboeke eintlik nooit saamgestel word met die oog op die vertaler as moontlike gebruiker daarvan nie. Anders gestel: omdat leksikograwe dit oor die algemeen nie in gedagte hou dat vertalers dalk die betrokke woordeboek sal nader vir hulp nie, ondervind vertalers meestal probleme met die doeltreffendheid van vertalende woordeboeke ten opsigte van a) die tipe data wat beskikbaar gestel word en ook b) die bewerking van en die manier waarop hierdie data aangebied word.

Soms gebeur dit dat daar net een vertaalekwivalent in die doeltaal vir die lemma in die brontaal verstrek word. Hierdie verskynsel staan bekend as kongruensie. In geval van laasgenoemde behoort die vertaler dus nie 'n probleem daarmee te hê om die korrekte vertaalekwivalent vir 'n woord in die teks wat vertaal word, te kies nie. Dit maak dus nie saak of die vertaalekwivalent dalk 'n gespesialiseerde woord is waarmee

die vertaler nie vertrou is nie – dit word as enigste opsie gegee. 'n Voorbeeld van die laasgenoemde soos uit **SW** geneem:

allotment: toekenning

Alhoewel die leksikograaf nie hier aan die gebruiker¹¹ enige kontekstuele leiding gee nie, kan hy /sy tog verseker weet dat die gegewe vertaalekwivalent korrek sal wees/funksioneer in die lig van die woordeboek se vakgebied, naamlik die sakewêreld.

Die bogenoemde ekwivalentverhouding is seker die mees ideale een (veral in die geval van vakwoordeboeke waar 'n vertaler dikwels moet wik en weeg tussen die gegewe vertaalekwivalente), maar dit kan tog nie altyd gebruik word nie. In die meeste gevalle bestaan daar meer as een vertaalekwivalent vir 'n bepaalde lemma. In die geval van byvoorbeeld absolute ekwivalensie word daar meer as een vertaalekwivalent vir die betrokke lemma verskaf en volgens die stelsel van baie woordeboeke word elk van hierdie vertaalekwivalente deur kommas van mekaar geskei. Dit gee aan die gebruiker die indruk dat daardie ekwivalente almal sinoniem aan mekaar is en dat dit dus nie sal saak maak watter een hy/sy in die betrokke vertaling gebruik nie. Dit mag dalk op die oog af lyk asof hierdie tipe ekwivalensie nie probleme vir die vertaler inhou nie, maar daar moet onthou word dat, alhoewel die leksikale items sinonieme van mekaar kan wees, hulle toepassing nie noodwendig almal in dieselfde konteks of situasie korrek sal wees nie as gevolg daarvan dat daar registersverskille of sekere gebruiksbeperinge kan wees. Aspekte soos onder andere register en graad van formaliteit sal bepaal watter vertaalekwivalent die geskikste vir die betrokke teks is. Kyk na die volgende voorbeeld uit **TW** geneem:

gnome: gnome, maxim, motto, aphorism ...

Die lemma **gnome** is in die eerste plek nie juis 'n woord wat algemeen bekend is in die Afrikaanse taal nie. Verder word daar geensins vir die gebruiker 'n aanduiding gegee van die konteks waarin die vertaalekwivalente korrek gebruik behoort te word nie. Die verskillende vertaalekwivalente word wel as absolute sinonieme weergegee,

¹¹ Die *gebruiker* is vir hierdie tesis se doeleindes spesifiek die vertaler.

maar hoe kan die deursneevertaler (wat dalk nie so vertrouwd met die betrokke Engelse begrippe is nie) verseker weet dat die regte keuse uitgeoefen word?

Nog 'n voorbeeld waar konteksleiding 'n verskil sal maak, is waar die lemma **insecure** in TW bewerk word met die vertaalekwivalente **onveilig, onseker, los**. Alhoewel hierdie vertaalekwivalente as absolute sinonieme van mekaar gegee word, is daar tog 'n verskil tussen hulle aangesien hulle slegs gedeeltelike sinonieme is. So byvoorbeeld kan die frase *I am insecure about my future* nie vertaal word met *ek voel los of onveilig oor my toekoms* nie. 'n Vertaler wat 'n Engelse moedertaalspreker is en dalk nie so vertrouwd met Afrikaans is nie, kan dalk net hierdie fout begaan. Die leksikograaf was veronderstel om laasgenoemde in gedagte te hou en moes dus op een of ander manier aan die gebruiker 'n aanduiding daarvan gee, hetsy d.m.v. konteks- of kontektsleiding of m.b.v. toepaslike etikette¹².

In SW kom daar ook vertaalekwivalentparadigmas voor wat uit meer as een vertaalekwivalent bestaan en wat aangedui word as absolute sinonieme. Soos byvoorbeeld in die geval van die lemma **pleitbesorger** wat vertaalekwivalente **pleader, counsel, advocate** kry. Daar word nie enige aanduiding gegee van hoe of in watter konteks watter vertaalekwivalent die beste opsie sal wees nie en die vertaler word aan sy/haar eie genade oorgelaat.

5.1.4.1 Divergensie

Divergensie is 'n tipe gedeeltelike ekwivalensie waar daar 'n een-tot-meer-as-een-ekwivalentverhouding bestaan (Gouws, 1989:167). Dit is dan ook die tipe ekwivalentverhouding wat die algemeenste voorkom in vertalende woordeboeke. 'n Onderskeid kan tussen leksikale en semantiese divergensie getref word.

In die geval van leksikale divergensie word 'n monosemiese lemma aangetref wat meer as een vertaalekwivalent het. Hierdie ekwivalente is sinonieme van mekaar (gewoonlik gedeeltelike sinonieme) in die doeltaal (Gouws, 2002a: 197). Neem die volgende voorbeeld uit TW:

goddeloos: godless, impious, sinful, ungodly, unholy, wicked, profane, unrighteous.

¹² Sien onderskeidelik 5.2 en 5.3 vir volledige bespreking hieroor.

Hier word daar meer as een vertaalekwivalent vir die monosemiese lemma verskaf. Alhoewel dit op die oog af dalk mag voorkom asof al die vertaalekwivalente dieselfde waardes en betekenis het, is dit hoogs onwaarskynlik dat **wicked** en bv. **unrighteous** in dieselfde situasie of konteks gebruik sal word. Die leksikograaf moes definitief eerder van die een of ander manier van betekenisleiding gebruik maak het om die gebruiker te help.

In **DR** word die monosemiese lemma **beveilig** as volg bewerk:

beveilig: *protect, safeguard, conserve, secure*; 'n wetsartikel – *entrench a clause*;
—de bepaling *entrenched clause*; ...

Eers word daar vier vertaalekwivalente (wat op die oog af soos sinonieme lyk) in die vertaalekwivalentparadigma gegee (sonder enige konteksleiding). Daarna volg 'n paar vaste regsuitdrukkings (dus konteksleiding). Die volgende probleem is egter hier ter sprake: in hierdie uitdrukkings word daar van 'n vertaalekwivalent gebruik gemaak wat nie in die lys vertaalekwivalente (in die sinoniemparadigma verstrek) voorkom nie, naamlik **entrenched**. Hierdie verskynsel van ooradressering kan die gebruiker sonder twyfel heeltemal verwar en is onvergeeflik. Dieselfde gebeur by die lemma **bevry**:

bevry: *absolve, emancipate, free, set free, liberate, release, relieve*; 'n borg — *discharge a surety*; 'n skuldenaar — *acquit a debtor* ...

Discharge en **acquit** word nie een as moontlike vertaalekwivalente in die paradigma opgeneem nie, maar word wél as konteksleiding weergegee.

Semantiese divergensie, aan die anderkant, is 'n “ ... tipe ekwivalensieverhouding wat leksikografies vergestalt word tussen 'n lemma en 'n vertaalekwivalentparadigma ...” (Trautmann, 1993: 37). Ons kry hier te doen met 'n polisemiese lemma en daar moet gevolglik 'n ekwivalent vir elke polisemiese onderskeiding van die bepaalde lemma verskaf word. Semantiese divergensie kan selfs nog meer probleme as leksikale divergensie oplewer indien dit nie van die begin af korrek hanteer word nie; meer spesifiek die hantering van semantiese divergensie by polisemiese lemmas (Gouws, 1989: 169). Dit is weereens hier waar aspekte soos styl-

en registervlakke asook kontekstuele leiding wat ontbreek, vir die vertaler moontlike probleme kan oplewer.

Dit is van kardinale belang dat die leksikograaf die betekenisleiding in polisemiese lemmas se artikels so omvattend moontlik maak – veel meer as in die geval van monosemiese lemmas. Deur die semantiese ontleding van ’n betrokke leksikale item, kan die aard en die omvang van die polisemiese paradigma vasgestel word (Gouws, 1989: 169) en sal dit ook vir die gebruiker duideliker wees watter vertaalekwivalent die geskikste opsie is. Kyk na die volgende voorbeeld uit **SW**:

anticipation: 1. vervroeging (bv. van betaling) 2. verwagting (alg.) 3. vooruitbetaling (bv. van rente) 4. vooruitloop (bv. van aanvraag)

In bogenoemde geval vind die hantering van ’n polisemiese lemma plaas. Daar kan ’n duidelike onderskeid tussen die verskillende moontlike betekenisonderskeidings van die lemma getref word en verder verskaf die leksikograaf ook telkens tussen hakies konteksleiding. Alhoewel laasgenoemde net enkele woorde is en baie kortliks gedoen word, maak dit steeds die wêreld se verskil vir ’n vertaler wat juis glad nie weet hoe om die polisemiese onderskeid te tref nie.

Vergelyk nou die volgende voorbeeld van polisemiese hantering uit **GWB** met die voorbeeld wat so pas bespreek is:

atmosphere: *atmosfeer*, 1. lug, lugtoestand, 2. omgewing, 3. dampkring, 4. eenheid (drukaanduidend).

Waarom word daar vir die een vertaalekwivalent (nommer 4) van die polisemiese lemma ’n mate van konteksleiding gegee, maar nie vir die ander nie? Die leksikograaf oortree hier op twee gebiede: hy/sy was nie net inkonsekwent ten opsigte van die hantering van vertaalekwivalente nie, maar terselfdertyd het hy/sy dit as vanselfsprekend aanvaar dat die gebruiker van hierdie woordeboek (ten spyte van die feit dat dit nie noodwendig ’n ekspert of selfs ’n semi-ekspert op die betrokke vakgebied is nie) sal weet wat om met die ander polisemiese waardes te doen. In die geval van **autoclave** (in dieselfde woordeboek), word daar ook twee vertaalekwivalente vir die polisemiese lemma gegee, maar hierdie keer word daar nie by een van die twee enige betekenisleiding verskaf nie.

Hierdie voorbeeld van onderadressering kan en sal waarskynlik daartoe lei dat die vertaler in hierdie geval geen idee het watter vertaalekwivalent die geskikste is om te gebruik nie. Dit is van die uiterste belang dat die leksikograaf van enige tweetalige woordeboek te alle tye daarna moet streef om "... die leksikale items van die brontaal só aanbied [aan te bied] en beskryf [te beskryf] dat die linguistiese en ekstralinguistiese betekenis daarvan ondervang word; dat die relevante konsepte met die korresponderende semantiese en leksikale kategorieë van die doeltaal gekorreleer word en dat geïllustreer word hoe die leksikale item as deel van die konkrete taalsisteem funksioneer ..." (Mallo, 1996).

5.1.5 Die verskynsel van leksikale gapings as gevolg van nulekwivalensie

5.1.5.1 Algemene opmerkings

Zgusta (1987: 1) maak die volgende opmerking in verband met vertalende woordeboeke:

The main requirement ... the [bilingual] dictionary should offer not explanatory paraphrases or definitions, but real lexical units of the target language that, when inserted into the context produce a smooth translation.

Bogenoemde is die ideaal, maar dit is egter nie altyd moontlik nie.

We see that there are situations that cannot be treated by a (mere) translational equivalent, even if a perfect one ... is at hand. These situations are, typically: (a) the nonexistence of the translational equivalent; (b) its polysemy; (c) its low intelligibility to someone not already fully familiar with it.

Zgusta (1987: 4)

Dit gebeur heel dikwels dat daar geen ekwivalent in die doeltaal vir 'n spesifieke lemma in die brontaal bestaan nie (Landau, 1989: 8). Hierdie verskynsel van nulekwivalensie gee op sy beurt aanleiding tot een van die leksikograaf van 'n

vertalende woordeboek se grootste probleme, naamlik leksikale gapings¹³. In die geval van laasgenoemde (waar daar met ander woorde nie 'n enkele, gepaste vertaalekwivalent vir 'n betrokke brontaalitem in die doeltaal bestaan nie en daar dus niks anders as 'n gaping voorkom nie) moet die leksikograaf steeds op die een of ander manier die probleem oorbrug. Hy/sy mag onder geen omstandighede só 'n tipe brontaalitem uit die woordeboek weglaat bloot omdat 'n geskikte vertaalekwivalent ontbreek nie. Daar word dus van hom/haar verwag om "... 'n geskikte plaasvervanger vir die afwesige ekwivalent te skep ... bekend as 'n surrogaatekwivalent¹⁴ ..." (Mallo, 1996: 15).

Anders gestel:

... wanneer 'n vertaalekwivalent vir 'n brontaalitem ontbreek, moet die brontaalitem steeds in die vertalende woordeboek opgeneem en van 'n surrogaatekwivalent voorsien word ten einde gestalte te gee aan die funksie van die vertalende woordeboek ...

Mallo (1996: 15)

Voordat die bespreking van die gebruik van surrogaatekwivalente ter hantering van leksikale gapings verder gevoer word, moet daar eers gekyk word na die twee tipes leksikale gapings wat wel kan voorkom, te wete referensiële en linguistiese gapings.

5.1.5.2 Referensiële gapings

Soos aan die begin van hierdie hoofstuk genoem, word daar 'n intertalige verhouding tussen die verskillende lede van die bron- en doeltaal (in vertalende woordeboeke) aangetref. Referensiële gapings kom juis voor in vertalende woordeboeke aangesien hierdie tipe gapings "... 'n tipe leksikale gaping [is] wat deur middel van 'n intertalige vergelyking geïdentifiseer word ..." (Trautmann, 1993: 124).

¹³ Let op dat 'n leksikale gaping in beide bron- en doeltaal aangetref kan word – afhangende van in watter een van die twee tale die item ontbreek.

¹⁴ Dit is baie belangrik om die volgende definitiewe onderskeid ten opsigte van 'n vertaalekwivalent en 'n surrogaatekwivalent te tref. Eersgenoemde verwys na 'n leksikale item wat in 'n bepaalde optrede dieselfde betekeniswaarde as die lemma het, terwyl die ander verwys na 'n tipe vervangingsinskrywing wat min of meer dieselfde betekenis as die lemma weergee en ook vir dieselfde doel as die lemma aangewend moet word (Mallo, 1996: 25).

Buitetalige faktore, soos byvoorbeeld kulturele aspekte¹⁵, kan meestal vir referensiële gapings verantwoordelik gehou word: 'n betekenis kan dikwels nie in die doeltaal geleksikaliseer word nie omdat die doeltaalsprekers se verwysingsraamwerk nie 'n betrokke referent insluit nie. Voorbeelde hiervan sluit onder andere in:

Voedsel

koeksister: *cruller* (TW)

biltong: biltong, jerked meat (TW)

potjiekos: “potjiekos”, pot stew (TW)

mampoer: mampoer, home-made (peach-) brandy, moonshine, Native brandy (TW)

Kulturele aktiwiteite

boeresport: country sport(s) (TW)

Politiese en historiese benaminge

riempiestoel: riempie-seat chair (TW)

Boer: Boer, Afrikaner (TW)

Voortrekker: Voortrekker (TW)

khaki (Eng.): Britse soldaat in die Anglo-Boereoorlog (TW)

Fauna en flora

springbok: springbok (springbuck) (TW)

taaibos: “taaibos” (*Rhus spp.*) (TW)

Die vertaalekwivalent van riempiestoel: riempie-seat chair (as voorbeeld) gaan nie vir die Engelse vertaler wat 'n teks uit Afrikaans in Engels moet vertaal vir, byvoorbeeld, 'n Britse doelgroep van veel waarde wees nie. Dit spreek vanself dat, in die geval van hierdie spesifieke tipe leksikale gapings, die leksikograaf omvattender en meer gedetailleerde omskrywings aan sy woordeboekgebruiker moet weergee ten einde die onbekende begrip aan hom/haar te verduidelik. “Hierdie omvattender doeltaalverklaring kan saam met 'n leenitem óf daarsonder aangebied word” (Mallo, 1996: 44).

¹⁵ Sien hoofstuk 3.

Vir die vertaler is die korrekte hantering van referensiële gapings van die uiterste belang: as die leksikograaf daarin slaag om 'n volledige en duidelike omskrywing daar te stel, berus die keuse by die vertaler as sodanig om óf op 'n nuwe term te besluit (wat hy/sy self skep na aanleiding van die leksikografiese verduideliking van die ontbrekende doeltaalvorm) óf om van die gegewe omskrywing in die vertaling gebruik te maak.

5.1.5.3 Linguistiese gapings

Hierdie tipe gapings kom voor waar die referent wel aan albei tale se sprekers bekend is, maar die betekenis daarvan het slegs in een van die tale geleksikaliseer geraak; daar ontbreek 'n vertaalekwivalent in die doeltaal. Dit is dus "... die afwesigheid van 'n leksikale item op 'n plek waar sy aanwesigheid verwag sou kon word ..." (Gouws, 1989: 176). Omdat die referent by linguistiese gapings aan albei tale se sprekers bekend is, is dit nie altyd nodig om gedetailleerde inligting by hierdie tipe gapings te verskaf nie. Surrogaatverklarings kan gevolglik ook baie korter en bondiger wees as by referensiële gapings.

Die verskynsel van linguistiese gapings kan toegeskryf word aan intratalige faktore (Dagut, 1981: 68). Die Engelse woord **puppy** word in Afrikaans (TW) vertaal met **klein of jong hondjie**. Daar bestaan dus nie 'n enkele Afrikaanse VE nie en daar is dus hier sprake van 'n linguistiese gaping in die doeltaal. Dieselfde geld vir die volgende lemmas:

boerpampoer: Boer or flat white pumpkin (TW)

boerbrood: farm or home-baked bread (TW)

smôrens: in the (of a) morning (TW)

reun: male dog (TW)

5.1.6 Surrogaatekwivalensie as oplossing vir leksikale gapings

Soos reeds genoem, is die suksesvolle hantering van leksikale gapings verseker een van die moeilikste take wat die leksikograaf van 'n vertalende woordeboek te wagte kan wees. Dit sal vir die woordeboekgebruiker van geen waarde of nut wees indien

die leksikograaf so 'n taak op 'n onvanpaste of onvoldoende wyse probeer benader nie. Op die vlak van gespesialiseerde gebiede/vakgebiede, waar die moontlikheid groter is dat die deursneeleek (op die spesifieke vakgebied) oor die algemeen probleme sal ervaar binne daardie betrokke gebied (wat vir hom/haar vreemd is), is dit selfs nog belangriker dat daar aandag gegee moet word aan die sinvolle hantering van leksikale gapings.

Die gebruik van surrogaatekwivalente is 'n moontlike oplossing vir hierdie leksikografiese probleem. Die noue verhouding tussen leksikale gapings en surrogaatekwivalente word verder beklemtoon deur die volgende belangrike opmerking:

Die aard van die leksikale gaping, dit wil sê of dit 'n linguistiese al dan referensiële gaping is, het 'n besliste invloed op die tipe surrogaatekwivalent wat gebruik word.

Gouws (1989: 179)

Om aan te sluit by die bogenoemde aanhaling, kan byvoorbeeld gesê word dat die mate van kultuuronderskeid 'n rol speel in die aard van die surrogaatekwivalent vir referensiële gapings, terwyl laasgenoemde glad nie die geval is by linguistiese gapings nie (Trautmann, 1993: 147). Die leksikograaf het verskeie keuses ten opsigte van watter surrogaatekwivalent hy vir die betrokke lemma wil gebruik. Hierdie keuses sluit in leenitems, leenvertalings, neologismes, doeltaalverklarings en verklarende ekwivalente waarvan die laaste twee ook beskou kan word as metodes van geleidelike geleiding (met ander woorde konteks- en koteksleiding). Elk van hierdie vorme word vervolgens kortliks bespreek.

5.1.6.1 Leenitems

Daar word tussen twee verskillende tipes leenitems¹⁶ onderskei, by name direkte en indirekte ontlenings. In die geval van eersgenoemde word die leksikale items (wat uit 'n ander taal ontleen is) net so in die doeltaal as surrogaatekwivalente opgeneem (Trautmann, 1993: 138). Voorbeelde hiervan sluit in:

¹⁶Let op dat leenitems as surrogaatekwivalente in beide referensiële as linguistiese gapings kan optree (Trautmann, 1993: 138).

Voortrekker: Voortrekker (TW)

taaibos: “taaibos” (TW)

Boer: Boer (TW)

spaghetti bolognese: spaghetti bolognese (NW)

rodeo (eng.): rodeo (TW)

In die geval van ’n indirekte ontleding, word die ortografie van die leksikale item (uit die ander taal) aangepas ten einde beter by die doeltaal aan te pas (Trautmann, 1993: 138). Byvoorbeeld:

tofu: tofoe (NW)

tetracyclic: tetrasiklies (NW)

Die probleem wat by leenitems na vore tree, is die feit dat hierdie tipe ekwivalente bykans nooit deur ’n verklaring van die een of ander aard gevolg word nie en die woordeboekgebruiker kry gevolglik geen begripsleiding nie (Mallo, 1996: 33) – iets wat dikwels tot verkeerde interpretasie en vervolgens ’n verkeerde/swak vertaling lei.

5.1.6.2 Leenvertalings

Soms maak leksikograwe gebruik van surrogaatekwivalente wat nie direk aan ’n doeltaal ontleen word nie, maar wat steeds ’n vertaling van ’n brontaalitem is (Trautmann, 1993: 138). In so ’n geval word daar gebruik gemaak van ’n sogenaamde leenvertaling. Laasgenoemde kan in kombinasie met ’n direkte of indirekte ontleding gebruik word (Mallo, 1996: 33). Kyk na die volgende voorbeelde:

riempiestoel: riempie-seat chair (TW)

boeresport: boer sport(s) (TW)

Dit is dikwels nodig om hier ook toeligting in die vorm van ’n bondige verklaring of vertaalkomplement by die verskaffing van leenvertalings te gee (Mallo, 1996: 33) ten einde enige onduidelikhede te voorkom:

riempiestoel: a chair, usually with wooden frame and seat made of weaved thin strips of leather. Typical of South African culture. (Voorbeeld deur my, IB.)

Die grootste probleem ten opsigte van leenvertalings is dat dit (kan) lei tot onnatuurlike vorme in die doeltaal wat eerstens glad nie 'n weerspieëling van die werklike taalgebruik is nie en tweedens 'n baie lae gebruiksfrekwensie in die doeltaal het. Byvoorbeeld:

boerbeskuit: rusk, Boer biscuit (TW)

Indien 'n vertaler sou besluit om die tweede vertaalekwivalent in plaas van die eerste een te gebruik in 'n teks wat op Engelse lesers (hetsy Brits, Amerikaans of Suid-Afrikaans) gerig is wat dalk nie so vertrouwd met die Afrikanerkultuur is nie, sal 'n kommunikasiegaping geen verrassing wees nie. **Rusk** is inderdaad 'n meer algemene gebruiksvorm en selfs ook meer neutraal wat verskillende kulturele groepe aanbetref.

Dit is eintlik onmoontlik om 'n leenvorm op sy eie in 'n vertalende woordeboek te plaas – veral as die twee (of meer) tale wat in daardie woordeboek ter sprake kom, tot uiteenlopende kulturele groepe behoort, byvoorbeeld Afrikaans en Britse Engels. Dit sou wys wees indien die leksikograaf, waar hy/sy besluit om van leenitems gebruik te maak, sulke surrogaatekwivalente voorsien van bykomende en ondersteunende inligting/vertaalkomplemente¹⁷.

5.1.6.3 Neologismes

Neologismes (oftewel nuutskeppings) is 'n ander surrogaat-alternatief vir die oorbrugging van leksikale gapings en word veral as surrogaatekwivalente aangetref in gevalle waar die brontaalitem 'n hoë gebruiksfrekwensie het (Trautmann, 1993: 139). Sulke nuwe woorde het as gevolg van 'n hoë gebruiksfrekwensie reeds in die betrokke doeltaal gestandaardiseer geraak (Mallo, 1996: 36). Voorbeelde hiervan sluit in:

beefcake: ... vleispaleis, spierman, prikkelprins, spiertier ... (NW)

yuppie: ... yuppie, jappie, klimvoël (NW)

¹⁷ In 5.2 word meer aandag aan hierdie aspek gegee.

Dit is belangrik om hier 'n onderskeid te tref tussen neologismes en sogenaamde eie skeppings. Laasgenoemde verwys na daardie woorde wat die leksikograaf self geskep het. Anders as in die geval van neologismes, is hierdie skeppings gewoonlik nie 'n weergawe van die werklike taalgebruik nie en die woorde het dus eintlik 'n baie lae gebruiksfrekwensie (Mallo, 1996: 36).

Alhoewel eie skeppings dikwels meer puristies as die ooreenstemmende neologisme daarvoor is, is dit myns insiens nie noodwendig die beste keuse nie as gevolg van die onbekendheid van die gebruik daarvan. Indien die leksikograaf dit nodig ag om wél sulke skeppings in sy/haar woordeboek op te neem, moet hy/sy 'n aanduiding van gebruiksfrekwensie aan die gebruikers gee. Byvoorbeeld in die geval van **yuppie** (soos *bo*): die vertaalekwivalente **yuppie** en **jappie**, is myns insiens vandag baie bekend in die volksmond, terwyl dieselfde geensins van die ekwivalent **klimvoël** (wat waarskynlik 'n eie skepping is) gesê kan word nie. Maar steeds het die leksikograaf dit goed gedink om laasgenoemde in die woordeboek op te neem as verteenwoordigend van die gebruikstaal. Daar bestaan dus 'n moontlikheid dat 'n oningeligte Engelssprekende vertaler eerder **klimvoël** as 'n meer gebruiklike vorm soos **jappie** of **yuppie** in sy/haar vertaling kan gebruik – iets wat definitief nie kommunikasie sal bevorder nie.

5.1.6.4 Verklarings/verklarende ekwivalente

Dit is belangrik om 'n onderskeid te tref tussen 'n vertaalekwivalent en 'n verklarende ekwivalent (of verklaring). Eersgenoemde is "... 'n leksikale eenheid wat direk in 'n sin in die doeltaal aangewend kan word ..." terwyl dit nie die geval is by verklarende ekwivalente nie (Mallo, 1996: 41). Omdat verklarende ekwivalente/verklarings nie gewoonlik die spesifieke betekenis van die brontaalitem insluit nie, is die daarstelling van 'n vertaalkomplement by die verklarende ekwivalent van groot waarde en sal die semantiese beperktheid van die brontaalitem daardeur aangedui word (Mallo, 1996: 43).

Kyk na die volgende voorbeelde:

- (a) **der Advent:** ... elkeen van die vier Sondae voor Kersfees. (WB)
der Glühwein: warmgemaakte wyn met kruie. (WB)
bokmakierie: Art südafrik. Vogel (*Telephonus*). (WB)

(b) pup: klein *of* jong hondjie ... (TW)

oormôre: the day after tomorrow (TW)

gorre: small hole in a dry river-bed (to collect subteranean water) (GW)

Bogenoemde voorbeelde gee 'n aanduiding van surrogaatekwivalente wat as verklarings/verklarende ekwivalente in die doeltaal daargestel word. Die lengte sowel as die hoeveelheid data wat in sulke verklarings verpak is, wissel afhange van onder andere die tipe leksikale gaping wat ter sprake is en ook die spesifieke gebruikersbehoefes. So byvoorbeeld kan 'n verklaring wat in 'n vertalende woordeboek aangebied word in so 'n mate uitgebrei wees dat dit met die tipiese verklarende definiens in 'n verklarende woordeboek ooreenstem (Trautmann, 1993: 141). Dit blyk veral die geval te wees by referensiële gapings (soos in (a) hierbo verskyn) aangesien daar dan sprake is van kulturele onbekendheid. Aan die ander kant kan dit weer veel bondiger wees, soos in die geval van linguistiese gapings (soos in (b) hierbo verskyn) waar die referent in albei tale bekend is. Hetsy die verklaring bondig of uitgebrei is, die belangrikste is dat die verklaring op die ou end die weg sal baan tot effektiewe en suksesvolle betekenisoordrag wat tot uiteindelijke kommunikatiewe ekwivalensie (die hoofdoel van enige woordeboek) sal lei.

'n Laaste opmerking in verband met verklarings: dit is ook belangrik dat die leksikograaf deurgaans 'n baie sterk mate van konsekwentheid ten opsigte hiervan sal handhaaf ten einde enige onduidelikhede en dubbelsinnigheid uit te skakel.

It depends on the lexicographer's decision whether his explanations will be minimal ... or whether they will verge on the encyclopedic ... but they should have a united style within the whole dictionary.

Zgusta (1971: 325)

5.1.7 Leksikale gapings: 'n kort samevatting

Uit die bogenoemde bespreking blyk dit duidelik dat, ten einde die regte keuse ten opsigte van 'n effektiewe surrogaatekwivalent te kan maak, die leksikograaf eers oor 'n deeglike kennis van die aard van hierdie tipe gapings moet beskik. Dit is van die

uiterste belang dat die leksikograaf moet onthou dat kommunikatiewe ekwivalensie te alle tye die mikpunt van die betrokke woordboek moet wees. Waar leksikale gapings in die doeltaal voorkom, het die leksikograaf die keuse om van leenvorme, verklarings, neologismes en verklarende ekwivalente gebruik te maak. Alhoewel die gebruik van laasgenoemde wel die gebruiker van 'n surrogaatekwivalent verskaf, is dit alleen heel dikwels nie voldoende nie in dié sin dat die gebruiker steeds nie 'n duidelike begrip van die volledige betekenis van óf die brontaalitem óf die surrogaatekwivalent vorm nie (Mallo, 1996: 49). Om laasgenoemde te vermy, kan die leksikograaf volop gebruik maak van gebruikers-/konteksleiding in die vorm van onder andere vertaalkomplemente. Ander vorme van konteksleiding, byvoorbeeld die daarstelling van illustrerende voorbeelde, en die nut daarvan word in die volgende afdeling bespreek.

5.2 KONTEKS- EN KOTEKSLEIDING

5.2.1 Inleiding

Daar word oor die algemeen van die veronderstelling uitgegaan dat dit nie die “plig” van 'n vertalende woordeboek is om verklarings van betekenis weer te gee nie, maar om slegs die nodige stel vertaalekwivalente aan die gebruiker te verstrek. Gevolglik word die waarde van vertalende woordeboeke aansienlik ingeperk en verskraal (Gouws, 1994: 68).

Dit is egter in hierdie verband van kardinale belang om te besef dat bogenoemde nougesette siening dalk juis die grootste fout is wat gemaak word met betrekking tot vertalende woordeboeke en dat dit dalk juis die rede is waarom die oorgrote meerderheid van hierdie woordeboektipe nie altyd hulle werklike doel en funksie ten volle bereik en vervul nie. Indien die teikengebruiker (spesifiek die vertaler) se behoeftes 'n keer deurgaans in gedagte gehou word, sal leksikografe besef dat die daarstelling van 'n lys vertaalekwivalente (sonder nuttige bykomende inligting) nie naastenby genoeg is om die deursneegebruiker te help nie – veral nie in die geval van 'n vreemde vakgebied nie. Hierdie persone verlang veel meer leiding op onder andere semantiese gebied ten einde verseker te kan wees van sinvolle betekenisoordrag en uiteindelijke kommunikatiewe ekwivalensie (en dus 'n suksesvolle vertaling).

Vertaalekwivalente alleen is nie meer voldoende nie en 'n vertalende woordeboek moet 'n omvattende leksikografiese bewerking bevat – veral ook in die geval van surrogaatekwivalensie.

5.2.2 Mikrostrukturele plasing

In 5.1.1 kon ons sien dat daar dikwels probleme met die mikrostruktuur van 'n woordeboek ter sprake kom. 'n Moontlike oplossing hiervoor is die gebruik van 'n doeltreffende geïntegreerde of nie-geïntegreerde mikrostruktuur¹⁸. Eersgenoemde is waarskynlik die beste keuse as gevolg van die onmiddellike adressering waar die vertaalekwivalent in dieselfde integraat gevolg word deur die konteks- of koteksleiding.

Kyk na die volgende voorbeeld uit TAW:

improvement verbetering [a] *Daar is geen verbetering in die weer nie – dis nog steeds bitter koud.* There is no **improvement** in the weather – it is still bitterly cold. [b] *Hulle sal verbeteringe aan die pad moet aanbring, want dis in 'n slegte toestand.* They will have to make **improvements** to the road, for it is in a bad condition.

□ **im-prove-ment** noun (plural **improvements**)
in¹ [a] in *Toe hy klop, het iemand geroep: “Kom in/ binne!”* When he knocked, someone called, “Come in!” [b] *tuis “Is jou pa tuis?” – “Nee, meneer, hy is by die werk.”* “Is your dad in?” – “No, sir, he is at work.” [c] *in die mode* *Sy is baie modern en dra altyd klere wat in die mode is.* She is very modern and always wears clothes that are in.

□ **in** adverb
in¹ [a] in [a] *“Waar is Martin?” – “Hy is in sy kamer.”* “Where is Martin?” – “He is in his room.” [b] *“Sit die geld in jou beursie.”* “Put the money in your purse.” [c] *Dit is twee-uur in die middag.* It is two o'clock in the afternoon. [d] *Die kinders speel in die water.* The children are playing in the water. [e] *Ons woon in 'n groot stad.* We live in a large city. [f] *Dit word baie warm in die somer.* It gets very hot in summer. [g] *Ek glo in God.* I believe in God. [a] *Thomas en sy meisie het hand aan hand met die straat af geloop.* Thomas and his girlfriend walked down the street hand in hand.

skerm om my bed gesit sodat die dokter my kon ondersoek.

□ **skerm** selfstandige naamwoord (meervoud **skerms**)
skerp¹ [a] *She cut herself with a sharp knife.* Sy het haar met 'n **skerp** mes gesny. [b] *A thorn has a sharp point.* 'n Doring het 'n **skerp** punt. [c] *“Slow down – there is a sharp bend in the road.”* “Ry stadiger – daar is 'n **skerp** draai in die pad.” [d] *The photograph is so sharp that you can see the hair on the man's arms.* Die foto is so **skerp** dat jy die hare op die man se arms kan sien. [e] *An alarm-clock makes a sharp sound when it goes off.* 'n Wekker maak 'n **skerp** geluid wanneer dit afgaan. [f] *Mustard has a sharp taste.* Mosterd het 'n **skerp** smaak. [g] *Cats have sharp eyes and can see well in the dark.* Katte het **skerp** oë en kan goed in die donker sien. [a] *pointed* *A thorn is a pointed growth on the stem of some plants.* 'n Doring is 'n **skerp** groeisel aan die stingel van sommige plante.

Hierdie tipe mikrostruktuur maak dit dus vir die gebruiker moontlik om dadelik die toepassing van die vertaalekwivalente te sien. Dit is dan ook die tipe struktuur wat ideaal sou wees vir 'n vertaler wat 'n teks van gespesialiseerde aard moet vertaal terwyl hy/sy nie vertrou met die vakgebied is nie.

¹⁸ Let op dat die funksie van 'n betrokke woordeboek 'n bepalende rol in die keuse van die vorm van daardie woordeboek se mikrostruktuur speel.

5.2.3 Konteks- en koteksleiding: algemene opmerkings

Alhoewel vertaalekwivalente verpligte elemente in die semantiese kommentaar is, is die hoofopdrag van die opsteller van 'n vertalende woordeboek nie net die gee van vertaalekwivalente nie, maar wel die daarstelling van doeltaalitems wat binne 'n spesifieke konteks in die doeltaal gebruik kan word om die brontaalvorm mee te vertaal ... Vertaalekwivalente moet op so 'n manier aangebied word dat die woordeboekgebruiker op 'n enkoderende manier daarmee kan omgaan ...

Gouws (1994: 73)

Daar word gesê dat die daarstelling van vertaalekwivalente seker die belangrikste komponent van die leksikografiese bewerking in vertalende woordeboeke is. Omdat dit baie selde gebeur dat die semantiese bestek van die lemma en die vertaalekwivalente daarvan oorvleuel, is dit die leksikograaf se plig om aanvullende inskrywings te voorsien ten einde kommunikatiewe ekwivalensie tussen die bron- en doeltaal te verseker; veral in daardie gevalle waar die lemma van polisemiese aard is (Gouws, 1994: 61). In laasgenoemde geval sal bykomende konteks aanduidende inligting die gebruiker help om die korrekte vertaalekwivalent te kies. Sulke aanvullende informasie is veral van groot waarde en nut in daardie gevalle waar die gebruikers van 'n vertalende woordeboek nie so vertrouwd is met die doeltaal nie weens moontlike kulturele verskille tussen die sprekers van die bron- en doeltaal. Dan is daar ook daardie gevalle waar die gebruiker dikwels gebruiksheidsleiding vereis bloot omrede hy/sy nie vertrouwd is met die korrekte gebruik van die doeltaalvorm nie as gevolg van 'n gebrek aan kennis op 'n spesifieke (vak)gebied. Laasgenoemde is waarskynlik een van die grootste probleme wat 'n vertaler van gespesialiseerde/vakkundige tekste in die oë staan.

Leksikograwe moet begin besef dat die *geringste* vorm van bykomende gebruiksheidsleiding - hetsy dit 'n enkele woord, 'n beskrywende frase of 'n illustrasie is – vir die gebruiker van daardie woordeboek die wêreld se verskil sal maak.

Once again the need but also the reference skills of the target users of each dictionary should play an important, an all-decisive role, in determining the extent of the use of illustrative examples. Lexicographers should also be

aware of different types of illustrative examples which can be used to indicate the relevant context for a given translation equivalent ...

Gouws (2002a: 203)

Voorbeeldmateriaal (insluitende definisies, grammatikale inligting, illustrasies, kontekstuele gegewens, ensovoorts) kan eintlik as 'n "... onontbeerlike hulpmiddel vir leksikograwe van alle tipes woordeboeke beskou word ..." (Mallo, 1996: 52).

Dit is nie net die kontekstuele aspek wat 'n belangrike en bepalende faktor in die uiteindelijke samestelling ten opsigte van data-aanbod van 'n tweetalige woordeboek is nie, maar ook die semantiese bestek van die betrokke lemmata:

One seldom finds a complete agreement in the semantic scope of lemma and translation equivalent. Consequently the lexicographer has to include additional entries to achieve a relation of communicative equivalence between source and target language.

Gouws (1994: 61)

Die funksie van vertalende woordeboeke behels nie net die verskaffing van vertaalekwivalente nie, maar dit moet ook te alle tye kommunikatiewe ekwivalensie bevorder.

Although example sentences can be used to give an implicit illustration of a wide-range of combinations and other usage matters the lexicographer needs to give some explicit guidance by elevating certain word combinations to treatment units accommodated within the comment on semantics. Examples should also be selected in such a way that they convey data relevant to the needs of the specific user group.

Gouws (2004: 13)

Vir die vertaler, wat teksproduksie as funksie van 'n woordeboek verlang, is kollokasies byvoorbeeld baie belangrik. Dit gaan hier dan veral ook om die regte adjektief, voorsetsel, werkwoord, ensovoorts waarmee byvoorbeeld 'n naamwoord verbind. Neem die volgende as voorbeeld: die Nederlandse ekwivalent vir die Afrikaanse woord "tafel" is presies dieselfde wat vorm en betekenis aanbetref. Die verskil tree in by die spesifieke werkwoord waarmee hierdie selfstandige naamwoord

telkens in die twee verskillende tale gebruik word: in Afrikaans: *afdek*; in Nederlands: *afruimen*. Volgens Martin & Gouws (2004) lê die verskille tussen twee nabyverwante tale (soos in hierdie geval Afrikaans en Nederlands) nie net op woordvlak en denotasie nie, maar ook op kontekstuele (kombinasies) en kontekstuele (pragmatiek, konnotasie) vlakke. In die geval van *tafel afdek/afruimen* vind ons 'n verskil op kontekstuele vlak (Gouws, 2004: 13). Dieselfde geld in die geval van die woord *posseël*: in Afrikaans kan hierdie woord onder andere met die werkwoord *plak* gekombineer word. Die Nederlandse woord (*postzegel*) verbind met die werkwoord *doen*.

Dit is belangrik in bogenoemde verband dat die leksikograaf hom/haar afvra: *wat moet ek in die konteks-/koteksafdeling vir my gebruiker daarstel wat kontrastief relevant sal wees asook watter tipe data moet ek daarstel om uiteindelik die gebruiker met sy/haar spesifieke taalaktiwiteit te kan help?*

5.2.4 Adressering

Binne enige woordeboek vind daar 'n bymekaarbring van 'n lemma en die inligting wat daarop gerig is, plaas. Dit staan bekend as 'n adresseringsprosedure. Elke inskrywing wat in 'n woordeboek gemaak word, is aan 'n bepaalde vorm, 'n adres, gerig en die term adressering verwys dan na dié gerigtheid van 'n bepaalde mikrostrukturele inskrywing. Alhoewel die meeste inskrywings 'n lemmatiese adressering het (en dus op die lemma gerig is), gebeur dit tog dat daar soms ook inskrywings voorkom wat nie noodwendig die lemma nie maar wel ander mikrostrukturele inskrywings as adres het. In so 'n geval word daar verwys na 'n nie-lemmatiese adressering. Al die verskillende tipes adressering wat in die woordeboek aangetref word, staan bekend as die adresseringstruktuur (Gouws, 1994: 64).

'n Onderskeid kan tussen verbale en nie-verbale adresseringsverhoudings getref word. Die verhouding tussen definiendum en definiens, die verskaffing van grammatiese inligting wat op die lemma gerig is asook die gebruik van voorbeeldsinne (met ander woorde konteks- en koteksleiding) word beskou as verbale adressering. Die aangawe van illustrasieprente word weer beskou as 'n vorm van nie-verbale adressering en die verhouding tussen die illustrasieprent en die betrokke lemma is 'n voorbeeld van ostensiewe adressering (Gouws, 1994: 64).

In die bespreking wat volg, val die klem op die verskynsel van adressering, die gebruik van konteks- en kontektleiding asook die invloed daarvan op adresseringsekwivalensie. Daar word ook gekyk na die kwessie van ostensiewe adressering en hoe laasgenoemde tot voordeel van die gebruiker van die vertalende woordeboek kan strek.

5.2.5 Adresseringsekwivalensie

Wanneer daar van kontektleiding gepraat word, word daar verwys na daardie sintaktiese inskrywings wat saam met 'n vertaalekwivalent aangebied word. Anders gestel: dit is daardie inskrywings (gewoonlik in die vorm van 'n voorbeeldsin) wat aan die gebruiker 'n idee sal gee van hoe die spesifieke doeltaalitem in sinsverband optree; die sintaktiese omgewing waarin daardie spesifieke item gebruik word.

vooraand: early evening; eve, threshold; *aan (op) die ~ van sy HUWELIK*, on the eve of his wedding; *in die ~ VERTREK*, leave in the early evening. (GW)

Bogenoemde voorbeeld illustreer hoe hierdie tipe bykomende data die gebruiker sal lei tot kommunikatiewe ekwivalensie.

Kontektleiding verwys weer na daardie inskrywings (gewoonlik 'n enkele woord of kort begrip na die vertaalekwivalent tussen hakies geplaas) wat meer pragmatiese inligting aan die gebruiker verskaf. Met ander woorde dit gee 'n beter aanduiding van hoe 'n spesifieke doeltaalitem/woord in 'n spesifieke omgewing/konteks optree; die pragmatiese omgewing waarin daardie spesifieke item gebruik word. Voorbeelde hiervan sluit in:

gang: ~**bank**, passage seat, gangway seat ... ~**etjie, (s)** small passage; jogrot (horse); gully (cr.); ... (GW)

In hierdie geval kan (**horse**) en (**cr.**) as konteksinskrywings beskou word aangesien dit vir die gebruiker 'n aanduiding gee van die konteks waarin die betrokke lemma gebruik (sal) word.

Beide vorme van koteks- en konteksleiding kan direk gekoppel word aan die verskynsel van adresseringsekwivalensie. Laasgenoemde verwys na die een-tot-een-verhouding wat tussen konteks- en koteksinskrywings aan die een kant en lede van die vertaalekwivalentparadigma aan die ander kant bestaan. Alhoewel adresseringsekwivalensie nie 'n voorvereiste vir 'n suksesvolle leksikografiese hantering van 'n lemma is nie, kan dit die gebruiker help om die korrekte keuse ten opsigte van 'n vertaalekwivalent te maak – veral in die geval van artikels waar polidivergensie ter sprake is (Gouws, 2002a: 203). Net soos wat die korrekte gebruik van adressering (konteks- en koteksleiding hierby ingesluit) tot voordeel van die gebruiker kan strek, kan die verkeerde (of selfs inkonsekwente) en oormatige gebruik daarvan die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê.

... addressing equivalence is not seen as the norm or even the desired situation in every comment on semantics. The consistent application ... in all articles will lead to an inflation of cotext and context entries and will decrease the functionality of this data type. However, these entries play a very important role and the lexicographer should therefore know when and where to use them.

Gouws (2002a: 205)

Dit is nie net die algehele weglating van sulke inskrywings nie, maar ook die inkonsekwente toepassing daarvan wat uiteindelik ekwivalentdiskriminasie verhoed.

To ensure proper equivalence discrimination the lexicographers of a bilingual dictionary need to utilise a well-devised system according to which these complementing entries are allocated to the translation equivalents.

Gouws (2002a: 203)

Die verkeerde toepassing van aanvullende inskrywings, hetsy op 'n kotekstuele of kontekstuele vlak, kan lei tot sogenaamde adresseringsfoute. Soms gebeur dit byvoorbeeld dat elk van die vertaalekwivalente nie funksioneer as 'n adres vir 'n koteks- of konteksinskrywing nie. In so 'n geval is daar sprake van sogenaamde *onderadressering*: sommige vertaalekwivalente word glad nie voorsien van enige

ondersteunende inskrywings ten einde hulle kotekstuele of kontekstuele gebruik/voorkoms aan te dui nie (Gouws, 2002a: 203):

abate: *verminder, verlig, verwyder, inkort – debts skulde verminder; - a legacy 'n legaat verminder; - a nuisance 'n hinder verwyder/ beëindig; - a price 'n prys verlaag /afslag /korting gee ... (DR)*

Die twee vertaalekwivalente, naamlik **verlig** en **inkort**, word nie aan die hand van 'n koteksinskrywing verder bewerk nie, terwyl die ekwivalent **verminder** in meer as een so 'n inskrywing gebruik word. Daar is geen logiese verduideliking vir hierdie inkonsekwentheid nie en gevolglik beskou ek dit as leksikografiese nalatigheid wat moontlike vertaalprobleme vir die leek (die deursneevertaler) inhou en dus effektiewe kommunikasie sal belemmer.

Ooradressering is nog 'n adresseringsfout waaraan die leksikograaf skuldig kan wees. Weereens kan die verwerking van die lemma **abate** (uit **DR**) as voorbeeld geneem word:

abate: *verminder, verlig, verwyder, inkort – debts skulde verminder; - a legacy 'n legaat verminder; - a nuisance 'n hinder verwyder/ beëindig; - a price 'n prys verlaag /afslag /korting gee ...*

In bogenoemde geval vind ons dat sommige koteksinskrywings, naamlik **'n hinder ... /beëindig, 'n prys verlaag /afslag /korting gee**, in die semantiese kommentaar aangebied word terwyl nie een daarvan 'n lid van die vertaalekwivalentparadigma as adres het nie (Gouws, 2002a: 204). Anders gestel: die gebruiker sal afkom op 'n koteksinskrywing ('n voorbeeldsin) wat nie ter verduideliking van enige van die gegewe vertaalekwivalente in die paradigma funksioneer nie. Hierdie adresseringsfout hou definitiewe implikasies vir die gebruikers in. Soos wat Gouws (2002a: 204) dit tereg stel:

A treatment like this confronts the user with definite problems and especially where the users of a dictionary have a limited knowledge of the target language ... the lack of addressing equivalence can lead to serious communication problems.

Bogenoemde stelling geld natuurlik veral ook vir vertalers wanneer hulle met vakkundige tekste (en soortgelyke woordeboeke) gekonfronteer word. Omdat vertalers 'n vertalende woordeboek sal nader ter wille van teksproduksie (die woordeboek het dus 'n enkoderende funksie) en die doeltaal ook in die meeste gevalle nie hulle moedertaal is nie, is dit van kardinale belang dat sulke woordeboeke in alle opsigte eksplisiete riglyne daarstel. Ook in die ekwivalentverhoudings van leksikale divergensie of kongruensie is adresseringsekwivalensie van die uiterste belang (Gouws, 2002a: 205).

Lexicographers have to take cognisance of the notions of addressing equivalence, zero addressing, under addressing and over addressing. When planning their dictionaries and when determining the function(s) of the dictionaries they should aim to devise a system which ensures a proper inclusion of items to complement the translation equivalents. The consistent application of this system should assist the users to make the correct choice of equivalents.

Gouws (2002a: 206)

Wanneer die leksikograaf nalaat om hoegenaamd enige van die gegewe vertaalekwivalente van 'n voorbeeld- of glosinskrywing te voorsien ten einde daardie vertaalekwivalent te koteks- of kontekstualiseer, kom *zero-adressering* voor (Gouws, 2002a: 203).

abstract (v): *onttrek, ontvreem, wegneem; abstraheer, uittreksel maak van, saamvat, opsom, verkort weergee, ekserpeer; ... (DR)*

Die lemma **abstract** word van nege vertaalekwivalente voorsien, maar die leksikograaf het nie een enkele koteks- of selfs konteksinskrywing vir een van die ekwivalente verskaf nie. Daar is dus absoluut geen vorm van gebruikleiding wat 'n oningeligte gebruiker se taak 'n bietjie sal vergemaklik nie.

Dit behoort vanself te spreek dat hierdie vorm van adressering selfs meer problematies vir die gebruiker is as onderadressering (waar daar ten minste hier en daar gebruikleiding gegee word). Die gebruiker moet nou basies intuïtief te werk gaan as dit kom by die kies van 'n korrekte of die mees gepaste vertaalekwivalent. In

so 'n geval is gebruikers, myns insiens, geneig om hulle keuses op grond van die volgorde (met ander woorde die gebruiksfrekwensie) van die doeltaalitems te maak – iets wat nie in alle gevalle sal werk nie; veral nie in die geval van polidivergensie nie.

5.2.6 Ostensiewe adressering as vorm van bykomende data-aanbod

Ostensiewe adressering verhoog die funksionaliteit van 'n vertalende woordeboek. Indien die illustreerder daarin slaag om met sy prentjies op tipiese kenmerke te fokus, help die eksplisietheid van die ikoniese medium onder meer met betekenisdifferensiasie en met 'n bewerking van lemmas wat moeilik vertaalbaar is en daardeur bevorder dit die kommunikatiewe ekwivalensie.

Gouws (1994: 82)

Die nuttige en waardevolle gebruik van hierdie tipe mikrostrukturelement in vertalende woordeboeke word dikwels misgekyk en leksikograwe besef nie dat die funksionele aanwending hiervan, veral in gevalle waar leksikale gapings ter sprake is, semantiese vervollediging kan vergemaklik en bewerkstellig nie. Soos reeds in 'n vorige hoofstuk genoem, "... speel die gebruikersperspektief 'n dominante rol in die besluitneming oor die aard en aanbieding van inligting in woordeboeke ..." (Gouws, 1994: 63). Met ander woorde, die potensiële gebruiker van 'n spesifieke woordeboek is "... van bepalende belang ... vir die tipe inligting wat in die woordeboek opgeneem word asook die manier waarop dit aangebied word ..." (Gouws, 1994: 63).

Soms word 'n woordeboek spesifiek gerig op 'n byna meer gesofistikeerde woordeboekgebruiker¹⁹; iemand wat nie deur 'n hoë digtheid van data en implisiete data-aanbod tot suksesvolle inligtingsonttrekking verhinder sal word nie omrede sy/haar naslaanvaardighede (in enige woordeboek) goed ontwikkel is. Hierteenoor word sommige woordeboeke weer saamgestel met die oog op die gebruiker met 'n laer graad van woordeboekontsluitingsvaardighede. In so 'n geval sal die data-aanbod baie meer eksplisiet (en die digtheid van die data baie laer) moet wees. Dit is juis hier

¹⁹ Dit is baie belangrik om te onthou dat, alhoewel vertalers oor die algemeen kwalifiseer as gesofistikeerde woordeboekgebruikers, dit nie beteken dat hulle vanselfsprekend ten opsigte van alle woordeboeke so geklassifiseer behoort te word nie. Daar kan 'n duidelike onderskeid getref word tussen 'n vertaler se kennis (van die betrokke vakgebied) en sy/haar kennis ten opsigte van woordeboekgebruik. In die geval van vertalende vakwoordeboeke sal 'n vertaler byvoorbeeld nie so goed regkom as in die geval van 'n algemene vertalende woordeboek nie. In so 'n geval word hy/sy selfs eerder beskou as 'n gebruiker met 'n laer graad van woordeboekontsluitingsvaardighede. Vakwoordeboeke kan dus gerus op grond hiervan aangepas word.

waar die aanbieding van illustrasieprente (as leksikografiese bewerking) deur middel van die metode van ostensiewe adressering handig te pas kom²⁰.

... the use of pictures, illustrations and charts, [is] a method all too rarely used in bilingual dictionaries. Whereas pictures are helpful in identifying objects, illustrations and charts are useful in supplying supplementary information on concepts and other cultural institutions ...

Šarčević (1989: 218-219)

5.2.7 Illustrasieprente in vertalende woordeboeke

Illustrasieprente word soms as ensiklopediese inskrywings beskou en omdat die opname van sulke inskrywings binne vertalende woordeboeke 'n sensitiewe saak is (Gouws, 1994: 68–69), word daar soms getwyfel aan die gebruik van illustrasieprente in hierdie woordeboeke. Maar, volgens Gouws (1994: 69) mag 'n *deel* van die inskrywings binne hierdie woordeboeke wel ensiklopedies van aard wees *mits* dit kan help om "... die semanties-pragmatiese gehalte van die artikel te verhoog ...". Indien die illustrasieprente a) inligting oordra wat nie nodig is vir geslaagde betekenisoordrag nie of selfs b) dupliserend optree in dié sin dat die inligting reeds in die verbale definisie aangebied is (Gouws, 1994: 69), tree dit as 't ware nie funksionierend op nie en is dit dus eintlik heel onnodig²¹.

Ondanks hulle ensiklopediese optrede, moet die ander belangrike funksies wat illustrasieprente in vertalende woordeboeke kan verrig, beklemtoon word. Gouws (1994: 70 – 71) is van mening dat die gebruik van ostensiewe inskrywings as deel van die semantiese kommentaar in 'n artikel byvoorbeeld kan help om onder andere:

- betekenis baie vinnig(er) as 'n vertaalekwivalent oor te dra
- deur middel van meer onderskeibare kenmerke as hulle verbale opponente gebruikers te help om 'n makliker keuse tussen vertaalekwivalente te maak;

²⁰ Belangrik hier is dat vakwoordeboeke ook vir die deskundiges illustrasies het.

²¹ Let wel dat leksikograwe die vryheid het om van ostensiewe adressering in 'n verklarende woordeboek gebruik te maak, maar dan moet die omvang en inhoud van die verbale definiens aangepas word. Dit is leksikografies onaanvaarbaar dat daar naas die gebruik van 'n illustrasieprent steeds 'n volle verbale definiens verskaf word. Dit is bloot 'n duplisering van inligting. Indien die omvang van 'n verbale definiens te groot is, neem die funksionele waarde van die ostensiewe inskrywing af en ly die gehalte van die betrokke woordeboek uiteindelik daaronder (Gouws, 1994: 71). Dieselfde geld vir surrogaatekwivalente en –inskrivings. In 'n vertalende woordeboek moet die vertaalekwivalente aangedui word en is ekwivalentdiskriminaie nodig – 'n eenvoudige illustrasie kan dikwels daarmee help om tussen die ekwivalente te onderskei. Bv. **rooster: grill** teenoor **rooster: time table**.

met ander woorde betekenisdifferensiasie te bevorder (veral in die geval van divergensie)

- in die plek van 'n onekonomiese verbale definiens dieselfde funksie as laasgenoemde te verrig
- in die geval van surrogaat- en selfs nulekwivalensie onmiddellik 'n duideliker (visuele) prentjie aan die gebruiker te gee (veral waar referensiële gapings ter sprake kom)

... lexicographers ... should be encouraged to “stretch” language by supplying as much information on the cultural institution as possible. Their biggest mistake is to blindly assume that translators need only a translation equivalent. Entries of culture-bound terms are useful to translators *only* if they help them overcome both linguistic and cultural distance ... (kursief deur my, IB)

Šarčević (1989: 219-220)

Die verwerking van die lemma **riempiestoel** (TW) wat in die hoofstuk oor ekwivalentverhoudings behandel is, kan weereens hier as voorbeeld gebruik word²²:

riempiestoel: riempie-seat chair

In bogenoemde voorbeeld word 'n referensiële gaping tussen die bron- en doeltaal aangetref as gevolg van kulturele verskille tussen die sprekers van die behandelde tale. Die woord **riempie** is nie 'n erkende Engelse woord nie – veral nie in Brittanje nie! Die leksikograaf het verkies om hierdie gaping op die volgende wyse te hanteer:

Gaping in doeltaal (**riempie**) – verskaf leenvertaling as surrogaatekwivalent (**riempie**) – steeds onduidelik (**riempie-seat**) – verskaf geen verdere semantiese kommentaar ter wille van geleiding nie.

Die probleem: die vertaler sit nog steeds in 'n dilemma, naamlik geen gepaste vertaalekwivalent wat in sy/haar doelgroep se verwysingsraamwerk sal pas nie. Indien

²² Onthou dat die gebruiker in hierdie geval 'n relatief oningeligte Engelssprekende vertaler is wat 'n Afrikaanse teks aan 'n Britse doelgroep (wat selfs nog meer oningelig as die betrokke vertaler sal wees) moet vertaal.

daar van die begin af van 'n illustrasieprent gebruik gemaak is, sou hierdie probleemsituasie nie ter sprake gekom het nie.



riempiestoel: riempie-seat chair (TW)

En dalk ook: a chair, usually with wooden frame and seat made of weaved thin strips of leather. Typical of South African culture (voorbeeld deur my, IB).

'n Eenvoudige illustrasie soos die een hierbo sou aan die vertaler 'n ander opsie as moontlike oplossing vir die dilemma bied, naamlik om 'n omskrywing (gegrond op wat hy/sy uit die skets/prent aflei) van die onbekende begrip in die doelteks te gee. Gouws (1994: 75) maak 'n belangrike opmerking in verband met die gebruik van ostensiewe adressering wanneer hy sê dat "... illustrasieprente ... nie leemtes in die surrogaatekwivalent se inligtingslading [vul] nie maar ... 'n volledige betekenisoordrag naas die minder bevredigende verbale ekwivalent [bied] ...".

5.2.8 Ten slotte

Soos dit op hierdie stadium duidelik behoort te blyk, maak leksikograwe oor die algemeen heeltemal te veel staat op die intuïsie van die betrokke woordeboekgebruiker (wat in hierdie geval spesifiek die vertaler is). Dit blyk uit die neiging om dikwels niks meer as 'n lys van vertaalekwivalente (sonder einge bykomende inligting) weer te gee nie. Soos wat Zgusta (1987: 6) dit stel:

... the unfortunately not infrequent malpractice of the lexicographer's using several approximative "equivalents" in the absence of an exact one, hoping that the user will get the gist of the meaning ...

Wat leksikograwe dikwels nie in hierdie verband besef nie, is dat indien hy/sy van die begin tot die einde die spesifieke gebruikersgroep (en hierby moet die vertaler eintlik outomaties ingesluit word) se behoeftes, naslaanvaardighede asook vakkundige kennis (veral wanneer dit gaan om die begrip en korrekte vertaling van gespesialiseerde tekste) in gedagte hou, behoort daar eintlik glad nie probleme met die

toeganklikheid en optimale benutting van die woordeboek te wees nie. Die grootste fout wat die meeste leksikograwe steeds maak, is om reeds vooraf sekere aannames oor hulle gebruikers te maak.

No lexicographer may assume that the users of the dictionary will intuitively know which translation equivalent to choose for a given situation. Consequently the lexicographer is compelled to utilise additional strategies to ensure an optimal retrieval of information...

Gouws (2002a: 199)

Die feit bly staan dat daar verskeie strategieë is wat so dikwels deur leksikograwe misgekyk word wat uiteindelik kon lei tot optimale inligtingsonttrekking uit die betrokke woordeboek. Konteks- en koteksleiding as verbale en ostensiewe adressering as nie-verbale inskrywings in die semantiese kommentaar kan as sulke geleidsstrategieë beskou word. Dit blyk ongelukkig telkemale die geval te wees dat waar bykomende semantiese en stilistiese informasie ontbreek, 'n foutiewe vertaling dikwels aan die orde van die dag is.

Konteks- en koteksleiding kan 'n baie belangrike bydrae lewer tot optimale inligtingsonttrekking uit vertalende woordeboeke. Sulke inskrywings kan byvoorbeeld hulp aan die gebruiker verleen in gevalle waar divergensie en surrogaatekwivalensie voorkom en sodoende dan ook die woordeboek se waarde as kommunikatiewe instrument verhoog. Die opdrag van die leksikograaf van 'n vertalende woordeboek is immers nie net om semantiese ekwivalensie tussen bron- en doeltaal te bewerkstellig nie, maar ook om sover moontlik kommunikatiewe ekwivalensie te verseker en te bevorder. Laasgenoemde kan egter slegs bereik word indien 'n ondubbelsinnige diskriminasie van vertaalekwivalente moontlik is (Gouws, 2002a: 206). Die leksikograaf moet te alle tye daarna streef om, deur alles wat hy/sy in die woordeboek insluit en aanbring, die vertaalekwivalente te komplementeer deur middel van die toepassing van konsekwente geleidsleiding (soos dit uit die bogenoemde aanhaling blyk). Indien laasgenoemde die mikpunt is wat gestel word en nagestreef word, kan so 'n woordeboek nie anders as om 'n bate vir enige gebruiker te wees nie.

Ostensiewe adressering is daar om ook in vertalende woordeboeke gebruik te word. Die korrekte gebruik daarvan kan die digtheid van die data van 'n woordeboek

verlaag en sodoende die kwaliteit en waarde daarvan verhoog. Daar is egter 'n fyn lyn tussen die funksionele en die oormatige/oortollige gebruik daarvan. Dit is die leksikograaf se plig om na die behoeftes van die potensiële teikengebruikers van die betrokke woordeboek te kyk en daarvolgens te besluit watter *tipe*, asook *hoeveelheid*, data hy/sy op *watter manier* in sy woordeboek gaan aanbied ten einde effektiewe kommunikatiewe ekwivalensie te verseker. Soos wat Šarčević (1989: 219-220) tereg sê:

... bilingual lexicographers should strive to reproduce culture-bound terms of the SL society with translation equivalents which are informative ... they should be encouraged to “stretch” language by supplying as much information on the cultural institution as possible. Their biggest mistake is to blindly assume that translators need only a translation equivalent. Entries of culture-bound terms are useful to translators *only if they help them overcome both linguistic and cultural distance.*

(Kursief deur my, IB)

5.3 ETIKETTE AS PRAGMATIESE MERKERS

5.3.1 Inleiding

Soos reeds genoem, is dit belangrik dat die leksikograaf van 'n vertalende woordeboek²³ sy/haar gebruikers se taalvaardighede en vertrouwdheid met die doeltaal (veral in die geval van vertalers) in gedagte moet hou. Alle Afrikaanssprekende vertalers is nie altyd seker wat die korrekte kontekstuele gebruik van 'n spesifieke Engelse woord, begrip of uitdrukking is nie. Dieselfde geld vir die deursnee Engelssprekende vertaler. Daarom is dit van kardinale belang dat die leksikograaf gebruik maak van effektiewe en deursigtige geleidingsaanwysings. Buiten reeds bespreekte metodes soos konteksinskrywings en voorbeeldsinne (kontekstleiding), sal dit tot die leksikograaf se eie voordeel strek indien hy/sy besluit om ook van etikette in sy/haar woordeboek gebruik te maak.

²³ Vir hierdie tesis se doeleindes, word daar oor die algemeen meer op vertalende woordeboeke gefokus. Dieselfde geld egter ook vir die behoeftes van gebruikers van alle ander tipes woordeboeke.

5.3.2 Algemene opmerkings ten opsigte van die gebruik van etikette

Etikette is mikrostruktuurelemente wat as leksikografiese deiktiese merkers binne 'n woordeboek optree. Hierdie merkers moet taalkundige sowel as pragmatiese leiding aan die gebruiker gee. Volgens Gouws (1988: 4):

Die term “etiket” verwys na daardie inskrywing(s) in 'n woordeboekartikel wat as merkers optree om die lemma of 'n ander inskrywing in die artikel se beperkinge ten opsigte van byvoorbeeld stylaard, gebruiksfere en geografiese voorkoms aan te dui.

Die belangrikste funksie van 'n etiket is dus om “... 'n aanduiding [te] gee van enige beperkinge op die gebruik van 'n bepaalde lemma, hetsy geografies, sosiaal of temporeel ... en is dus gerig op die versekering van kommunikatiewe sukses in die gebruik van die bepaalde leksikale item ...” (Gouws, 1989: 200). Lombard (1993: 140) stel dit nog eenvoudiger deur te sê dat 'n etiket help om die gebruik van 'n sekere woord binne 'n sekere gebied van die taalgebruik te plaas en ook om 'n duidelike verband tussen 'n woord en sy gebruik te lê. Deur laasgenoemde te doen, vermy die leksikograaf die moontlikheid dat gebruikers wat oningelig is ten opsigte van die korrekte gebruik van 'n spesifieke doeltaalvorm (as gevolg van kulturele verskille/hulle blote onkundigheid ten opsigte van die doekultuur of, in die geval van vakwoordeboeke, bloot net nie vertrou is met spesifieke vakgebied se terminologie nie) die verkeerde vertaalekwivalent vir 'n spesifieke situasie sal kies.

Een van die voordele van etikette kom voor waar die definiendum nie volgens die tipiese patroon van genus en differentia verklaar word nie en waar die klas of kategorie waartoe die lemma behoort, dus nie eksplisiet genoem kan word nie. In so 'n geval vervul die etiket dieselfde rol as wat die genus normaalweg vervul, naamlik om die gebruiker dadelik ten opsigte van die betrokke lemma te plaas.

Lombard (1993: 145)

Alhoewel hierdie mikrostrukturele merkers duidelik van groot nut en waarde vir enige leksikograaf van enige woordeboek is/kan wees, is dit ongelukkig so dat die

verkeerde hantering daarvan tot groot skade kan lei. Ten einde hierdie “verkeerde hantering” vry te spring, moet die volgende punte te alle tye in gedagte gehou word:

- Die aanbieding van etikette moet op ’n uniforme en konsekwente wyse geskied.
- Alle etikette wat in die woordeboek voorkom, moet reeds in die toeligtinsteks volledig omskryf en verduidelik word²⁴ sodat daar geen onsekerheid by gebruikers bestaan wat hulle waarde en gebruik betref nie.
- Etikette wat aangewend word, moet maklik verstaanbaar²⁵ (deursigtig) wees en dit word glad nie aanbeveel dat vreemde of onbekende woorde vir hierdie doeleinde gebruik word nie.
- Indien daar ’n moontlikheid bestaan dat die gebruiker nie ’n spesifieke etiket in die vorm van ’n afkorting dadelik sal verstaan nie, probeer om dit eerder volledig uit te skryf.

Lombard (1993: 150)

Om aan te sluit by die eerste van bogenoemde punte, naamlik die aanbiedingswyse van etikette: in die meerderheid algemene vertalende woordeboeke word die standaardtaal as uitgangspunt gebruik. Wanneer ’n leksikograaf etikette in sy/haar woordeboek gebruik, beteken dit dat daardie woordeboek verbind word tot ’n stelsel waarin die aan- sowel as die afwesigheid van etikette implikasies inhou. Sodra ’n etiket ontbreek in ’n woordeboek wat wel van ’n etiketteringstelsel gebruik maak, sal die gebruiker aanneem dat daardie vorm as die standaardvorm in die betrokke taal beskou word (Gouws, 1989: 200 en 201). Omdat etikette so gekies word dat dit die een of ander afwyking van die standaardtaal merk (dit wil sê ’n bepaalde beperking op die betrokke lemma se gebruik), is dit juis belangrik dat dit konsekwent toegepas moet word (Gouws, 1988: 9).

5.3.3 Die verskillende etikettipes

Lombard (1993: 141) is van mening dat daar ’n hele aantal woordeskatelmente is wat geëtiketteer kan word, byvoorbeeld terme uit verskillende vakgebiede, woorde

²⁴ Volgens Gouws (1988: 10) is dit in hierdie verband belangrik dat ’n woordeboek wat van die etiketteringstelsel gebruik maak ’n aparte afdeling in die toeligtinsteks moet bevat “... waarin die etikettipologie asook die individuele etiketgebruik verduidelik word ...”.

²⁵ Die belangrikheid hiervan kan toegeskryf word aan die feit dat etikette verantwoordelik is vir die onmiddellike oordrag van inligting met die eerste vlugtige deurkyk van ’n woordeboekartikel (Gouws, 1988: 33).

wat uit spesifieke taalkringe kom, woorde wat beperk is tot sekere geografiese gebiede en so ook woorde wat aan vreemde tale ontleen is. Omdat taal (veral Afrikaans en veral in 'n wêreld waar tegnologie nog elke dag verander en nuwighede oplewer) nooit ophou om te ontwikkel en uit te brei nie en daar voortdurend tot die woordeskat toegevoeg word, is dit ook belangrik om verouderde/argaïese vorme én neologiesmes te etiketteer. Dit is in hierdie opsig ook belangrik om te onthou dat dit nie net woordeskat-elemente is wat geëtiketteer word nie maar ook ander mikrostrukturele inskrywings, byvoorbeeld 'n bepaalde betekenisonderskeiding of 'n uitspraakvariant.

Op grond van die bogenoemde word daar hoofsaaklik tussen stilistiese, geografiese en temporele etikette onderskei. 'n Vierde kategorie kan hierby ingesluit word, naamlik vaktaaletikette. Die implikasies van die afwesigheid van elk van hierdie etikette (asook die waarde van hulle teenwoordigheid) word vervolgens aan die hand van bestaande voorbeeldmateriaal bespreek.²⁶

5.3.3.1 Stilistiese etikette

Volgens Gouws (1988: 32) is die vernaamste en primêre funksie van stilistiese etikette om bepaalde sosiolinguistiese waardes van lemmas te illustreer en die gebruik van sulke lemmas in gespreksituasies te toon. Lombard (1993: 145) sê: "... Pragmatiese inligting wat deur etikette aangebied kan word, is onder meer waar die gepastheid of nie van 'n woord vir 'n sekere gespreksituasie aangedui word ..."

Voorbeelde van sulke tipes etikette sluit onder andere in *verhewe*, *informeel*, *ongewoon*, *vulgêr*, *obseen* (Gouws, 1988: 32) asook *geselstaal*, *neerhalend*, *vloektaal*, *taboe*, *skeltaal* en *plat* (Lombard, 1993: 147-148).

Deur bogenoemde etikette korrek en bevredigend in sy/haar woordeboek toe te pas, vergemaklik die leksikograaf die gebruiker se taak ten opsigte van die korrekte vertaalekwivalent vir 'n spesifieke konteks en verseker hy/sy daardeur kommunikatiewe ekwivalensie.

²⁶ Dit is belangrik om te onthou dat die *soort woordeboek* sowel as die *tipe gebruikers* (en vanselfsprekend hulle *behoefes* ten opsigte van die woordeboek) grotendeels sal bepaal *watter* en *hoeveel* etikette aangebied gaan word.

Die teenwoordigheid van stilistiese etikette is selfs van nog groter waarde in die geval van vertalende woordeboeke omrede die lemma en sy vertaalekwivalente nie noodwendig tot dieselfde stilistiese kategorie behoort nie. Wat in die een taal as standaard- of aanvaarbare taagebruik beskou word, word nie noodwendig in 'n ander taal ook so geag nie. Indien die leksikograaf nie laasgenoemde te alle tye in gedagte hou nie en vervolgens ook nie hiervoor voorsiening maak nie, kan dit problematies vir die gebruiker van daardie woordeboek wees.

So byvoorbeeld het **TW** heelwat tekortkominge ten opsigte van stilistiese etikettering waarvoor 'n vertaler op sy/haar hoede moet wees. Kyk na die volgende vertaalekwivalentparadigma:

vomit: vomeer (vermeer), (uit)braak, opbring, opgooi, opgee, kots.

Geen etikette word gebruik nie en 'n relatief oningeligte Engelse vertaler sal gevolglik nie weet watter vertaalekwivalent die mees gepaste sal wees nie. Die afwesigheid van 'n etiket dui immers outomaties op 'n standaardvorm. So byvoorbeeld kan hy/sy kies om die Afrikaanse vertaalekwivalent **opgee** (wat oor die algemeen nie werklik in Afrikaans binne hierdie konteks gebruik word nie) bo **vomeer** of **braak** te gebruik. Hy/sy kan dalk selfs **kots** as gepaste vertaalekwivalent kies – 'n woord wat beslis nie in enige situasie voorkeur sal geniet nie. Dit blyk dus duidelik dat daar ongelukkig heeltemal te min aandag gegee word aan die etikettering van vertaalekwivalente – iets wat sonder twyfel die effektiwiteit van 'n betrokke vertalende woordeboek negatief beïnvloed.

5.3.3.2 Geografiese etikette

Hierdie tipe etikette word gebruik om ruimtelike verspreiding te merk. Dit dui gewoonlik op dialektiese variasie wat binne een land se taalgemeenskap voorkom en ook op variasie wat in die gebruik van een taal in verskillende wêrelddele kan voorkom (Gouws, 1988: 29).

In Suid-Afrika kan daar tussen verskillende variasies van Afrikaans binne verskillende streke onderskei word (streektaal). In die geval van Engels, kan daar op internasionale vlak, byvoorbeeld tussen Britse, Amerikaanse, Suid-Afrikaanse en

Nieu-Seelandse Engels onderskei word. In sulke gevalle raak dit belangrik dat daar duidelik tussen hierdie verskillende vorme van 'n enkele taal onderskei word met behulp van etikette soos onder meer *dialekties*, *gewestelik* (Gouws, 1988: 29-31) en *Br.* teenoor byvoorbeeld *Am.*²⁷ Deur sulke skynbaar eenvoudige inskrywings vir die gebruiker daar te stel, maak die leksikograaf seker dat enige moontlike verwarring en onsekerheid uit die weg geruim word. 'n Vertaler sal sodoende byvoorbeeld nie 'n Amerikaanse slengvorm in 'n teks gebruik wat eintlik op 'n Britse lesersgroep gerig is nie.

rabbit: ... (*Br. infml., neerh.*) voortbabbel, aanhoudend /aanmekaar/ aaneen babbel ... kwetter, kerm ... (NW)

rad: (*Am. sl.*) bak(gat), wonderlik ... (NW)

pimp: (*SA sl.*) informant, (ver)klikker; spioen ... (NW)

willy-willy: (*Austr.*) (tropiese) sikloon; stofstorm. (NW)

Dit is belangrik dat hierdie tipe etikette aangevul moet word deur ander bykomende inskrywings in die vorm van ondersteunende voorbeeldmateriaal. Die voorbeeldsinne moet verkieslik dan ook optekeninge wees wat uit die betrokke streek kom (Gouws, 1988: 30-31). Hier is dit verder belangrik dat die leksikograaf ook doeltaalvorme, die vertaalekwivalente, moet etiketteer. Laasgenoemde sal vanselfsprekend 'n veel duideliker idee aan die gebruiker kan gee van die korrekte kontekstuele gebruik van daardie lemma.

5.3.3.3 Temporele etikette

Hierdie term word gebruik om te verwys na daardie etikette wat verantwoordelik daarvoor is om inligting aan die gebruiker weer te gee oor woorde wat van die standaardtaal afwyk op grond van hulle chronolektiese gemerktheid (Gouws, 1988: 15). Temporele etikette word gebruik om 'n bepaalde woord se mate van tydgebondenheid (beperking tot 'n spesifieke tydperk) aan te dui. Voorbeelde van

²⁷ Gouws (1988: 30) lê klem daarop dat dit nie voldoende is om 'n etiket soos *S.Afr.* net as *South African English* in die toeligtinsteks te verklaar nie. Daar behoort ten minste ook leiding gegee te word oor die aard van die verskillende variante.

sulke etikette sluit in onder andere *argaïes*, *verouderend*, *verouderd*, *histories* en *neologisme*.

Alhoewel historiese woordeboeke daarvoor bekend is om meer algemeen van temporele etikette gebruik te maak, is dit as 't ware onvermydelik dat dié tipe etikette ook in standaardwoordeboeke en omvattende woordeboeke sal voorkom (Gouws, 1988: 15-19). Laasgenoemde twee woordeboeke lewer hoofsaaklik verslag oor onderskeidelik die standaardvorm van die betrokke taal en die taal soos wat dit ten tye van die samestelling van die woordeboek gebruik word (Gouws, 1988: 19-23) en daar sal definitief op die een of ander stadium 'n inskrywing of twee in sulke woordeboeke voorkom wat tóg temporeel gemerk moet word.

Omdat dit algemeen aanvaar word dat vertalende woordeboeke as 'n reël lemmata opneem wat standaardvorme is (soos in die geval van standaardwoordeboeke), behoort daar ook minder temporele etikette daarin te verskyn. Dit beteken egter nie dat daar *geen* temporele etikette in sulke woordeboeke gebruik hoef te word nie. Dit is die leksikograaf se plig om te alle tye op sy/haar hoede te wees vir gevalle waar die lemma in die brontaal dalk nie temporeel geëtiketteer word nie, maar dit nodig kan wees om 'n vertaalekwivalent wél van so 'n etiket te voorsien.

Neem as voorbeeld (uit **TW**) die vertaalekwivalentparadigma van die Engelse lemma **therefore**:

therefore: daarom, derhalwe, dus, gevolglik, bygevolg, dientengevolge.

Die gegewe vertaalekwivalente bevat geen etikette nie en daarom verhoed niks 'n minder ingeligte vertaler, wat nie 'n moedertaalspreker van Afrikaans is nie, om **dientenvolge** eerder as **daarom**, **dus** of **gevolglik** (wat baie bekender en gebruikliker in standaard Afrikaans is) te gebruik nie. Deur 'n etiket soos *veroud.* (verouderd) of selfs *arg.* (argaïes) agter die vertaalekwivalent **dientenvolge**, byvoorbeeld, te plaas, kon die leksikograaf so 'n moontlikheid uit die weg ruim.

5.3.3.4 Vaktaaletikette

Omdat die wêreld tegnologies vinnig ontwikkel, kry ons al hoe meer te doen met tegniese en gespesialiseerde woorde wat in die woordeskat opgeneem moet word. As

gevolg van hierdie terme se (aanvanklike) redelik lae gebruiksfrekwensie (en selfs onbekendheid), is dit nodig om vaktaaletikette te gebruik ten einde onmiddellike inligtingsoordrag aan gebruikers te verseker (Lombard, 1993: 149). Vaktaaletikette word dus hoofsaaklik gebruik om beperkings aan te dui ten opsigte van die gebruik van woorde in vaktaalverband. Let op dat die begrip *vaktaal* eintlik baie wyd geïnterpreteer word en dat dit nie noodwendig net verwys na "... vakke as akademiese dissiplines nie ..." (Gouws, 1988: 27). Gebiede soos sportsoorte, beroepsrigtings, ensovoorts val ook onder hierdie kategorie en moet in woordeboeke gemerk word. *Musiek, houtwerk, medies, rekeningkunde* en *gholf* is etlike voorbeelde van vaktaaletikette wat onmiskenbare hulpmiddels is vir die vertaler in sy/haar hoofopdrag, naamlik om te alle tye kommunikatiewe ekwivalensie as eindproduk op te lewer.

Neem die volgende voorbeeld uit **NW** ter illustrasie van hoe die aanwesigheid van vaktaaletikette die werk van 'n woordeboekgebruiker, in hierdie geval 'n deursneevertaler, soveel makliker en aangener kan maak. Die vertaalekwivalente wat vir die lemma **compatible** (in **NW**) gegee word, word almal van etikette voorsien:

compatible: mengbaar; kombineerbaar; verbindbaar; (*rek., wisk. & log.*) versoenbaar; (*med., chem., fis. & bot.*) ... selfbevrugtend; (*mense*) by mekaar pas (*klere, meubels*).

Daar is dus bevredigende gebruiksheid in die vorm van kort en effektiewe etikette en die vertaler sal in hierdie geval definitief geen twyfel hê oor watter vertaalekwivalent om te gebruik nie. Hy/sy hoef geensins te wonder of te twyfel oor die korrekte kontekstuele of situasionele gebruik nie – die vaktaaletikette ruim enige onsekerheid onmiddellik uit die weg.

Volgens Gouws (1988: 28) moet vaktaaletikette in 'n *tweetalige woordeboek* (kursief deur my, IB) met groot omsigtigheid en noukeurigheid gebruik word. Alhoewel die woordeboek gebruiksheid in die vorm van konteksleiding en voorbeeldsinne oordra, mag laasgenoemde steeds nie 'n etiket (in hierdie geval spesifiek 'n vaktaaletiket) vervang nie aangesien sulke etikette die woordeboekinskrywing anker aan die tersaaklike vakgebied. Etiket bied 'n onmiddellike en eksplisiete inligtingsoordrag in teenstelling met konteks- en kontekstleiding wat dikwels vir

implisiete oordrag van die vaktaalinsigting verantwoordelik is. Om hierby aan te sluit, is Gouws verder van mening dat 'n etiket 'n lemma merk "... as behorende tot 'n vakgebied ...” en dat dit daardie lemma merk "... sodat die nie-vakkundige die nodige leiding met betrekking tot die gebruik en betekenis van die lemma kan kry” (Gouws, 1988: 29).

Bogenoemde stellings is sonder twyfel van groot waarde en kan nie genoeg beklemtoon word nie, maar is van toepassing op *algemene* tweetalige/vertalende woordeboeke. Alhoewel die daarstelling van vaktaaletikette sonder twyfel van groot waarde en nut vir enige gebruiker (veral 'n vertaler) is, is dit nie altyd nodig dat sulke etikette in vak-/gespesialiseerde woordeboeke aangebring moet word nie aangesien die vaktaalwoorde as die verstekvorm van die leksikonelemente wat gelemmatiseer word, beskou moet word²⁸. Die gebruiker van so 'n woordeboek behoort te weet dat lemmas en die vertaalekwivalente wat in 'n spesifieke vakwoordeboek gegee word, op daardie spesifieke vakgebied van toepassing is.

²⁸ Dit is belangrik om in hierdie opsig te onthou dat, in 'n vakwoordeboek, die terme uit daardie vak die versteklemmata is en gevolglik behoort slegs afwykings (met ander woorde terme uit 'n ander vakgebiede(e) duidelik geëtiketteer te word. So sal 'n mens byvoorbeeld vind dat 'n multiveldwoordeboek heelwat meer etikette bevat as 'n enkelveld- en 'n subveldwoordeboek.

HOOFSTUK 6

VAKWOORDEBOEKE

6.1 Die verhouding tussen vakwoordeboek en vertaler: die korrekte hantering van gespesialiseerde terme en tekste: 'n vertaler se alewige stryd

Vaktaal en die gebruik van gespesialiseerde /vakwoordeboeke kan bestempel word as een van die grootste probleme waarmee vertalers oor die algemeen te doen kry. Een van die redes hiervoor kan moontlik wees omdat daar nie werklik tot op hede genoeg moeite gedoen en aandag gegee word aan die leksikografiese aspek verbonde aan gespesialiseerde gebiede nie. Anders gestel: dit wil voorkom asof 'n gebruikersvriendelike woordeboek vir gebruikers (insluitende eksperte sowel as semi-eksperte) van 'n betrokke vakgebied, byvoorbeeld die ekonomie, mediese veld of die regsgeleerdheid, nie bo aan die prioriteitslys binne sulke vakgebiede staan nie. Omdat samestellers (leksikograwe hierby ingesluit) van sulke woordeboeke dikwels nie eens die behoeftes van direkte gebruikers (binne daardie betrokke gespesialiseerde gebiede) in ag neem nie, is dit eintlik geen geheim dat die behoeftes en vaardighede van die deursneeleek in die meeste opsigte selfs nog minder (indien ooit enigsins) in ag geneem word met die samestelling van hierdie tipe woordeboeke nie. En dit is juis by die laasgenoemde standpunt waar die meeste vertalers vashaak en met hulle hande in die hare sit.

Vertalers, alhoewel hulle dalk kundiges is op die gebied van woordeboekgebruik, kan eintlik dikwels terselfdertyd as leke op ander (gespesialiseerde) vakgebiede beskou word. Anders gestel: algemene vertalers is nie as 'n reël eksperte, of selfs semi-eksperte, op 'n vakgebied soos die ekonomie, regsgeleerdheid, medies, ensovoorts nie en daarom steun hulle geweldig baie op beskikbare vertalende woordeboeke. Neem byvoorbeeld 'n vertaler wat Afrikaans as moedertaal het. Alhoewel hy/sy as 'n semi-ekspert (of dalk selfs reeds ekspert) op die gebied van vertaling beskou kan word, beteken dit nie noodwendig dat hy/sy ten volle vertrouwd is met, byvoorbeeld, die Engelse taal nie – veral dalk wat grammatikale korrektheid binne 'n vreemde vakgebied betref. Maar dit blyk ongelukkig so te wees dat die meeste vakwoordeboeke saamgestel word met die oog op die eksperte (en in 'n mate ook die semi-eksperte) binne daardie betrokke vakgebied. Daar word aanvaar dat die teikengebruiker in hierdie geval baie meer spesifiek is, naamlik die deskundige en/of

die semi-deskundige (nie die algemene publiek nie) en die leksikograaf neem 'n sekere vlak van kundigheid by die gebruiker aan. Hierdie “gesofistikeerde” tipe gebruikers hou sekere komplikasies vir die struktuur van die vakwoordeboek in.

'n Woordeboek wat volgens 'n eenvoudige en bruikbare stelsel saamgestel is en die nodige inligting ten opsigte van 'n leksikale item kan verstrek deur middel van effektiewe en duidelike gebruiksheidsleiding (hetsy konteks- of koteksinskrywings, etikette of selfs illustrasieprente), sal onmiddellik enige gebruiker (nie net die vertaler nie) se taak vergemaklik.

In die afdeling wat volg, word slegs etlike van die opvallendste en waarskynlik mees problematiese kwessies ten opsigte van bestaande gespesialiseerde/vakwoordeboeke onder die aandag gebring. Moontlike praktiese oplossings vir sulke probleme word ook voorgelê.

6.2 Die inhoud van vakwoordeboeke

Binne die leksikografiese gebied van vakwoordeboeke kan daar tussen multiveld-, enkelveld- en subveldwoordeboeke onderskei word. Elk van hierdie tipe woordeboeke verskaf aan die gebruiker spesifieke inligting oor 'n spesifieke aspek van die betrokke veld. Die data wat in 'n spesifieke vakwoordeboek vervat is, moet op so 'n manier aangebied word dat die teikengebruiker dit sal verstaan. Dus: die manier waarop vakkundige inhoud aangebied word, is die belangrikste aspek en moet vir die gebruiker maklik en doeltreffend wees. Vir die gebruiker van 'n vakwoordeboek is laasgenoemde nie net 'n woordeboek nie, maar ook 'n bron van vakkundige kennis. En dit sal nie help as die data-aanbod daartoe lei dat die verlangde inligting nie uit die woordeboek onttrek kan word nie - selfs al is die inligting daarin hoe goed en deeglik.

6.3 Die toeligtingstekes van vakwoordeboeke

Soos reeds genoem, word daar tipologiese indelings binne die veld van vakwoordeboeke gemaak en die tipe inligting, sowel as die aanbieding daarvan,

verskil. Omdat die veld van vakwoordeboeke soveel meer gespesialiseerd is en 'n soveel groter verskeidenheid tipes woordeboeke bied, is dit selfs nog belangriker dat daar in die toeligtinsteks duidelik gespesifiseer word wie die teikengebruiker en wat die hoof funksie van die woordeboek is. 'n Subveldwoordeboek sal byvoorbeeld baie meer spesifiek gerig wees as 'n enkelveld- of multiveldwoordeboek en dit is belangrik dat daar reeds in die toeligtinsteks hiervan melding gemaak sal word. Deur dit te doen, sal die gebruiker van die begin af weet of hy/sy die gepaste woordeboek vir sy/haar behoeftes gekies het. Daar word ook dikwels van kruisverwysingstelsels in hierdie woordeboeke gebruik gemaak en hierdie stelsels moet in die toeligtinsteks breedvoerig verduidelik word.

Ten einde bogenoemde opmerkings te illustreer, word daar in meer detail na al hierdie aspekte in vier vakwoordeboeke gekyk. Die vier woordeboeke, naamlik *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme* (**WAG**), *Sakewoordeboek* (**SW**), *Psigologiewoordeboek* (**PW**) en *Tweetalige Polisiewoordeboek* (**TP**), asook baie kortliks *Drietelinge Regswoordeboek* (**DR**) en *Mediese Woordeboek* (**MW**), sal op vergelykende wyse bespreek word en daar sal op negatiewe sowel as positiewe aspekte kommentaar gelewer word. Aspekte uit elke woordeboek se toeligtinsteks (wat immers aan 'n mens 'n duidelike idee sal gee van die betrokke woordeboek se algemene samestelling) word in ag geneem.

In die vakwoordeboeke waaruit die voorbeeldmateriaal geneem word, word daar nie altyd 'n aanduiding gegee van wie die gebruikersgroepe van die verskillende woordeboeke is nie. Die eerste voorbeeld kom uit **DR**: vergelyk in hierdie verband *Register vir die opsporing van Latynse Regspreuke, Gebruiksaanwysings* (Bylae 4). Selfs nadat hierdie gedeelte herhaaldelik en aandagtig bestudeer is, is dit steeds uiters moeilik om agter te kom wat presies in hierdie teksgedeelte (wat basies 'n toeligtinsteks vir hierdie spesifieke afdeling in die woordeboek is) verduidelik word. Byvoorbeeld die gedeelte: "Op heel weinig uitsondering na word slegs Latynse spreuke wat as volsinne in Deel II verskyn, hier betrek, maar nie losstaande begrippe (woorde) of selfs frases nie ...". Die taalgebruik, woordeskat, sinskonstruksies en – lengte is uit en uit regstaal. Dit klink asof hier 'n regs kontrak of hofspraak ter sprake is eerder as 'n gebruiksaanwysing uit 'n woordeboek. Die kans is vervolgens skraal dat enige leek enigsins kop of stert daarvan sal kan uitmaak. Daar moet 'n eenvoudiger manier wees om hierdie stelsel te verduidelik en sodoende te verseker dat die

betrokke woordeboek vir baie meer mense, insluitende die vertaler, toeganklik en outomaties oor die algemeen van veel meer waarde sal wees.

In **WAG** se “Toeligting vir die gebruiker” (Bylae 5) bly die gebruiker sowel as die funksie van die woordeboek onbekend. Wat die data binne die teks betref: in die eerste plek is die breedvoerige verduideliking onder “Algemeen” niks anders as ’n lang en omslagtige “taalles” oor die Afrikaanse spelreëls nie. Daar word wel voorbeelde gegee wat die verskillende spelmoontlikhede/-opsies, ens. verduidelik, maar dit bly net etlike voorbeelde en dit is dus nie die enigste van daardie tipe gevalle wat die gebruiker in die woordeboek gaan aantref nie. Byvoorbeeld die verduideliking van “kollabeer” en “kollaps”: alles goed en wel, maar hoe gaan die gebruiker weet watter woorde (in die woordeboek opgeneem) ook op hierdie manier hanteer is/moet word? Al hierdie “taalkwessies” is totaal en al irrelevant en onnodig in die toeligtingstekste vir hierdie spesifieke tipe woordeboek en sy gebruikers (wat *waarskynlik* hoofsaaklik mediese eksperte of semi-eksperte is).

Die afdelings (nommers 2 tot 11) wat hierop volg, is darem in ’n mate meer van toepassing en meer direk gerig op die behoeftes wat die gebruiker ten opsigte van die woordeboek moontlik kan hê. Daar is duidelike opskrifte wat die gebruiker dadelik kan lei na die betrokke aspek binne die sentrale lys van die woordeboek. Elk van die tien afdelings (“Lemma”, “Herkoms”, ens.) is voorsien van voorbeelde wat die soms uiters ingewikkelde en omslagtige verduidelikings darem ietwat meer verstaanbaar maak. Afdelings waarmee daar spesifieke probleme met die moeilikheidsgraad (en vervolgens die gebruikersonvriendelikheid daarvan) ondervind word, is “Herkoms”, “Sinonieme”, “Verklarings” en dan ook die uitgebreide, lang verduideliking van “Onderinskrywings”. Al hierdie afdelings is op een of ander manier té ingewikkeld en as die voorbeelde nie daar was nie, sou daar hoogs waarskynlik in die meeste gevalle nie verstaan word wat daarmee bedoel word nie.

Wat afdeling 6 (“Onderinskrywings”) betref: hierdie afdeling beoog om die manier waarop en die stelsel waarvolgens die data in die betrokke woordeboek aangebied word, vir die gebruiker te verduidelik. Hierdie stelsel, alleen, is reeds verwarrend genoeg en die manier waarop dit aan die gebruiker probeer verduidelik word, dra eintlik net by tot verdere verwarring. Daar word vier/vyf verskillende onderinskrywings in hierdie afdeling behandel. Die kritiek moet nie eintlik op die

toeligtingstekst as sodanig gerig wees nie, aangesien hierdie teks maar net probeer om dit wat die gebruiker in die woordeboek self gaan teëkom, vooraf te verduidelik. Kritiek word dus hier meer gerig op die stelsels (soos in hierdie afdelings verduidelik) waarvolgens data in die woordeboek aangebied word.²⁹

In afdeling 9 (“Skryftekens”) word die korrekte gebruik van die koppel- en deelteken baie duidelik omskryf en uiteengesit, maar die vraag is net of hierdie stukkie AWS werklik dié tipe inligting is wat hierdie spesifieke woordeboek vir sy gebruiker op die ou end meer toeganklik sal maak.

In afdeling 11 (“Selfverklarende woorde”) word die aanname gemaak dat ’n aantal woorde in die Afrikaanse vorm is genoegsaam selfverklarend geag is en derhalwe nie verder verklaar word nie. Dit is ietwat gevaarlik om so iets aan te neem aangesien daar nêrens genoem word wie die spesifieke gebruiker of wat sy/haar vlak van kennis en intelligensie (op die betrokke vakgebied) is nie. En wat van die Engelssprekende gebruiker – sal hy/sy ook ’n sekere Afrikaanse vorm van ’n woord as selfverklarend beskou?

Deel 2 gee ’n duidelike Afrikaanse omskrywing van die Engels-Afrikaanse vertalende kant, maar net in Afrikaans. Moes hierdie verduideliking nie dalk ook in Engels gedruk word nie? Dit is immers gerig op die “Engelssprekende” gebruiker.

In die *Voorwoord* van **SW** (Bylae 6), moet weereens geraai word wie die teikengebruikers van hierdie woordeboek hoofsaaklik gaan en nie gaan wees nie. Daar word wél melding gemaak van die “besige sakeman” wat “doeltreffend moet kommunikeer” (m.a.w. definitief die besigheidseksper), maar terselfdertyd kry ’n mens ook die indruk dat die woordeboek ook eintlik ideaal behoort te wees vir ’n gebruikersgroep van “leke” op hierdie vakgebied, soos vertalers, aangesien daar so ’n breë spektrum gedek word (“...van die man op die hoek wat worsbroodjies verkoop, tot die rentedraende mark...”). Daar word darem in ’n mate verduidelik wat in die sentrale lys van die woordeboek aangetref gaan word, maar dit is nie so uitgebreid soos in die geval van die **WAG** se toeligtingstekst nie. Die rede hiervoor kan wees omdat die stelsel van data-aanbieding in hierdie woordeboek nie so ingewikkeld en uitgebrei is soos in die ander een nie. Daar is nie enige lemma, artikels of vreemde

²⁹ Meer inligting hieroor in afdeling oor data-aanbod in vakwoordeboeke.

inskrywings wat verduideliking nodig het nie – ons tref hier slegs die vertaalekwivalent(e) aan.

Daar word 'n lys woorde (met hul vertaalekwivalente) verstrekk. Dit is weereens goed dat hierdie woorde onder die aandag gebring word, maar hoe gaan dit die deursneeleek help om beter, meer effektiewe toegang tot hierdie woordeboek te verkry? Wat is die eintlike doel van hierdie lys? Vir iemand wat nie ingelig en op hoogte is van die finansiële of sakewêreld nie en die woordeboek bloot om, byvoorbeeld, vertaaldoeleindes wil raadpleeg, is hierdie lys (en eintlik die hele “toeligtingstek”) van geen waarde nie. Die betekenis van die sin bo-aan die tweede bladsy van die voorwoord (“Om terminologiegebruik...”) behoort nie eens vir 'n ekspert op hierdie vakgebied duidelik te wees nie. Dit is 'n geweldige lang en ingewikkelde sin wat geensins bydra tot die toeganklikheid van die woordeboek nie.

Wat wel as pluspunt vir hierdie teks kan geld, is die afkortingslys (in Afrikaans en Engels) wat heel aan die einde verstrekk word. Dit maak wel die woordeboek meer toeganklik vir die gebruiker.

Die toeligtingstekste van die volgende twee vakwoordeboeke kan byna as “ideaal” beskou word vir enige gebruiker, hetsy vir daardie gebruiker wat voorin die teks gespesifiseer word, of enigiemand wat na iets spesifiek in daardie vakgebied op soek is (soos byvoorbeeld in die geval van vertaalwerk) beskou word.

In die voorwoord van die **PW** (Bylae 7) word bogenoemde duidelik geïllustreer: “...in die meeste gevalle...die voorgraadse student in die psigologie...maar alle ander persone wat dele van die vak doseer of beoefen, of wat om die een of ander rede psigologiese literatuur raadpleeg...”. En dan word die vertaler ook in die gebruiksaanwysingsafdeling betrek: “Gebruikers wat die woordeboek vir vertaalwerk wil gebruik...”. Daar word baie spesifiek verduidelik wat (en wat nie) vertalers in hierdie woordeboek kan vind asook presies hoe hulle te werk moet gaan om effektiewe inligtingsonttrekking te verseker.

In beide die voorwoord en gebruiksaanwysing word 'n deeglike (en baie verstaanbare) verduideliking van die stelsel aangetref waarvolgens data in die woordeboek verpak is en hoe inligting uit die woordeboek onttrek kan word. Taalgebruik is deurgaans relatief eenvoudig en verduidelikings is konkreet. Dit blyk

duidelik dat die teikengebruikers se vlak van opleiding en kennis op die spesifieke vakgebied (en ook hulle wat nie so vertrouwd met die gebied is nie) deurgaans in ag geneem is en die toeligtingstekst is sonder twyfel saamgestel met die oog daarop om die woordeboek se toeganklikheid vir die gebruiker te verhoog. Laasgenoemde is eintlik baie ingewikkeld, in ag genome die uiters breë en eintlik diverse gebruikersgroep.

Daar is egter 'n negatiewe aspek waaraan aandag gegee sal moet word ten einde hierdie woordeboek se toeligtingstekst nog meer effektief te maak: die *Uiteensetting* van hierdie inligting. Anders as in die geval van die **WAG** word daar nie enige duidelike onderskeid getref tussen die verskillende aspekte wat bespreek word nie. Daar word nie van enige spesifiserende opskrifte (wat die verskillende afdelings aandui) gebruik gemaak nie. As gevolg hiervan kan daar nie gesien word waar daar, byvoorbeeld, na sinoniemverwysings en waar daar na afkortings en simbole verwys word nie en die gebruiker kan vervolgens nie onmiddellik kry waarna hy/sy op soek is nie. Laasgenoemde vertraag die gebruiker se soekproses en verlaag die gebruikervriendelikheid van die woordeboek.

Die **TP** slaag ook daarin om, soos die bogenoemde woordeboek, van die begin af geen twyfel te laat oor wie presies die gebruiker van hierdie woordeboek is nie – die naam van die woordeboek sê dit reeds. 'n Persoon wat die woordeboek raadpleeg hoef ook nie te wonder oor wat die eintlike doel en funksie van die **TP** is nie, aangesien dit reg aan die begin van die voorwoord (Bylae 8), asook op die agterblad, vermeld word: “Die hoofdoel van dié woordeboek is om...te voorsien vir 'n polisie-omgewing...” Maar dan lui dit verder: “Die woordeboek bevat ook nie uitsluitlik polisieterme nie.” Daar is ook afdelings oor *Dissiplinêre oortredings*, *Latynse regsterme* en *Wette* (Bylaes 9 – 11). Dit behoort hieruit duidelik te blyk dat die betrokke woordeboek ook, soos die **PW**, 'n relatief breë gebruikersgroep insluit – dit is nie net die polisieman vir wie die **TP** handig te pas sal kom nie, maar selfs ook vir regsliu (hetsy die ekspert of die semi-eksperthe, soos die regstudent) en vertalers van regstekste.

Daar word in die res van die kort toeligtingstekst (sien Bylae 8) nie veel uitgebrei oor die data-aanbieding in die woordeboek se sentrale lys nie. “Voorbeelde en Verduidelikings” verwys na “Metode van inskrywing” en “Afkortings in die woordeboek gebruik”. Elk van hierdie afdelings is 'n kort uiteensetting/verduideliking

in koeëlpuntformaat – ideaal vir die eintlike hoofdoelgroep. Die belangrikste aspekte word op 'n baie eenvoudige en uiters effektiewe wyse gedek en dit is nie nodig om veel meer te sê as dit wat hierin genoem word nie. Die tilde (wat as tipografiese merker in die woordeboek funksioneer) word aangedui as ~ . Die eintlike teikengebruiker van hierdie woordeboek mag dalk nie weet wat die woord “tilde” beteken nie, maar dit is nie moeilik om die tekenjie, wat bygegee word, in die woordeboek op te spoor nie. Dit is dus duidelik dat die naslaanvaardighede van die gebruiker in ag geneem word.

Die eenvoudige uiteensetting van die toeligtingsteks en die eenvoudige verduideliking van hoe die data in die woordeboek vervat is, gee reeds 'n aanduiding dat die woordeboek as sodanig nie baie ingewikkeld is om te gebruik en om inligting aan te onttrek nie. Daar moet verkieslik meer uitgebrei word oor die sogenaamde Wette en ander buitetekste wat tot die woordeboek toegevoeg is.

6.4 Die aanbod van data in vakwoordeboeke

In die geval van die aanbod van data binne enige woordeboek is dit weereens belangrik om aspekte soos die teikengebruiker se behoeftes, vlak van kennis ten opsigte van bron- en doeltaal (en vakgebied indien van toepassing) en naslaanvaardighede (met betrekking tot woordeboeke) in ag te neem. Dit wat (hopelik) volledig in die toeligtingsteks uiteengesit is, moet net so in die sentrale lys van die woordeboek aangetref word. Daar moet te alle tye onthou word dat die aanbod van die woorde (die data en uiteindelijke inligting) op so 'n wyse moet wees dat die gebruiker as 't ware sal kan “voorspel” wat hy/sy waar in die spesifieke woordeboek sal kan kry. Anders gestel: die nakoming van die voorspelbaarheidskriterium moet konsekwent wees en inligtingsonttrekking voorspelbaar.

Die aanbod van data op makrostrukturele vlak is 'n uiters belangrike aspek waaraan die leksikograaf vooraf deeglik aandag moet gee. Dit is immers die aanbod van data wat op die ou end sal bepaal of die gebruikers maklike toegang tot die woordeboek het en, dus, of die woordeboek suksesvol is of nie.

In die **WAG** se hantering van bogenoemde is daar sekere aspekte wat dringende aandag verdien. In die eerste plek is dit opvallend dat die uitleg van data nie baie gebruikersvriendelik voorkom nie – bloot omrede daar ’n mate van teksverdigting ter sprake is. Dit lyk sommer al op die oog af asof daar ’n klomp inligting opmekaar in die verskillende artikels “saamgedruk” word, wat dit vir die gebruiker moeiliker sal maak om met die data om te gaan³⁰.

6.5 Die rol van konteks- en koteksleiding binne vakwoordeboeke

Soos reeds genoem, word die meeste vakwoordeboeke nie net deur vakkundiges van daardie veld wat ’n spesifieke woordeboek dek, gebruik nie. Die gebruikersgroep van ’n vakwoordeboek kan baie uiteenlopend en breed wees. Laasgenoemde hou op meer as een gebied sekere implikasies vir daardie woordeboek se samestelling in en leksikograwe kan nie bekostig om nie hiervan bewus te wees nie.

Die **PW** is ’n goeie voorbeeld van so ’n geval waar daar ’n relatief wye spektrum van gebruikers en behoeftes (soos in die toeligtingsteks duidelik uiteengestip) is wat in ag geneem behoort te word. En dit blyk dan ook die geval te wees. Hierdie behoeftes neig in ’n kennisgerigte rigting wat die Afrikaanse psigologiestudente betref, maar ook in ’n kommunikatief-gerigte rigting wanneer die vertaler in ag geneem word. Kyk na die volgende voorbeeld:

aandagsrefleks: attention reflex

Die verandering in die grootte van die pupil wanneer die aandag op ’n voorwerp gekonsentreer word. (PW)

Uit bogenoemde voorbeeld blyk dit duidelik dat die data op ’n baie duidelike en eenvoudige wyse vir die verskillende tipes gebruikers aangebied word: daar is ’n vertaalekwivalent (wat vir vertaler sowel as student in hierdie veld handig te pas kom), ’n kort en kragtige definisie/verduideliking van elke lemma (weereens vir die spesifieke student, maar ook om vir die vertaler as betekenisleiding te dien) en dan die lys van Engels-Afrikaanse terme (vir student en vertaler). Die bylae wat agter in die woordeboek verstrek word, is ook baie duidelik uiteengesit en kan baie handig te pas

³⁰ Sien hoofstuk 5 (asook Bylae 1) vir volledige verwysing en bespreking hiervan.

kom vir die psigologiestudent. Hierdie woordeboek kan dus eintlik as 'n "eentalige woordeboek met 'n tweetalige dimensie" beskryf word – enige deursnevertaler se droom. (Sien Bylae 14.)

Die aanbod van die data is deurgaans konsekwent. Alhoewel die lemmata nie volgens die "standaard" georganiseer word nie, is dit nie (soos in die geval van die **WAG**) opmekaar ingedruk nie en kom dit dus as baie meer gebruikersvriendelik voor. Geen inskrywings blyk onnodig of omslagtig te wees nie.

In **MW** vind ons dat feitlik dieselfde uitgangspunt as in **PW** gebruik word:

lagofthalmos: enige toestand waarin die oog nie volledig sluit nie. Dit kan korneaskade veroorsaak weens oormatige ontbloting.

lagophthalmos (MW)

Net soos in die geval van **PW** word die term (waarvoor die vertaler, byvoorbeeld, 'n vertaalekwivalent soek) eers relatief eenvoudig omskryf in daardie taal wat waarskynlik die moedertaal van die gebruiker is. Daarna word die Engelse ekwivalent gegee. Deur hierdie manier van data-aanbod slaag die leksikograaf daarin om dit vir enige gebruiker baie maklik te maak om inligting uit hierdie woordeboek (wat eintlik 'n baie ingewikkelde vakgebied verteenwoordig, veral vir die deursnevertaler) te onttrek. Nie net kry die gebruiker 'n bietjie bykomende inligting nie (wat in die geval van die vertaler baie handig te pas kom aangesien dit vir hom/haar in die meeste gevalle ook oor die kennisgerigte aspek gaan), maar ook die korrekte vertaalekwivalent. Wat hierdie woordeboek selfs nog meer gebruikersvriendelik maak, is die illustrasies wat deurgaans voorkom.

Die aanbod van data in die **TP** is ook voldoende, aangesien daar reeds in die toeligtinsteks vermeld word wat die hoofdoel van die woordeboek, asook wie die spesifieke teikengebruiker, is. In die toeligtinsteks word daar ook reeds 'n aanduiding gegee dat daar in die woordeboek van konteksleiding gebruik gemaak word ("Die verband waarin 'n woord gebruik kan word...") en die manier hoe dit aangedui word. Om hierdie rede (die mate van konteksleiding) is hierdie woordeboek ook vir die vertaler van nut. Daar bestaan geen onduidelikhede oor die verband waarin 'n spesifieke term gebruik moet word nie. Byvoorbeeld:

klagte 1 charge ·waar 'n ~ in die geringste mate gestaaf is: where a charge is slightly corroborated; **2** complaint ...

Soos in die geval van die **PW** is die bylae wat agterin die **TP** verstrek word, uiters handig – nie net vir die spesifieke gebruikersgroep nie, maar ook vir vertalers en selfs regslui wat net na 'n kort en bondige samevatting (of die naam) van 'n spesifieke wet op soek is (Sien Bylaes 9 - 11).

In **SW** vind ons dat daar ook net 'n vertaalekwivalent/vertaalekwivalente weergegee word. Omdat die hoof funksie of die spesifieke gebruikersgroep van die woordeboek nêrens pertinent genoem word nie, is dit moeilik om te bepaal wat presies 'n “goeie” en gepaste struktuur vir hierdie woordeboek sou wees. Indien ons aanneem dat die teikengebruiker hoofsaaklik die ekperts of selfs semi-eksperts op hierdie spesifieke vakgebied sal wees, is die hoeveelheid data in die woordeboek, asook die manier waarop hierdie data aangebied word, heeltemal voldoende. Alhoewel daar in 'n mate van konteksleiding gebruik gemaak word, is dit steeds nie voldoende vir iemand, byvoorbeeld 'n vertaler, wat nie oor 'n redelike ekonomiese of finansiële agtergrondkennis beskik nie. Daar word wel 'n aanduiding van die konteks, waarin die term gebruik word, tussen hakies gegee, maar die woordeboek sou selfs nog meer effektief kon wees indien daar van voorbeeldsinne (met ander woorde konteksleiding) gebruik gemaak is. Neem as voorbeeld die bewerking van die lemma **aangaan**:

aangaan *snw* 1. conclusion (*eg of contract*) 2. effecting (*eg of loan*)
3. entering into (*eg agreement*) 4. incur (*eg of expense*)

Dit is belangrik om te onthou dat, alhoewel hierdie woordeboek dalk nie uitgegee is met die doel om deur 'n meer lekegebruikersgroep gebruik te word nie, selfs die ekperts (of semi-eksperts) ook van tyd tot tyd dalk onseker is oor 'n spesifieke term en die konteks waarin dit gebruik moet word. Daarom kan dit dalk gevaarlik wees om van die veronderstelling uit te gaan dat die woordeboek slegs op ekperts gerig is en dat dit vervolgens maar baie bondig kan wees wat aspekte soos die aanbod van en die hoeveelheid inligting, betekenisverklaring, ekwivalentverhoudinge, ensovoorts betref. Dit is dalk net hier waar die grootste fout gemaak word. Eerder te veel as te min data.

6.6 Die gebruik van ostensiewe adressering as geleidsleiding in tweetalige vakwoordeboeke ter wille van vertalers

Soos reeds in 'n vorige afdeling opgemerk, speel enige vertaler se verwysingsraamwerk, hetsy dit ten opsigte van 'n spesifieke taal, kultuur of dalk selfs 'n spesifieke vakgebied is, 'n groot rol in sy/haar vermoë om uiteindelik inligting uit 'n gekose woordeboek te onttrek. Omdat daar dikwels van vertalers verwag word om tekste uit verskillende vakgebiede te vertaal, beteken dit dat daar outomaties ook van vertalers verwag word om oor 'n uiters breë en alomvattende algemene kennis te beskik – iets wat met verloop van tyd ontwikkel en uitbrei. Maar hoe kan 'n leksikograaf daartoe bydra dat sy/haar vakspesifieke woordeboek die taak van 'n deursneevertaler vergemaklik? Kyk na die volgende voorbeelde uit onderskeidelik ST en MW:





Fig. 231 (a) Incisor tooth in section
(b) Molar tooth in section (nerve shown on one side, blood vessels on the other)

tooth (pl. teeth) In most vertebrates, a hard, dense structure used for biting and chewing. Teeth are arranged in the jaws and vary in shape and size according to their function. See Fig. 231; see also dental formula.

lakrimale apparaat die strukture wat vloeistof produseer en dit uit die oog dreiner


neer (*kyk illustrasie*). Die *lakrimale klier* skei *trane af, wat wegdreineer deur openingies (*puncta*) aan die binnehoeke van die oë na twee *lakrimale canaliculi*. Daarvandaan loop die trane in die neusholte in via die *lakrimale sak* en die *nasolakrimale buis. *lacrimal apparatus*



Die lakrimale apparaat

Vertalers moet dikwels tekste vertaal waarvan die vakgebied vir hulle relatief onbekend is. In so 'n geval is dit altyd makliker om die teksgedeelte te vertaal wanneer 'n mens 'n geheelbeeld van die betrokke teks kan vorm. In die voorbeeld hierbo sal die illustrasies sonder twyfel 'n leek help om byvoorbeeld 'n mediese teks (waarin daar byvoorbeeld verduidelik word hoe die menslike tand saamgestel is) en 'n teks (byvoorbeeld 'n artikel wat oor die oog handel) te vertaal deurdat hy/sy deur middel van die illustrasies 'n baie akkurater en duideliker beeld van die onderwerp kry. Nou hoef die vertaler nie woord-vir-woord aan die oorspronklike teks te hou en op die ou end dalk 'n teks produseer wat die doelgroep nie verstaan nie, maar hy/sy kan as 't ware die doelteks op so 'n manier saamstel en skep (sonder om aan die bronteks se inligting te verander, vanselfsprekend) dat dit met die doelgroep (van wie se vaardighede, behoeftes en kennis die vertaler bewus is) sal kommunikeer.

Dieselfde kan geld wanneer sport die betrokke vakgebied is – veral in die geval van kultuurspesifieke sportsoorte, byvoorbeeld bofbal (Engels: “baseball”). Omdat 'n Suid-Afrikaanse vertaler hoogs waarskynlik nie vertrou is met hierdie Amerikaanse sportsoort nie, sou 'n skets/uitbeelding van 'n bofbalveld en al die verskillende posisies en belangrike benaminge daarop aangeteken (in Engels en Afrikaans in hierdie geval) van veel meer waarde vir so 'n vertaler wees as net 'n geskrewe verduideliking daarvan. Die illustrasie op die volgende bladsy uit 'n artikel deur Šarčević (1989: 219) kan hier as sprekende voorbeeld gebruik word.



Net soos illustrasies, kan tabelle en lyngrafieke ook die wêreld se verskil maak en die taak van die vertaler aansienlik vergemaklik. Genetika is 'n veld wat sonder twyfel 'n paar vertaalprobleme sal kan oplewer – veral as die betrokke vertaler nie 'n deeglike agtergrondkennis van hierdie veld het nie. Kyk na die volgende voorbeelde uit **GT**:

amino acid abbreviation *abreviatura f para aminoácidos*

The table below enumerates the 20 amino acids that are the building blocks of proteins and the corresponding three-letter and one-letter abbreviations.

→ amino acid

Name	3-letter abb.	1-letter abb.
alanine	ala	A
arginine	arg	R
asparagine	asn	N
aspartic acid	asp	D
cysteine	cys	C
glutamine	gln	Q
glutamic acid	glu	E
glycine	gly	G
histidine	his	H
isoleucine	ile	I
leucine	leu	L
lysine	lys	K
methionine	met	M
phenylalanine	phe	F
proline	pro	P
serine	ser	S
threonine	thr	T
tryptophan	trp	W
tyrosine	tyr	Y
valine	val	V

6.7 Algemene opmerking

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die samestelling en produksie van, veral, 'n vakwoordeboek glad nie so 'n eenvoudige taak is nie. Die kombinasie van sekere vaardighede word benodig ten einde so 'n woordeboek saam te stel:

... lexicographical skills ... The role of the lexicographer is to conceive, plan, guide, direct and supervise the lexicography project...second kind of skill...linguistic knowledge...third kind of skill is general cultural and encyclopaedic knowledge...fourth category...knowledge about the subject field in question...fifth category...knowledge about the LSP in question in all the languages covered by the dictionary ...

Tarp (2000: 200)

Al die bogenoemde aspekte kan bykans nooit by 'n enkele persoon aangetref word nie. Dit spreek vervolgens vanself dat daar 'n ekspert op die betrokke vakgebied betrokke sal moet wees in die proses van woordeboekvorming.

Die noue samewerking tussen verskeie spesialiste binne die onderskeie kennisvelde kan 'n moontlike oplossing bied vir die dilemmas (waarvan etlikes bo bespreek is) wat so dikwels blyk na vore te kom binne die veld van die woordeboek, en die vakwoordeboek om spesifiek te wees.

6.8 Vaagheid en dubbelsinnigheid

... vagueness is often prevalent in presumably unequivocal business and economic texts and constitutes a serious translation problem for any translator who is not also an economist ... vagueness seems to be the rule rather than the exception in real life economic contexts and it is a frequent source of translation mistakes and failures of communication.

Gerzymisch-Arbogast (1989: 187)

'n Mens sou kon verwag dat die samestellers en leksikograwe van bestaande gespesialiseerde woordeboeke bogenoemde probleem in ag neem en vervolgens

daarna streef om 'n verbetering ten opsigte hiervan aan te bring. Maar ongelukkig, soos wat Gerzymisch-Arbogast (1989: 187) onder ons aandag bring, berus hierdie taak nie volkome by hulle nie:

Dictionaries, so far, have been of little help because the factors causing textual vagueness in technical – here economic – texts have not been isolated and sufficiently systematized to make them available to the user/translator of an economics dictionary or data bank ...

Gerzymisch-Arbogast (1989: 188) gebruik die volgende as voorbeelde van leksikale eenhede wat tot moontlike dubbelsinnigheid of vaagheid kan lei: “... INTANGIBLES, GOODWILL, or CONSERVATISM in finance and accounting, CONSIDERATION in business law or INDIVIDUAL in tax law ...”.

Met die eerste oogopslag lyk dit asof daar nie enige sprake van vertaalprobleme hier ter sprake is of selfs moontlik kan wees nie – juis vanweë die eenvoudigheid van die verskillende eenhede se oppervlakkige betekenis. Die probleem lê egter opgesluit in die feit dat al die gegewe leksikale eenhede van algemene sowel as tegniese aard kan wees – afhangende van die spesifieke konteks waarin dit moet optree.

... These lexical units can co-occur as general *and* technical concepts and can change their “sense” within the same macrotext ...
(Kursief deur my, IB)

Gerzymisch-Arbogast (1989: 188)

Dit is veral hier waar die leksikograaf dit as sy/haar plig moet ag om die woordeboekgebruiker van ordentlike en deeglike geleiding te voorsien.

Alhoewel sommiges van mening is dat hierdie vertaalprobleem (naamlik die moeilike onderskeid tussen tegniese en algemene gebruik van 'n woord) slegs 'n minimale impak kan hê omrede die regte sin van die woord bepaal word deur die sogenaamde konteks waarin dit sal funksioneer, is dit ongelukkig ook so dat daar nog gespesifiseer moet word presies watter konteksfenomeen watter sin (van 'n betrokke woord) bepaal (Gerzymisch-Arbogast, 1989: 188).

Daar is egter 'n manier (voorstel) hoe vertalers in 'n mate kan regkom indien dit nie soos bo gedoen word nie. Deur vir hom-/haarself vas te stel wat die teenoorgestelde/antonieme vorm van 'n betrokke woord is, kan hy/sy dalk 'n beter idee kry van daardie woord se gebruik binne 'n tegniese al dan algemene konteks. Volgens Gerzymisch-Arbogast (1989: 189):

One possible criterion may be found in the relation of paradigmatic opposition ... Identifying the opposites ... is a valid strategy to determine the actual sense of the term ...

Hy voeg ook by:

... the information on the sense relation of opposition is of a definite practical value to the translator in making the decision whether a term designates a general or technical concept in a given context and should thus be included as a data element in an economics dictionary for translators.

Gerzymisch-Arbogast (1989: 190)

Alhoewel die bogenoemde voorstel 'n moontlike oplossing vir die hele probleem van vaagheid en dubbelsinnigheid kan wees, is gebruikers (leke of nie) myns insiens nie veronderstel om in die eerste plek op hulle eie instink, oordeel en vernuf aangewese te wees nie – nie as hulle met 'n sogenaamde “goeie” woordeboek te doen het nie. Dit is enige leksikograaf se leksikografiese plig om reeds van die begin af die kanse vir 'n moontlike vaagheidsprobleem uit die weg te ruim. En hoe dan makliker as om net blote voldoende geleidingsleiding te verskaf?

... I [most translators] operate on *the assumption* that it is possible to produce an acceptable L2 text in an area of which one does not have specialist knowledge *provided* one has access to *suitable high quality reference works* ... (Kursief deur my, IB)

Tomaszczyk (1989: 177)

Ongelukkig word woordeboeke gewoonlik as sulke *high quality reference works* beskou en vervolgens steun die deursneevertaler meestal daarop.

With the technical vocabulary accounting for more than 80% of overall dictionary use, and with the technical dictionaries supplying less than 60% of the information sought in them, it is nevertheless the question of what to do with the vocabulary (terminology) one has that presents the greatest difficulty in L1-L2 translation when done by a non-native speaker of L2.

Tomaszczyk (1989: 181)

Once you know which of these little and not so little things are appropriate in the given contexts, it all seems so obvious, but they can cause some frustration if you do not.

Tomaszczyk (1989: 182)

Bogenoemde blyk veral waar te wees in die geval van 'n deursneevertaler wat die meeste van die tyd, as 'n leek, sukkel binne sulke “gebruikersonvriendelike” gespesialiseerde woordeboeke.

Neem as voorbeeld 'n gespesialiseerde woordeboek vir die wetenskappe en ingenieurswese onderskeidelik. Die probleem met die meerderheid gespesialiseerde woordeboeke is op hierdie stadium die feit dat gebruikers (wat nie vertrou is met die betrokke vakgebied nie) sulke woordeboeke oor die algemeen as onvolledig en selfs “swak” saamgestel ervaar. Alhoewel dit wél die geval blyk te wees, moet ons egter in gedagte hou dat “... with the proliferation of fields and disciplines a general dictionary for science and engineering cannot give an exhaustive and balanced coverage to all and remain usable (handy) ...” (Tomaszczyk, 1989: 182). Die eenvoudige rede hiervoor is dat die woordeskat van 'n vakgebied soos fisika (of chemie vir daardie onthalwe) heeltemal te groot is om deeglik en voldoende binne 'n enkele woordeboek bewerk te word (Tomaszczyk, 1989: 182). Die samestellers van sulke woordeboeke het dus nie 'n ander keuse as om so kort en bondig moontlik met die verskillende lemmata te werk te gaan nie.

'n Praktiese oplossing vir bogenoemde probleem sou natuurlik wees om, in die geval van daardie vakgebiede waar die woordeskat ongewoon groot is vanweë die verskillende onderafdelings waarin daardie veld verdeel (kan) word, te begin om woordeboeke saam te stel wat net op 'n spesifieke veld/afdeling binne daardie spesifieke vakgebied fokus (Tomaszczyk, 1989: 182).

6.9 Ten slotte

Soos uit die voorafgaande bespreking blyk, is daar talle probleme wat vertalers in die gesig staar wanneer hulle moet begin staatmaak op 'n vakwoordeboek ten einde gespesialiseerde tekste te vertaal.

Data wat in sulke woordeboeke geplaas word, is vir die meerderheid vertalers (en ander gebruikers wat waarskynlik nie met die betrokke vakgebied vertrou is nie en op daardie inligting wat hulle uit die woordeboek onttrek, aangewese is) vaag en dit is moeilik om te onderskei tussen algemene en tegniese gebruikskonteks(te) van sommige leksikale eenhede vanweë die feit dat daar nie genoegsame geleiding in hierdie woordeboeke verskaf word nie. Om aspekte soos onder andere die gebruikers van 'n betrokke woordeboek se behoeftes, hulle kennis ten opsigte van, in die geval van veral vakwoordboeke, 'n spesifieke vakgebied asook hulle vertroutheid met die taal/tale in die woordeboek te ignoreer, kan ernstige implikasies vir daardie woordeboek inhoud.

'n Toeligtingsteks, om 'n enkele maar integrale struktuurkomponent te noem, is die *sleutel* wat die leksikograaf aan sy/haar woordeboek se gebruikers kan gee. Indien die leksikograaf nalaat om dit te doen omdat hy/sy nie daarin kon slaag om 'n toeligtingsteks daar te stel wat sy/haar gebruikers van die data in die woordeboek asook die spesifieke aanbieding daarvan bewus kan maak nie, is die kans goed dat hulle van die begin af nie die woordeboekstelsel ten volle sal verstaan nie. In so 'n geval beteken dit dat hulle ook nie inligting aan die woordeboek sal kan onttrek nie en dus nie die woordeboek ten volle sal kan benut nie.

Volgens Gerzymisch-Arbogast (1989: 193) lyk 'n oplossing vir die huidige stand van sake met betrekking tot gespesialiseerde woordeboeke as volg:

An economics dictionary [or any other specialised dictionary, for that matter] or data bank for translators should focus on providing more *text-related* information in favor of phonetic, morphological, and syntactical information. As far as *macrostructure* is concerned, it should be intensive rather than extensive, with a decoding dictionary providing precise definitions and context examples rather than listing a great mass of terms.

As far as *microstructure* is concerned, it should *paradigmatically* stress lexical information ... and above all textual information. *Syntagmatically*, information on the collocation potential and fixed terminological units should be given preference over syntactic information which can be found in other, more general dictionaries.

Dit gaan dus hier hoofsaaklik om die regte woordeboek vir die regte gebruiksituasie, die spesifieke gebruiker en dat hierdie woordeboek reg saamgestel moet word. Dit beteken dat daar baie aandag gegee moet word aan onder meer die woordeboekstruktuur. Wat belangrik is hier, is dan die funksie, die struktuur en die data: die onderskeid van deskundige > semi-deskundige > leek moet dus op die manier waarop data in vakwoordeboeke bewerk word, duidelik blyk deurdat dit telkens volgens daardie gebruiker aangepas word.

HOOFSTUK 7

LEKSIKOGRAFIE EN DIE DEURSNEEVERTALER: 'N SAMEVATTING

7.1 Bepalende faktore by die uitleg en samestelling van 'n woordeboek

Uit die bespreking wat aangevoer is, het daar heelwat kwessies ten opsigte van die leksikografie na vore getree wat vir vertalers oor die algemeen ter sake is en wat hulle daaglik affekteer. Hierdie spesifieke hoofstuk word in die betrokke tesis ingesluit ten einde net 'n kort opsomming van hierdie kwessies weer te gee asook hoe die leksikograaf van 'n vertalende/tweetalige woordeboek hierdie “haakplekke” moet hanteer ter wille van die vertaler en laasgenoemde se optimale onttrekking van inligting vanuit die betrokke woordeboek.

In die eerste plek is dit belangrik om te alle tye te onthou dat geen woordeboek saamgestel kan word voordat daar nie deeglik bepaal is *wie* die spesifieke gebruikersgroep (hierby word vrae oor hulle naslaanvaardighede en kennis oor die betrokke vakgebied ingesluit) daarvan hoofsaaklik gaan wees nie, *wat* hulle van die betrokke woordeboek gaan verwag (met ander woorde die gebruikersbehoefte) en ook *waarvoor* hulle die woordeboek gaan gebruik. Vertalende woordeboeke is geen uitsondering op die reël nie. Indien die leksikograaf al hierdie vrae beantwoord, sal dit vir hom/haar makliker wees om te besluit watter *funksie* die spesifieke woordeboek moet hê: verlang die gebruikers meer (uitgebreide) inligting aangaande sekere lemmata ('n kennisgerigte funksie) of sal die basiese artikel wat die gebruikers kan help om die vertaalekwivalent te verstaan, voldoende wees (kommunikatiefgerigte funksie)? Dit behoort dus heeltemal vanself te spreek dat die funksie van die woordeboek, vertalend in hierdie geval, hoofsaaklik sal bepaal hoe die woordeboek saamgestel word en watter tipe data daarin vervat sal word.

'n Ander aspek wat deesdae ook nie buite rekening gelaat kan word nie (veral nie op die gebied van vertaling nie), is dié van kultuur. Soos dit uit hoofstuk 3 duidelik behoort te wees, kan 'n kulturele gaping tussen twee kulture (die bron- en die doeltaalkultuur) problematies vir die gebruikers van daardie spesifieke woordeboek wees. In die geval van die *Greater Dictionary of Xhosa* (waaruit voorbeeldmateriaal vir hierdie spesifieke onderwerp geneem is), kon ons sien hoe die leksikograaf “geëksperimenteer” het met die manier waarop die daarstelling van buitetekste die

sentrale lys kan aanvul. Omdat daar heelwat referensiële gapings vir 'n doeltaalgebruiker sal opduik, sou die gebruikers (vertalers) nie juis kon baat by die blote daarstelling van vertaalekwivalente of selfs die gebruik van konteks- en kotekstuele leiding, kollokasies, illustrasies, ensovoorts nie – die kulturele gaping is té groot hiervoor. Die gegewe bykomende inligting (in die vorm van aangehegde buitetekste waarin breedvoerige verduidelikings aan die gebruiker verskaf word) is van groot nut en waarde vir enigiemand (en veral vertalers van wie daar dikwels verwag word om op 'n byna multi-kulturele vlak te kan dink en werk) wat nie vertrou is met die Xhosa-kultuur en –tradisies nie. Die interaksie tussen die sentrale lys en die buitetekste is baie goed en doeltreffend.

7.2 Woordeboekuitleg op makro- en mikrovlak

Wat die makrostrukturele aspek van die samestelling van woordeboeke betref, is daar verskillende moontlikhede wat die leksikograaf tot s/haar beskikking het. In hoofstuk 4 is die voor- en nadele van verskeie makrostrukturele ordeningstipes bespreek, naamlik nesordening en die verskillende nisordeningstipes. Die bevinding was dat enkelnisting (of selfs ook eerstevlakse nesting) die mees ideale en optimale ordeningstipe vir vertalers is, terwyl verwyderde veelvuldige nisting weer as net die teenoorgestelde beskou word. Die rede hiervoor is bloot omdat daar, in die geval van laasgenoemde, dikwels verskillende subartikelklusters met dieselfde ingangslemma voorkom wat letterlik oor meer as een bladsy strek. Kyk byvoorbeeld na die verspreide manier waarop die lemma **hand** en **hoof** in **GW** aangebied word (sien Bylaes 2 en 3). Alhoewel 'n mens sou dink dat die deursnevertaler juis 'n “gekwalfiseerde” woordeboekgebruiker is en dus nie sal sukkel om die nodige inligting uit so 'n artikel te onttrek nie (selfs al word die artikelreeks onderbreek deur lemmata wat dalk nie semanties verwant is aan die ingangslemma nie, en al strek die artikelreeks oor meer as twee bladsye), is dit nie waaroor dit hier gaan nie. Ons moet onthou dat tydsdruk sekerlik sentraal staan binne elke vertaler se gebruiksituasie. Sodra 'n woordeboek se uitleg daartoe lei dat die vertaler se soektog verleng word, beteken dit dat die leksikograaf nie sy tipiese gebruiker(s) in ag geneem het nie.

Tydsdruk is dus veronderstel om 'n kriterium by die beplanning van 'n woordeboek te wees en dit beteken dat aspekte soos die toeligtingstruktuur, tipe data, maar ook die

aanbiedingswyse van hierdie data (dus die makro- en mikrostrukturele uitleg) op so 'n manier saamgestel en uiteengesit moet word sodat die vertaler in alle opsigte daarby kan baat.

Ander kwessies waaraan daar ook aandag gegee is, is naamlik dié van ekwivalentverhoudings, konteks- en koteksleiding en etikettering – alles mikrostrukturele aspekte wat deeglike voorafbeplanning vereis en waaraan die leksikograaf definitiewe aandag moet skenk.

Soos genoem, is dit baie belangrik dat die leksikograaf moet besluit *watter* data hy/sy alles in sy/haar woordeboek wil insluit. Die vraag wat hy/sy hom/haar hier moet vra, is watter data in die doeltaal daargestel moet word ten einde die gebruiker soveel moontlik te help met dit waarna hy/sy op soek is. Die leksikograaf moet kwessies soos leksikale en referensiële gapings te alle in gedagte hou en ook onthou dat 'n enkele vertaalekwivalent (sonder enige verklaring, konteks- of koteksleiding of selfs etiket) heel waarskynlik probleme gaan oplewer en dalk nie die gewenste resultate sal lewer nie. Die gebruik van voorbeeldmateriaal is ook 'n baie effektiewe manier om die leemtes tussen bron- en doeltaal te oorbrug.

7.3 Vakwoordeboeke

Al bogenoemde geld ook vir die samestelling van vakwoordeboeke. Soos by meer as een geleentheid in die bespreking beklemtoon word, gebeur dit baie min dat vertalers deskundiges op vakgebiede buite die taalkunde is. Die deursneevertaler is as 't ware niks anders as 'n leek as dit kom by vakgebiede soos medies, regsgeleerdheid, ekonomie, ingenieurwese, ensovoorts nie en daarom is dit juis so belangrik dat die woordeboeke wat wél tot hulle beskikking is en wat hulle gevolglik sal nader vir hulp, op so 'n manier saamgestel is en daardie tipe data bevat dat optimale kommunikatiewe ekwivalensie die eindresultaat sal wees. Die ideaal sou dus wees dat vakwoordeboeke (wat gewoonlik net op die deskundiges en semi-deskundiges binne 'n betrokke vakgebied gemik is) deur middel van 'n “lekevriendelike” toegangstruktuur ook gebruikers soos die deursneevertaler tegemoet sal kom. Dit is egter die meeste van die tyd nie die geval nie aangesien die meeste vakwoordeboeke nie genoegsame aandag gee aan en die uiteindelijke waarde van aspekte soos 'n eenvoudige makrostrukturele uitleg, effektiewe ekwivalentverhoudinge en bruikbare

ekwivalentverhoudinge en bruikbare en effektiewe geleidsleiding (hetsy dit in die vorm van konteks- en geleidsleiding, illustrasies of kollokasies is) besef nie.

Die waarde van ostensiewe adressering binne gespesialiseerde woordeboeke moet ook beklemtoon word. Veronderstel die vertaler moet 'n tegniese teks oor motors en/of -enjins (wat deurtrek is met ingewikkelde terme en begrippe en heel moontlik onbekend en abstrak vir die deursneevertaler sal voorkom), vertaal. In hierdie geval sal bykomende inligting in die vorm van illustrasies (soos dié in Bylaes 12 en 13 uit die **RDW**) baie handig te pas kom deurdat dit aan die vertaler 'n konkrete, visuele beeld/prentjie skep van dit wat hy/sy moet vertaal.

HOOFSTUK 8

SLOT

In hierdie stadium behoort dit baie duidelik te blyk dat die kwessie om 'n tipe woordeboek daar te stel wat in soveel moontlik naslaanbehoefte van vertalers (ekperts sowel as semi-eksperts) sal kan voorsien, 'n groot probleem vir leksikograwe inhou. Die vraag wat nou na vore tree, is of so iets enigszins moontlik is en, indien wel, in watter mate daar as 't ware 'n verandering in die leksikografiese benadering sal moet intree. Die antwoord hierop is: ja, *mits* die vertaler en die leksikograaf presies weet *wat* elkeen van die ander verwag.

Dit is belangrik om te onthou dat die take en opdrag(te) van die vertaler en dié van die tweetalige leksikograaf van mekaar verskil. Vir eersgenoemde gaan dit daaroor om die individuele teks waarmee hy/sy werk as 'n geheel te snap en om dan daardie teks in 'n aanvaarbare doeltaaltekst te omskep/transponeer (Schnorr). Die leksikograaf moet weer op sy/haar beurt kontekste filter (ten einde lemmata uit die verskillende kontekste vir sy/haar woordeboek te kan kies) en, wanneer hy/sy dan inskrywings in die woordeboek maak, weer soveel moontlik van daardie kontekste in sy/haar woordeboekinskrywings terugsit (Sawers). Vir my is dit dus byna vanselfsprekend dat, vanweë die verskillende fokus- en mikpunte asook perspektiewe wat hulle onderskeie posisies van hulle verwag, 'n gaping in kommunikasie iewers tussen leksikograaf en vertaler ter sprake sal kom.

Wat 'n sogenaamde ideale woordeboek vir vertalers betref:

It is dangerous to speak of the ideal dictionary. We should be talking about the ideal dictionary for a *particular user* ... (kursief deur my, IB).

Osselton

Indien ons bogenoemde in ag neem en die vertaler as spesifieke gebruiker beskou, hoe sou die sogenaamde ideale woordeboek vir hierdie gebruikers daarna kon uitsien?

... here is the image of the "ideal dictionary": the ideal dictionary would be a large, general bilingual dictionary for the translator. It would feature a thesaurus-type layout ... It would include variable as well as invariable set

phrases, be richly illustrated, include culture-bound terms, and have appendices with plant and animal names; it should be complemented by video recordings illustrating non-verbal communication such as gestures, facial expressions, and body language.

Sawers

Die bogenoemde voorstel lyk inderdaad na enige vertaler se droom en modelwoordeboek, maar so iets sal nietemin finansiële onbereikbaar wees – veral wanneer 'n mens in berekening bring dat daar vir elke gespesialiseerde rigting/veld (waarvan die bestaande woordeboeke probleme vir vertalers inhou) so 'n woordeboek saamgestel sal moet word.

Alhoewel dit dus nie regtig moontlik (en as 't ware prakties) is om vir elke vakgebied 'n vertalende woordeboek saam te stel wat spesifiek op die vertaler (die leek op die betrokke vakgebied) gerig is nie, moet daar tog 'n manier wees om die taak van vertalers ietwat te vergemaklik ten opsigte van woordeboekgebruik. 'n Moontlike (praktiese) wegspringpunt vir hierdie skynbaar onbegonne taak sou wees om in die vervolg by voorbaat meer aandag te gee aan die aspekte wat bespreek is, by name die gebruik van 'n effektiewe gebruikersleidingstelsel (gepaste konteks- en koteksinskrywings), etikettering, ostensiewe adressering, 'n eenvoudige stelsel van nisting of nesting en, natuurlik die middelpunt waarom dit alles draai, die eenvoudige verduideliking en verstaanbare uiteensetting van die betrokke woordeboekstelsel in die toeligtingstekst.

Dit sou dus nie noodwendig nodig wees om vreeslik te verander aan die manier waarop data in woordeboeke aangebied word nie; dit sou reeds 'n groot verskil maak as die leksikograaf net van die begin af laasgenoemde aan alle moontlike gebruikers (waarby vertalers outomaties ingesluit moet wees) op 'n verstaanbare manier verduidelik. Op die ou end sal dit nie net die leke wees wat hierby baat nie, maar selfs die deskundige gebruiker wat soms ook maar onseker oor sommige dinge in die woordeboek is.

BRONNELYS**Woordeboeke**

Bosman, D.B., Van der Merwe, I.W., Hiemstra, L.W. 1995. *Tweetalige Woordeboek /Bilingual Dictionary*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers.

Brink, A. J. 1979. *Woordeboek van Afrikaanse Geneeskundeterme*. Kaapstad: Nasou Beperk.

De Villiers, M., Smuts, J., Eksteen, L.C., Gouws, R.H. 1988⁷ (1967). *Nasionale Woordeboek*. Kaapstad: Nasou.

Du Plessis, M. 1993. *Tweetalige aanleerderswoordeboek /Bilingual learner's dictionary*. Kaapstad: Tafelberg.

Du Plessis, M. 1999. *New Words /Nuwe Woorde*. Kaapstad: Pharos.

Du Toit, I. E. 1994. *Tweetalige Polisiewoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Eksteen, L.C. (eds.) (1997¹⁴). *Groot Woordeboek /Major Dictionary*. Kaapstad: Pharos.

Geldenhuis, J. D. U. en Viljoen, E. E. 1991. *Business Dictionary /Sakewoordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Gouws, L.A., Louw, D.A., Meyer, W.F., Plug, C. 1979. *Psigologiewoordeboek*. Johannesburg: McGraw-Hill Boekmaatskappy.

Grobbelaar, P. (ed.). 1988. *Reader's Digest Afrikaans-Engelse Woordeboek /English-Afrikaans Dictionary*. Kaapstad: The Reader's Digest Association South Africa (Pty) Ltd.

Hiemstra, V.G. en Gonin, H.L. 1992. *Drietalige Regswoordeboek/Trilingual Legal Dictionary*. Kaapstad: Juta en Kie Bpk.

Kaufmann, U., Bergenholtz, H. 1998. *Encyclopedic Dictionary of Gene Tecnology: Volume I English (With Spanish Equivalent)*. Toronto: Lugus Libros.

Martin, E.A. (ed.). 1993. *Mediese Woordeboek*. Kaapstad: Oxford University Press.

Odendal, F.F., Schoonees, P.C., Swanepoel, C.J., Du Toit, S.J., Booysen, C.M. 1994. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. Johannesburg: Perskor.

Pahl, H.W. (ed.) 1989. *The Greater Dictionary of Xhosa*. Volume 3.

Alice: University of Fort Hare.

Smuts, M. (ed.) 2001. *SASOL Science & Technology resource*. Kaapstad: Infosure Publishers.

Snyman, H.W. 1972. *Geneeskunde Woordeboek*. Durban: Butterworths.

Trümpelmann, G.P.J., Erbe, E. 1983. *Woordeboek/Wörterbuch*. Pretoria: J.L. Van Schaik.

ANDER BRONNE

Bergenholtz, H. & Tarp, S. (reds.) 1995. *Manual of Specialized Lexicography*. Amsterdam: John Benjamins.

Bergenholtz, H., Tarp, S., Wiegand, H.E. 1999. Datendistributionsstrukturen, Makro- und Mikrostrukturen in neuen Fachwörterbüchern. In: Hoffmann, Lothar, Hartwig Kalverkämper, Herbert Ernst Wiegand (Reds.). *Fachsprachen. Languages for Special Purposes. Ein internationales Handbuch zur Fachsprachenforschung und Terminologiewissenschaft. An International Handbook of Special-Language and Terminology Researsch*. Berlyn: Walter de Gruyter: 1762 – 1832.

Brand, J.E. 2000. *Lexicographic inconsistency in the central list of Major Dictionary/Groot Woordeboek*. Ongepubliseerde M.Phil. tesis. Universiteit van Stellenbosch.

Bugarski, R. 1985. Translation across cultures: Some problems with terminologies. Verskyn in: Jankowsky, K.R. (red.). *Scientific and Humanistic Dimensions of Languages. Festschrift for Robert Lado*. Philadelphia: Benjamins. 159-163.

Dagut, M. 1981. Semantic Voids as a Problem in the Translation Process. *Poetics Today* 2(4): 61-71.

Fouché-Van der Merwe, M. 1999. *Gebruikerspersektief in die Afrikaanse Leksikografie*. Ongepubliseerde D.Litt. tesis: Universiteit van Stellenbosch.

Gerzymisch-Arbogast, H. 1989. The Role of Sense Relations in Translating Vague Business and Economic Texts. Verskyn in: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquium held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 187 – 196.

Gouws, R.H. 1988. Die gebruik van etikette as leksikografiese hulpmiddel. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Taalkunde*. Geleentheidsuitgawe 6.

Gouws, R.H. 1989. *Leksikografie*. Pretoria: Academica.

Gouws, R.H. 1994. Ostensiewe adressering in vertalende woordeboeke. *Lexikos* 4: 61 – 85.

Gouws, R.H. 2002a. Equivalent relations, context and cotext in bilingual dictionaries. *HERMES, Journal of Linguistics* 28: 195 – 209.

Gouws, R.H. 2002b. Using a Frame structure to accommodate data. *Elements De Lexicographie Gabonaise*. New York: Jimacs-Hillman Publishers. 54 – 69.

Gouws, R.H. 2002c. Niching as a Macrostructural Procedure. *Lexikos* 12: 133 – 158.

Gouws, R.H. 2003. Aspekte van mikrostrukturele verskeidenheid en inkonsekwentheid in woordeboeke. *Lexikos* 13: 92 – 110.

Gouws, R.H. 2004. Issues regarding the comment on semantics in bilingual dictionaries dealing with closely related languages. Verskyn in: Petkov, P. (red.) 2004. *Proceedings: Internationales Kolloquium zur Wörterbuchforschung*.

Hartmann, R.R.K. 1989. Lexicography, Translation and the So-Called Language Barrier. Verskyn in: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquium held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 9-20

Hermans, T. 1994. Disciplinary Objectives: The Shifting of Translation Studies. Verskyn in: Nistal, P.F. en Gozalo, J.M.B. (reds.). 1994. *Perspectivas de la Traducción Inglés /Español. Tercer Curso Superior de Traducción*. Valladolid: Instituto de Ciervas de la Educacion, Universidad de Valldolid.

Jankowsky, K.R. (red.). *Scientific and Humanistic Dimensions of Languages. Festschrift for Robert Lado*. Philadelphia: Benjamins. 159-163.

Kromann, H-P. et alia. 1991. Principles of Bilingual Lexicography, In: Hausmann, F.J. et alia. *Wörterbücher Dictionaries Dictionnaires*. Berlyn & New York: Walter de Gruyter. 2711 – 2728.

Landau, S.J. 1989. *Dictionaries The Art and Craft of Lexicography*. Cambridge: Cambridge University Press.

Lombard, F.J. 1993. Etikette in sinchroniese verklarende woordeboeke. *Lexikos 3*: 140 – 151.

Mallo, A.M. 1996. *Die Hantering van Leksikale Gapings in Afrikaanse Vertalende Woordeboeke*. Ongepubliseerde M.A. tesis: Universiteit van Stellenbosch.

Martin, W. en Gouws, R.H. 2002. A new dictionary model for closely related languages: The Dutch-Afrikaans dictionary project as a case-in-point. Verskyn in: *Proceedings: the Ninth EURALEX International Congress*. Edited by Ulrich Heid: 783 – 792.

Nida, E.A. 1975. *Exploring Semantic Structures*. München: Wilhelm Fink Verlag.

Osselton, N. Soos aangehaal uit: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 225-233.

Pöhl, E. Dictionaries as Tools for the Translator: A Critical Analysis of German-Italian Dictionaries. Verskyn in: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 129-138.

Šarčević, S. 1989. Lexicography and Translation Across Cultures. Verskyn in: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 211-224.

Sawers, R. Soos aangehaal uit: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (eds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 225-233.

Schaffner, C. 1997. Translation studies, in J. Verschueren, J-A Oestman, J.B Blommaert & C. Bulcaen (reds.). *Handbook of Pragmatics*. Amsterdam: Benjamins. 1-17.

Schnorr, V. Soos aangehaal uit: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 225-233.

Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush.

Tomaszczyk, J. 1989. L1-L2 Technical Translation and Dictionaries. Verskyn in: Snell-Hornby, M., Pöhl, E., Bennani, B. (reds.). 1989. *Translation and Lexicography. Papers read at the EURALEX Colloquim held at Innsbruck 2-5 July 1987. A Special Paintbrush Monograph*. Missouri: Paintbrush. 177 – 186.

Trautmann, C. 1993. *Ekwivalensieverhoudinge in Afrikaanse Vertalende Woordeboeke*. Ongepubliseerde M.A. tesis: Universiteit van Stellenbosch.

Zgusta, L. 1971. *Manual of Lexicography*. Den Haag: Mouton.

Zgusta, L. 1987. Translational Equivalence in a Bilingual Dictionary. *Journal of the Dictionary Society of North America* 9: 1- 48.

han'del(s)wye; procedure, action, process, proceeding; conduct, course of action, demeanour, behaviour, *handel*
 han'deversorger, manicurist.
 han'deversoring, manicure, manicuring.
 han'de-vier/voet, hande en vier voete, on all fours.
 han'dewasering, washing of hands.
 han'dewerk, handiwork, hand-work.
 han'dig; galop; canter; ~gat, hand hole; ~gebaar, gesture, motion of the hand; ~gee, (-ge-), shake hands; ~geklap, applause; plaudita, clap (ping); ~geld, earnest(-money); han(d)sel; ~gemaak, (-te), handmade; ~gemeen, hand-to-hand fight; ~scuffie, ~gemeen raak, come to blows; ~gereed-skap, hand-tools, non-power tools; ~geselsel, walkie-talkie; ~geweer, hand gun; ~gewig, dumb-bell; ~gewrig, (-te), wrist; ~gif, arrha; earnest (money); han(d)sel; ~granaat, hand-grenade; ~graveerder, hand (manual) engraver; ~greep, grip, grasp, hold; ~haaf, (ge-), maintain (autho- rity, condition, position); uphold, vindicate (rights); assert; preserve; administer; *jou ~haaf teen*, hold one's own against; maintain oneself against; ~hamer, hammer; ~harmonika, accordion.
 han'dhawer, (-s), maintainer, upholder; protector; ~sbond, maintainers' league.
 han'dhawing, maintenance, assertion, preservation, stubborn defence, vindication.
 han'dhefboom, handlever.
 han'dhotnotjies, carpal bones.
 han'dig, (-e), handy, clever, skilful, agile, adroit, dex- terous, deft; ~wees *met*, be a good hand at; ~heid, handiness, adroitness, alight-of-hand; cleverness, skill, legerdeman, agility, dexterity; dodge.
 han'djie, (-s), small hand; ~n ~HELP (*byssit*), assist, lend a hand; ~n ~SPEEL, hold hands.
 han'djiesklap, handy-handy (game).
 han'djiewol, (~jies vol), handful; a few; *die KIND is 'n ~*, the child is a handful; ~n ~MENSE, a mere handful of people.
 han'd; ~kaar, playing cards; ~kar, push-cart; ~karwats, riding whip; ~kleem, handscraw; ~kloofsag, rip (jack) saw; ~koevoet, moil, tommy-bar; ~koffer, case, portmanteau, handbag; ~kus, handkiss; ~n ~kus gooi, blow a kiss; ~kyker, palmist; ~kykery, palmistry; ~langer, (-s), helper, handyman; journeyman; abettor; aid; assistant; bottlewasher; bottle-holder; myrmidon; emissary; stall; famulus; factotum; gilly; utility man; tool, accessory, accomplice; hodman; hench- man; ~leiding, (-s), handbook; manual (of instruc- tion), textbook; ~leser, palmist, handreader; ~le- sery, palmistry, handreading; ~ligting, emancipation; ~ligter, handlever; ~lyn, hand line (angling), line in a hand; ~meul(e), handmill; quern; ~moer, finger nut; ~moffie, mitten; ~monster, hand specimen; ~omslag, handbrace; ~oplegging, laying on of hands; ~opsteking, show of hands (voting); ~palm, palm of the hand; ~perd, led-horse; second string (to someone's bow); *iem. vir 'n ~perd hou*, keep someone as a standby; ~pers, hand press; ~pik, hand pickaxe; ~pomp, handpump; ~ponsmasjien, punching bear; ~pop, puppet; ~reiking, assistance; ~reik- ing *doen*, render assistance; lend a hand; ~rem, handbrake; ~riem, handstrap.
 han'drug, backhand; ~hou, backhand stroke; ~speler, backhand player; ~spieël, hand mirror; ~vat, backhand grip; ~vlughou, backhand volley.
 han'd; ~saag, handsaw; ~sak(kle), handbag; ladies' vanity bag; attaché case; ~sela, hand signal; ~set- ter, hand compositor; ~skaaf, jackplane; ~skêr, small scissors; snips (for metals).
 han'dskoene, glove; gauntlet; *die ~ vir iem. OP- NEEM*, espouse someone's cause; take up the cud- gels on someone's behalf; *die ~ OPNEEM*, take up the gauntlet; *nie iem. om sonder ~e aan te PAK nie*, he cannot be handled with velvet gloves; *iem. die ~ TOEWERP*, throw down the gauntlet; *niet die ~ TROU*, marry by proxy; ~doos, glove box; ~hakie, glove hook; ~huwelk, proxy-marriage;

~maker, Glover; ~rekker, glove stretcher; ~tjies, small gloves; handsockle.
 han'd; ~skrif, hand(writing); manuscript; copy; codex; ~skrifdeskundige, handwriting expert; ~skrifkunde, graphology; ~skrifkunde, (-s), graphologist; ~skroef, hand-screw (vice); ~slag, slap (with hand); ~smering, hand lubrication; ~sortering, handsorting; ~spaaik, handspike; ~spieël, hand mirror; ~spuit, hand syringe; hand- pump; ~stand, handstand; ~stelarm, handstep change lever; ~stem, handrest; ~stoffertjie, whisk broom; ~stok, swagger cane; dip-rood; ~stoking, hand-firing; ~stuur, manual steering; ~tas, handbag.
 han'dtas/telik, (-e), palpable, obvious, evident; ~heid, violence; battery; *tot ~hede kom*, come to blows.
 han'd; ~tekening, signature; autograph; ~tekening- jagter, autograph hunter; ~telefoon, hand-micro- telephone; ~telegraaf, manual telegraph; ~terfjie, tartlet; ~uit, out of control (management); ~uit rak, ~uitrak, get out of control (hand); ~uitge- soek, (-te), hand-picked; ~vaardigheid, dexterity; handiness; ~vatsel, grip, handle; ear (ewer); crutch (spade); sleeve (of crank); loom (oar); haft; hit (of sword); helve; ~versneller, throttle; ~ves, (-te), charter, grant; covenant; ~vislyn, handline.
 han'drol, (hande vol), handful; *hulle is nie ~ nie, maar LANDVOL*, there is legion; they are not the only pebbles on the beach; ~n ~RAAK, become a hand- ful; *soos 'n ~VLIEE*, of doubtful value; of little worth; *met 'n ~VLIEE*, with empty hands, disap- pointed.
 han'd; ~vorm, shape of hand; ~vormig, (-e), hand- shaped, palmate; digitate; ~vulling, namptiesse- ment, provisional sentence; ~vuurwapen, small arm; ~vyf, flat file; handfile; ~waarsêr, (-s), chiromancer, palmist; ~waarsêry, chiromancy; ~wapens, small arms; ~waterpas, handlevel; ~werk, hand-work/craft, handiwork; needlework; ~werker, manual labourer, craftsman; ~werkge- sel, journeyman; ~werkke, piece of needlework; ~werkman, ~werksman, (-ne), worksmense, ~werkslu, ~werksliede, artisan; workman; la- bourer; artificer; handcraftsman; mechanic; ~werktuig, manual tool (artefact); ~woordeboek, desk dictionary; ~wortel, carpus; ~wyser, sign- post, guide-post, fingerpost.
 Hane, die, the Tricolour, France (International Rugby Team); the French.
 ha'ne; ~halk, collar beam; rancher; purlin; top beam; roof-tie; ~gekraal, crowing (of cocks); *met ~ (ge)kraal*, at cock crow; ~geveg, cockfight(ing); ~kam, cock's comb; cockscomb; celosia (flower); ~mat, cockpit; ~pas, goose-step.
 ha'nepoot, pot-hook; crow-foot; ~druifwe, honeypot, hanepoot (variety of grape, muscat of Alexandria).
 ha'nepote, boat slings.
 ha'nerig, (-e), cocky, impudent, cock-a-hoop; ~heid, cockiness.
 ha'ne; ~spat, spring-halt; ~spoor, cock's spur; ~treeltjie, (-s), short distance, stone's throw; ~veer, cock's feather; ~voet, crow foot.
 hang, (s) (-e), slope; ramp; poise; SKOTIGE ~, a back-slope; *sy ~ na STU DIE*, his inclination towards; (w) (ge-), hang; suspend, sag; droop; be hanged; *nie SLAP laat ~ nie*, not to re- lax one's efforts; *dit ~ SWAAR aan 'n mens*, it is a heavy burden to bear; *aan MEKAAR ~*, be greatly attached to each other; *tussen ~ (e) en WURG(E)*, with the greatest difficulty; between two fires.
 hang; ~band, sling; ~berger, hangberger (edible fish) (*Pachymetopon blochii*); ~beuel, tieband of kingpost; ~bout, hanging (suspension) bolt; ~brug, suspension bridge; ~draad, (-drade), drop- per (electr.).
 han'gend, (-e), pending; hanging; unsettled; pendu- line, pendulous, pensile, pendant; in abeyance; ~die beslising, pending the decision.
 hang; ~er, (-s), hanger; pendant; eardrop; dropper; ~erig, (-e), sagging; pendulous; listless; ~ertjie, (-s), locket; dropper; pendant; clothes hanger;

~fladder, (w) hover; ~gewelf, pendentive; ~haak, hanging hook; ~heup, dropped hip; ~kaatsel, dangle tag, glow (reflecting) bracelet; ~kajuit, stenderslung carriage (cabin); ~kas, wardrobe; ~klip, overhanging rock; ~klok, wall clock; ~kruis, gooserrump (defect in sheep); ~lamp, hanging lamp; ~lip, hanging lip; pendulous lip; ~sulky; ~lip wees, be in the sulks; ~lipjaghoed, (jowler); ~lippe, flaps (blood hound); ~mat, ham- nock; dandy (India); ~pad, hard road; hard la- bour, penal servitude; *iem. het ~pad gekry*, some- one was sentenced to hard labour; ~peer, hard pear (*Olivia cymosa*).
 har'der', (s) (-s), (Cape) herring; mullet (*Mugilidae*); ~n *ongeskraapte ~*, an ill-mannered oaf.
 har'der', (b) harder, louder.
 har'derig, (-e), rather hard (loud); ~heid, hardness; callosity.
 har'de; ~soolslekte, hardpad disease; ~versiersel, royal icing; ~veld, stony veld, hardveld; ~vet, suet; hard fat; *nes ~vet wees*, to be hard-hearted; ~ware, (*rek.*), hardware; ~skylf, (*rek.*), hard disc; ~wareverkepe, hardware sales.
 hard; ~gebak, (-te), hard-boiled; ~gebaker, (-de), hard-boiled; ~gekook, (-te), hard-boiled.
 hardhan'dig, (-e), rough, rude, hard-handed; ~heid, roughness, hardhandedness.
 hardhar'tig, hard-hearted; ~heid, hardheartedness.
 hard'heid, hardness; sternness, asperity; loudness; temper (of metals).
 hard'heid; ~sgraad, temper of metals; ~skaal, scale of hardness; ~smeter, sclerometer; ~s'toets, hard- ness test.
 hardhoof'dig, (-e), stubborn, obstinate; ~heid, obsti- nacy, stubbornness.
 hard; ~ho'end, ~ho'rig, (-e), hard (dull) of hearing, deaf; ~ho'rendheid, hardness of hearing.
 har'digheid, hardness; something hard, callosity.
 har'ding, hardening; ~smengsel, hardening mixture; ~soplossing, hardening (solution).
 hardkop'pig, (-e), obstinate, hard-headed; ~heid, obstinacy.
 hard'leers, (-e), slow to learn, dull-witted.
 hard'loof, hardened lead.
 hard'loop', (s), running; roadwork.
 hard'loop', (w) (ge-), run, hurry, race, make haste; ~rugby, running rugby; ~skeno, running shoe.
 hard'loper, runner; sprinter; racer; goer; estafette; ~y, running, racing; footrace.
 hardly'wig, (-e), constipated, costive; ~heid, consti- pation, costiveness.
 hard'maak, (-ge-), temper (steel).
 hardnek'kig, (-e), stubborn, obstinate, refractory; perverse; persistent (cold); dogged; hard-mouthed; obdurate; ~heid, stubbornness, obstinacy, obdu- racy; perversity; persistence, pertinacity.
 hard'op, aloud, in a clear voice; ~WONDER, won- der (surmise) aloud.
 hard'roeper, (-s), megaphone.
 hard'soldeer, (-ge-), braze; hard-solder; ~sel, braz- ing-wire; spelter.
 hard; ~soldering, brazing; ~staal, hardened steel; ~steen, freestone, ashlar; ~vet, very fat.
 hardvog'tig, (-e), unfeeling, callous, hard, hard- hearted, heartless; flint-hearted; hard-boiled; ~heid, heartlessness, hardheartedness.
 hard'vriesbak, deep-freeze(r).
 hardwer'kend, (-e), hard-working; industrious, dili- gent; ~heid, diligence.
 hard'wording, solidification; hardening.
 ha're, (vw) hers; *dit is ~*, it is hers; ~kloof = haarkloof.
 ha'reborsel = haarborsel.
 ha'rekleed, coat (animals).
 ha'rem, (-s), harem; ~broek, divided skirt.
 ha'r(er)ig, (-e), hairy, haired, piliferous, pilose, pilous, hirute, hispid, crinose; comose; ~heid, hairiness, pilosity.
 ha'ring, (-s), herring; *geroekte ~*, kippered herring; ~bootjie, herring smack; ~buis, herring-buss; ~graat, herring-bone; ~graatstek, herring-bone stitch; ~haal, porbeagle, mackerel-shark; ~kaker, herring-curer; ~net, herring-net; ~pakker, her-

hoof, main, chief, principal, major.
 hoof: ~aandryfmasjien, prime mover; ~aanklag, major charge; ~aansluiting, main connection; ~aantogsweg, main avenue of approach; ~aanval, main attack; ~aanvoerder, commander-in-chief.
 hoofaar, cephalic vein; mid-rib.
 hoof: ~afdeling, principal (main) division (section); ~agent, chief agent; ~agentskap, general agency; ~aksent, chief accent; ~aksyns, poll excise; ~altaar, high altar; ~ampenaar, chief officer; high official, head of a department; head official; ~artikel, leader, leading article, editorial; ~as, main axis; ~balk, main girder, principal; main beam; architrave.
 hoof: ~band, headband, fillet; ~bedekking, headgear, covering for the head; headress.
 hoof: ~bediende, butler; chief servant; pug; ~bedrag, principal amount; ~beginsel, cardinal principle; ~begrip, principal notion; first principle.
 hoof: ~belasting, headtax; capitulation, poll tax.
 hoof: ~bestanddeel, main constituent; principal ingredient; ~bestuur, head office; head committee; ~bestuurder, general manager, chief director; ~bestuurslid, member of the head committee; ~beswaar, chief objection; ~betekenis, principal meaning; ~betrokking, chief post; ~biblioteek, main (central) library; ~blad, leader page, principal page; chief paper; main blade (plate); ~bladsy, leader page; front page (newspaper); ~bout, king-bolt; ~brandweerpyp, fire main.
 hoof: ~brekens, ~brekking, brain-racking.
 hoof: ~bron, main spring; head-spring; ~buis, main pipe, main; ~buro, head office; ~deel, major (main) part; ~dek, main deck; ~dekking, main guard.

hoofdeksel, headgear; hood.
 hoofdelik, (-e), per head, per capita; ~AAN-SPREKLIK, severally liable; ~e STEMMING hou, take a poll (division).
 hoof: ~denkbeeld, principal idea; ~deng, cardinal virtue; ~deur, main door; ~dteet, staple diet.
 hoofdig, (-e), obstinate; ~heid, obstinacy.
 hoof: ~direkteur, chief director, director-in-chief; ~distrik, main (chief) district; ~doel, main object; ~doelwit, main (chief) aim (target); ~dra(ag)vlak, main plane; ~dryfstang, main connecting-rod; ~dryfveer, chief motive; ~eienskap, principal quality; main proposition (in mathematics).
 hoof: ~einde, top-head; ~end, lip (of spring).
 hoof: ~erfsliggaam, mother-love; ~faktor, chief factor; ~feit, main fact; ~figuur, principal figure, dominant figure; ~gebeurtenis, chief event; ~gebou, main building; ~gebrek, main fault; ~gedagte, leading idea.
 hoof: ~geld, poll tax.
 hoof: ~(ge)leiding, main (line); ~gereg, principal dish; ~getal, cardinal number; ~getuie, chief witness; ~geveg, main battle; ~grond, main cause (argument); ~grootboek, main ledger.
 hoof: ~haar, hair of the head.
 hoof: ~hotel, main hotel; ~idee, motif; ~ingang, main entrance; ~ingenieur, chief engineer; ~inhoud, chief contents; argument; ~inspekteur, chief inspector; ~kaas, (ong.), brawn; ~kabel, main (electr.); ~kanonier, master gunner; ~kantoor, head office; ~kaptein, paramount chief; ~karakter, main character (in novel); ~kelder, chief steward; head waiter; ~kerk, cathedral, chief church; ~klem, main stress (accent); ~klerk, chief clerk; ~kleur, main colour; basic dye; major suit (cards); ~klok, master clock.
 hoof: ~knik, nod of the head.
 hoof: ~kok, chef; ~kolonne, main column; ~komitee, head committee; ~kommandant, chief commandant; ~kommando, chief commando; ~kommisaris, chief commissioner; ~kommissie, general committee; ~kompartment, main compartment; ~kondukteur, chief guard (conductor); ~konstabel, chief constable; head constable; ~kraal, great place (of African chief); ~kraan, main switch, main tap.
 hoof: ~kussing, pillow.
 hoof: ~kussingblok, main bearings; pillow block; brasses; ~kwartier, headquarters; ~laer, main bearing; principal laager (hist.); ~landdros, chief magistrate (landdrost (hist.)); ~leer, main girder; main file; ~leiding, supreme direction; main (line, circuit); power main; ~leier, chief leader; chief boss; supreme; ~letter, capital letter; ~luitenant, chief lieutenant; main aide; chief help (assistant); ~lyn, main line, trunk line; ~lyngesprek, trunk call; long-distance conversation; ~lynroep, trunk call; ~lynskakelkode, trunk dialling code; ~maaltyd, principal meal; ~mag, main body; ~man, headman, chief, leader, captain; centurion; ~marslyn, main line of advance; ~middel, chief means (of livelihood); ~misdadiger, principal offender; ~motief, see hoofdryfveer; ~nerf, mid-rib (of leaves); ~offisier, chief officer; field officer; ~offisiersrang, field rank; ~omroep, high change; ~oondervraging, examination-in-chief; ~oondervrager, headmaster; principal; ~oondervrager, headmistress; principal; ~oogmerk, chief aim; ~oorsaak, principal (main) cause; ~opsigter, head overseer; ~pad, high (main) road; ~padbrug, main-road bridge; ~parade, principal parade; ~persoon, leader; hero; protagonist; leading character (in novel); ~poskantoor, general (main) post office; ~produkte, major produce; ~punt, main point; gravamen.
 hoof: ~pyn, headache; cephalalgia; 'n BARSTENDE ~, a splitting headache; 'n BLINDE ~, migraine; ~um ~ LY, suffer from headaches; ~pil, headache pill (tablet); ~poeler, headache powder.
 hoof: ~pyp, main (pipe); ~raad, main council; ~raam, (rek.), mainframe; ~rat, master wheel; ~redakteur, editor-in-chief.

main reason; ~reël, principal rule; headline; ~reger, chief justice; ~reken(e), ~rekening, ~rekenkunde, mental arithmetic; ~rif, main reef; ~rifweg, main reef road; ~rigstraat, main beam-track; ~rivier, principal river; ~rol, chief role (part); lead; die ~rol speel, play the leading part; ~rospeler, star, principal (leading) player.
 hoofs, (-e), courtly, ceremonious.
 hoof: ~saak, main point (thing); essentials; gist; pivotal question; IN die ~, in the main; in ~VERKEERD, substantially wrong; ~lik, chiefly, mainly, principally, essential(y), mostly, primarily.
 hoof: ~seil, mainsail, head sail; ~sekretaris, chief (general) secretary; ~setel, chief seat; head office; headquarters.
 hoofs: ~heid, courtliness, ceremoniousness.
 hoof: ~sieraad¹, ornament for the head.
 hoof: ~sieraad², chief ornament.
 hoof: ~silinder, master cylinder; ~sin, principal (main) clause; principal (main) sentence; ~skakelaar, main switch; master switch; ~skap, principalship, headmastership.
 hoof: ~skedel, skull, cranium.
 hoof: ~skottel, principal (main) dish, pièce de résistance; principal item.
 hoof: ~skud, head shake.
 hoof: ~skuld, principal debt; chief guilt; ~skuldenaar, principal debtor; ~skuldige, (-e), principal offender; ~slaapkamer, main bedroom.
 hoof: ~slagaar, main artery, aorta.
 hoof: ~som, capital sum, principal (money); substance, summary (of argument); ~sonde, capital sin, mortal sin; ~speler, lead (ing) player (actor); lead; ~spesialis, chief specialist; ~spoorweg, main (railway) line; ~stad, capital; metropolis; ~stadsbeplanner, chief city planner; ~stam, bole; ~stander, kingpost; ~stasie, main station; ~stelling, principal position; main position; ~straat, main street; ~streke, main points (of the compass); ~stroom, main current; mainstream; ~stroomonderwys, mainstream education; ~stroomproduksie, mainstream production; ~stuk, chapter; ~swa-righeid, principal difficulty.
 hoof: ~sweer, ulcer in the head.
 hoof: ~tafelbediende, chief steward; ~tak, main branch; ~telwoord, cardinal number; ~tema, leit-motif; burden (of song); master theme; ~toevoer, main supply; ~toevoerleiding, supply main.
 hoof: ~toesel, headress, headgear; coil.
 hoof: ~toon, main stress; keynote; ~trek, chief feature, salient feature; outline; principal trait; ~troep, main body; ~tyd, principal tense; ~uitgang, main exit; ~vak, chief (major) subject; ~valskerm, main parachute; ~veer, master spring.
 hoof: ~verband, head bandage.
 hoof: ~verdedigingslyn, main line of defence; ~verdedigingsplan, main plan of defence; ~verdeelpp, distributing main; ~verdiensle, chief merit; bulk of the income; ~verreiste, chief requisite; ~verkeerspad, ~verkeersweg, main (arterial) road, trunk road; main line of traffic; ~verpleegkundige, head nursing assistant; ~verpleegster, head nurse, sister-in-charge; ~matron, nursing sister; ~verspreiding, main distribution; ~verspreidingsingenieur, chief distribution engineer; ~vlieër, ~vlieënier, master pilot; ~voedsel, staple food, main article of food; ~vorm, main (principal) feature; ~vraag, main question; ~vyand, chief enemy; ~waarheid, cardinal truth; ~wag, main guard; ~want, main rigging.
 hoof: ~wassing, washing of head; shampoo; ~watersug, dropsy in the head; hydrocephaly.
 hoof: ~weerstand, main resistance; ~weerstandstrook, main resistance-area; ~weg, main road, high road; main route; trunk road.
 hoof: ~werk¹, mental work, head work.
 hoof: ~werk², chief business; principal work, magnum opus.
 hoof: ~wind, cardinal wind; ~windstreke, see hoof-streke.
 hoof: ~wond, wound in the head: head wound.

hoog, (b) (hoë; hoër, -ste), high (opinion); tall (tree); lofty (ideals); exalted, eminent (personage); exorbitant (prices); aloft; (s) high, anticyclone, high-pressure system; ~AAN wees, be the worse for liquor; van hoë AFKOMS, of high (noble) descent; sit ewe ~ en DROOG sit, be quite unconcerned; sit high and dry; hoë GROEIGEBIED, high growth area; iets te ~ INSIT, begin on too high a note; 'n hoë KLEUR, a high colour; flushed; ~en LAAG sweer, swear by all that one holds sacred; ~en LAAG trap, be unsteady on one's feet; of jy ~ of LAAG spring, if you like it or not; in hoë KRINGE beweeg, move about in high society (circles); van ~ tot LAAG, from high to low; dit kan nie hoër of LAER nie, there is no alternative; no excuse will be accepted; 'n hoë LEEFTYD, a great age; ~ LEWE, be living in style; dit is ~ NODIG, it is absolutely necessary; die hoë NOORDE, the extreme north; ~OPGEE oor iets, make much of something; hoë POLITIEK, high politics; hoë RENTEKOERS, high interest rate; ~SING, sing in a high key; ~in sy SKIK, very pleased, delighted; ~STUKKEND wees, be blind drunk; dit is vir my TE ~, it is above my comprehension; (dit is) (nou) ~ TYD, (it is) high time; hoë VERWAGTINGS hê, have high hopes; ~s WAARSKYNLIK, very probable; most probably, as likely as not; ~aangeskrewe, highly respected; ~adelik, (-e), very noble.

Sien ook raampie onder hoë op bl. 229.

hoog: ~ag, (-ge-), esteem highly, hold dear, respect; ~tend die uwe, yours truly (respectfully); ~ting, respect, esteem, regard.
 hoog: ~altaar, high altar; ~bejaard, (-e), very old, advanced in years; ~blond, (-e), very fair, sandy (colour); ~blou, deep blue; hoogbou, hoëbou, high rise; ~ontwikkeling, high-rise development; ~struktuur, high-rise structure; ~dag, late in the morning; red-letter day; ~dekker, high-wing monoplane.
 hoogdra wend, (-e), bombastic, grandiloquent, pompous, stilted, highflown; orotund; declamatory; altisonant; heroic; ~e taal, pompous, (highflown) language; heroic; ~heid, pompousness, grandiloquence, fustian.
 hoog: ~drawer, high-stepper; ~druk, high pressure; embossing; letterpress; ~drukgebied = hoog-druksmering, high-pressure lubrication; ~druksstelsel, high-pressure system, high; ~duikaanval, high-dive attack; H ~duits, High German; ~edel-agbare, right honourable; ~e dele, right honourable; ~eerswaarde, right reverend; ~gaande, high (words); heavy (sea); ~geag, (-te), highly esteemed; ~gebergte, (high) mountains; ~gebore, highborn; noble; ~geel, bright yellow; ~geterd, (-e), highly honoured; ~geleë, high-lying, situated at high elevation; ~geleerd, (-e), highly authority; ~geplaas, (-te), highly placed, high in authority; ~geregshof, High Court; Supreme Court (hist.); ~geskat, (-te), (highly) valued; ~gespan, (-ne), tense (expectation); highly strung; wrought up; ~gestem, (-de), high-pitched; ~gewaardeer, (-de), ~d, (-e), highly appreciated; ~groen, bright green.
 hooghar tig, (-e), proud, haughty; cavalier; stand-offish; proud-spirited; high and mighty; lofty; ~heid, pride, haughtiness; hauteur, loftiness.
 hoog: ~heid, highness, majesty, grandeur; elevation; greatness; Sy H ~, His Highness, His Eminence.
 Hoog: ~hollands, (South African) High Dutch.
 hoog: ~hou, (-ge-), uphold, maintain; live up to.
 hoog: ~konjunktuur, (ong.), boom, trade boom.
 hoog: ~land, highland, plateau.
 Hoog: ~lande, Highlands (of Scotland); ~r, (-s), High-lander; ~rbroek, trows.
 hoog: ~leraar, professor; ~somp, professorship.
 Hoog: ~lied, Song of Solomon, Canticles.
 hoog: ~liggend, (-e), high-lying; ~e gruis, high-level gravel.
 hoog: ~lopend, (-e), high (words); heavy (seas); ~luokunde, (see) aerology; ~natie, high mass;

REGISTER VIR DIE OPSPORING VAN LATYNSE REGSPREUKE

Alfabetiese Lys Afrikaanse Sleutelwoorde in Vertalings van Latynse Sitate in Deel II

(met verwysing na die *aanvangswoorde* van elke sitaat)

Die lys val in twee dele:

- A. Omskrywinge of Definisies van Regsbegrippe
(wat eintlik nie spreuke is nie)
- B. Verwysing na Regspreuke of Aanhalinge

GEBRUIKSAANWYSINGE (geld vir LYS A sowel as LYS B)

Die doel van hierdie register is om dit vir die leser moontlik te maak om vas te stel of 'n sekere regspreuk, waarvan die presiese formulering nie bekend is nie, maar waarvan die algemene strekking dit wel is, onder die Latynse aanhalinge opgeneem is, en indien wel, waar dit staan. Ons begin met die *inhoud* van die spreuk in sy Afrikaanse vorm, stel vas wat die sleutelwoord(e) daarin is en slaan dit in onderstaande lys na. Op heel weinig uitsonderinge na word slegs Latynse spreuke wat as *volsinne* in Deel II verskyn, hier betrek, maar nie losstaande begrippe (woorde) of selfs frases nie. Die paar uitsonderinge betref onmisbare uitdrukkinge soos *litam suam facere*.

'n Voorbeeld ter verduideliking. Ons wil vasstel of die gedagte dat die skatkis immuun teen verjaring is as Latynse spreuk opgeneem is; die sleutelwoorde is 'verjaring' en 'skatkis'; by albei sal ons in ons register 'verjaring loop nie teen die skatkis nie' aantref; onmiddellik daarna staan die verwysing *adversus fiscum* in vet letters. Dit is die aanvangswoorde van die spreuk; as ons hulle in die lys Latynse aanhalinge (op bl. 154) naslaan, vind ons die hele spreuk: *adversus fiscum usucapio non procedit* (met die bewysplaas, Dig. 41.3.18).

In die reël word daar in 'n dergelike geval slegs die *twee* aanvangswoorde opgegee; indien daar egter twee of meer opeenvolgende aanhalinge is wat met dieselfde twee woorde begin, word daar met die oog op identifikasie ook die derde woord gegee (soos bv. by *nemo potest esse*), maar selde 'n vierde.

Sommige oorbekende spreuke verskyn in 'n verskeidenheid formuleringe; in sulke gevalle word die aanvangswoorde van almal (of van die meerderheid van hulle) opgegee; kyk bv. onder 'regter: niemand mag—in eie saak wees nie', waar daar na tien in die Engelse lys (judge) verskillende aanhalinge verwys word. In sulke gevalle is daar boonop in die Latynse *teks* van Deel II ook kruisverwysing tussen die aanhalinge onderling gegee.

INDEX FOR TRACING LATIN LEGAL MAXIMS

Alphabetical List of English Keywords referring to the Latin Quotations in Part II
(indicating the initial words of each quotation)

The index has two parts:

- A. Explanations or Definitions of Legal Concepts
- B. References to Legal Maxims or Quotations

DIRECTIONS FOR USE (for LISTS A and B)

The purpose of this index is to enable the reader to determine whether a given maxim of which not the exact wording but only the general purport is known appears in the alphabetical list of Latin legal terms in Part II, and if so where it may be found. We start off with the *content* of the maxim in its English form, determine which are the essential word concepts and look these up in the index. With very few exceptions references are given only to sentences, not to words or phrases, appearing in Part II. The rare exceptions are indispensable expressions such as *litem suam facere*.

An example by way of illustration. We wish to determine whether there is a rule that the treasury is immune from prescription in the list of Latin maxims; the keywords are 'treasury' and 'prescription'; under both headings in the index we find 'prescription does not run against the treasury', and added to it in italic print the words *adversus fiscum*, where on p. 154 in Part II we shall find the quotation 'adversus fiscum usucapio non procedit' and the reference 'Digest 41.3.18'.

As a rule only the *two* initial words of the Latin quotation are indicated; if, however, there are two or more quotations with the same two opening words a third is added for purposes of easy identification (e.g. in the case of *nemo potest esse*), but rarely more.

Some maxims appear in a variety of similar forms; in such cases the initial words of all or most of them are given as references; an extreme case is to be found under 'judge': no one shall act as — in his own case, where ten different formulations may be found. In such cases cross-references appear in the *text* of Part II from one synonymous quotation to the other.

Toeligting vir die gebruiker

Algemeen

Die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns is as rigsnoer gebruik wat die spelling en skryfwyse van hierdie woordeboek betref.

Die Taalkomitee was van mening dat daar vryheid moet bestaan om òf die „vreemde” woord of woordgroep te gebruik, d.w.s. die Latyn, of Grieks of Frans in die oorspronklike vorm, òf die verafrikaanse vorm (waar dit moontlik is), òf Afrikaanse ekwivalente, maar was gekant teen wat plat is, teen wat sosiaal laer gewaardeer word, al sou dit ook hoe Afrikaans wees.

Oor die jare heen is baie probleemwoorde teengekom waarvoor oplossings gevind moes word. Soms is daarin geslaag soos in die geval van die Engelse woorde *shunt* en *overtiding*. Die woord *shunt* word in geneeskunde gebruik om aan te dui dat daar byvoorbeeld in die bloedsomloop ’n abnormale verbinding kan wees tussen die regter- en die linkerkantse sirkulasie sodat ’n ongewone rigting van bloedvloei ontstaan. Uit hierdie omskrywing van die begrip blyk dit duidelik dat *shunt* nie met „rangering” vertaal kan word nie omdat dit ’n ander begripveld dek. ’n Nuwe term moes dus gevind word en daar is op die woord **aftakking** besluit, wat sedertdien heeltemal ingeburger geraak het. Vir die woord *overtiding* is in Afrikaans uiteindelik **oorbruggend** (bv. **oorbruggende aorta**) aanvaar. „Oorrydend” is ook oorweeg, maar daar is gevind dat dit minder aanneemlik is omdat ons nie ’n grondwoord „oorry” (met die aksent op die *-ry*) het nie. Daar is egter woorde waarvoor oplossings nie gevind kon word nie, bv. die Engelse „rooming-in” (’n begrip wat aandui dat die moeder saam met die baba inwoon wanneer die baba gehospitaliseer word) en „cradle cap” (’n aanpaksel wat deur verwaarlosing op ’n baba se skedel voorkom). Geen geskikte woord of kort segswyse kon hiervoor gevind word nie en gebruikers moet dit maar omskrywe.

Vir baie van die geneeskundiges wat hul opleiding in Engels gehad het, kom sekere woorde vreemd voor, maar dit word spoedig aanvaar en daar word begryp hoekom dit so voorgestel word, bv. **kollabeer** (ww.) en **kollaps** (s.nw.) en daarby ook **prolabeer** en **prolaps**. **Kollabeer** (via Nederlands uit Latyn) is vir die meeste mense heeltemal vreemd, **kollaps** lyk soos Engels sonder meer, maar **prolaps** is al bekender, sy dit dan dikwels in sy Latynse vorm **prolapsus**, asook **prolabeer**. Dit behoort **kollaps** en **kollabeer** aanneemliker te maak.

Daar moet soms tussen woorde gekies word, bv. **vomeer** en **braak**. Hoewel dit ter wille van die samehang met ons boerewoord „vomities” goed sou gewees het as ons **vomeer** kon gebruik, het navraag aan die lig gebring dat baie mense die woord **vomeer** nie ken nie (wel die plat „vermeer”, vergelyk ook die „vermeerbossie”). Nou vind hulle **braak** nie juis verhewe nie, maar baie is darem gewoond aan **braking** en **braakmiddel**. Ons stel dan voor dat **braak** (ww.), **braking** (s.nw.), **braaksel** (dit wat uitgebraak word) en **braakmiddel** gebruik word.

Wie die Latynse term wil gebruik, kan dit doen en skryf dit dan volgens die Latynse spelvorm, bv. „fossa iliaca” (mv. „fossae iliacae”). Wie „fossa” in die meervoud sou verafrikaans tot „fossas” (soos paginas), is vry om dit te doen, maar dan nie met die Latynse vorm van die selfstandige naamwoord daarby nie; „fossas iliacae” deug onses insiens nie. Ons sou dus kon kry: „fossae iliacae” of net „fossas” (Afrikaans) of net „fossae” (Latyn).

Ander woorde is met ’n mate van teensin tog aanvaar, bv. Engels *consistency*, Afrikaans **konsistensie**. Ons vertaal nie graag sonder meer nie en hou dus ook nie oormatig van **konsistensie** nie, maar vind geen geskikte plaasvervanger nie, en dan: ons het al baie woorde met dieselfde vorm, soos **frekwensie**, **pretensie**, **residensie**, ens.

Die volgende probleemgeval moet ook genoem word, nl. woorde soos Engels *ascites*, Afrikaans **askites**. Daar is oorweeg of dit **askites** of „assites” moet (of kan) wees, gedagtig ook aan bv. **sist** en nie „kist” nie, **ensefalogram** en nie „enkefalogram” nie, ens. Nou is dit nie so dat die **k**-vorm in hierdie twee gevalle verkeerd is nie, want dan sou **askites** ook verkeerd wees. Net so min is die **s**-

vorm verkeerd, want dan sou bv. **siklus** ook verkeerd wees; die Grieks is immers „kuklos”. Die posisie is eenvoudig so dat baie van ons woorde uit Grieks, dikwels via Latyn, kom. Grieks het nie ’n **c** nie, net ’n **k**; Latyn het weer geen **k** nie, net ’n **c** en in sommige verbindings ’n **g**. In Latyn is daardie **c** dan in sommige woorde uitgespreek as **s**, veral in Wes-Europese tale wat sulke woorde ontleen het. So kry ons dan soms **k**- en **s**-vorme naas mekaar, bv. „caesar” en „keiser”, „ceramic” en „keramiek”, ens. Soms het een Griekse **k** ’n **s** geword, terwyl nog ’n **k** in dieselfde woord behoue gebly het, bv. „ensiklopedie” en **siklus**, wat altwee **k**’s het in Grieks. Tog sou niemand seker bereid wees om hierdie twee woorde uit te spreek en dus te spel „enkiklopedie” en „kiklus” nie, behalwe miskien ’n puristiese „grikus”, maar nie „griskus” nie. Wat moet ons ander taalmense nou doen? Ons stel ons op die volgende standpunt: ons aanvaar die **k**- en **s**-vorm altwee as korrek, maar in ons keuse word ons gelei deur wat die sprekers sê. As daar getuienis is dat die meeste **k**-sprekers is, kies ons die **k**-vorm, soos in „askese”, en as die meeste **s**-sprekers is, dan die **s**-vorm soos in **sist**. Het ons nie voldoende getuienis dat die **k**- of **s**-vorm oorheers nie, bly ons by die letter van die geval, soos in **askites**.

Deel I Vertalend en verklarend: Afrikaans – Engels

1. Lemma (hoofwoord, voorkeurwoord, trefwoord)

Die voorkeurwoord is vet gedruk; meervoudsvorme word slegs in hoogs uitsonderlike gevalle aangedui. Die Engelse term en ekwivalente Engelse terme wat toepaslik geag word, kom ook aan die Afrikaans-verklarende kant voor en is kursief gedruk. Dit is gedoen hoofsaaklik om die gebruikswaarde van die woordeboek sover moontlik te verhoog.

Voorbeeld

haaslip: *harelip; cheiloschisis*. Aangebore gesplete bolip.

2. Herkoms

In die reël word nie aangedui dat ’n term Engels is nie omdat Engels die tweede taal van die woordeboek is. Die herkoms van woorde waarvan met redelike sekerheid vasgestel kon word dat dit van Latynse of Griekse oorsprong is, word deurgaans aangegee, tesame met die Afrikaans ekwivalente woord of woordgroep. In die meeste ander gevalle word slegs die taal van herkoms aangedui, indien dit bekend is. Die herkoms word onmiddellik na die Engelse ekwivalent vir die Afrikaanse voorkeurwoord aangegee en staan tussen hakies. Die oorspronklike taal waaraan die woord ontleen is, word deur die beginletter daarvan aangedui, bv. Latyn – L. en Grieks – G.; enkele uitsonderings is bv. O.E. – Oud-Engels en Arab. – Arabies. Die herkomswoord of -woordgroep self is kursief gedruk, terwyl die Afrikaanse ekwivalent in gewone druk verskyn.

Voorbeelde

galaktofaag: *galactophagous*. (G. *gala* melk + *phagein* eet) Wat van melk lewe.

pian: *pian*. (F.) Kyk *frambesie*.

3. Biografie

Persoonsname verskyn in gewone druk tussen hakies. Die land van herkoms, vakgebied en geboorte- en sterftedatums, indien beskikbaar, word ook ingesluit.

Voorbeeld

Jacobson se kanaal: *Jacobson's canal*. (Jacobson, L. L., Deense anatoom, 1783 – 1843) Klein groefie op die rif tussen die karotiskanaal en fossa jugularis waarin die timpaniese tak van die nervus glosso-pharyngeus loop.

4. Sinonieme

Waar Afrikaanse sinonieme of ekwivalente woorde vir die voorkeurwoord gebruiklik genoeg geag word, volg dit in gewone druk onmiddellik na die Engelse ekwivalent vir die voorkeurwoord of na die herkoms of biografie.

Voorbeelde

saamtrekbaarheid: *contractility*. Kontraktiliteit. Vermoë om saam te trek as reaksie op 'n voldoende prikkel.

hife: *hypha*. (G. *hupha* web) Swamdraad. Veelkernige vesel met of sonder septa in swamme.

Waar twee sinonieme naas mekaar voorkom, word hulle deur 'n kommapunt geskei. Dit kom meestal aan die Engelse kant van die woordeboek voor.

Voorbeeld

tokologie: *tocology; tokology*. (G. *tokos* geboorte + *logos* verhandeling) Verloskunde; obstetrie.

5. Verklarings

Die betekenis van die vetgedrukte voorkeurwoord word so kort en duidelik moontlik verklaar. Betekenisonderskeidings word deur middel van nommers van mekaar geskei.

Voorbeeld

pepties: *peptic* (G. *peptien* verteer) 1. M.b.t. pepsien. 2. M.b.t. vertering.

Onderafdelings van betekenisonderskeidings word deur die letters van die alfabet aangedui.

Voorbeeld

kapillêr: 1. (a) M.b.t. 'n haarvat. (b) M.b.t. kapillariteit. (c) M.b.t. 'n haar. 2. Kapillêre vat.

By enerslykende Afrikaanse voorkeurwoorde (homonieme) met twee of meer Engelse betekenisonderskeidings word die Engelse woorde met nommers tussen hakies aangedui gevolg deur die Afrikaanse verklaring.

Voorbeeld

krusing: (1) *cross*. (a) Paring van twee verskillende soorte. (b) Afstammeling van so 'n paring. (2) *decussation*. X-vormige kruising van senuweevesels.

6. Onderinskrywings

'n Onderinskrywing bestaan uit 'n saamgestelde woord of uit 'n woordgroep, wat soos die hoofinskrywing ook vet gedruk word. Die trefwoord wat as hoofinskrywing dien, vorm 'n deel van hierdie woord/woordgroep. Ten einde onnodige herhaling te voorkom, word genoemde trefwoord nie by elke onderinskrywing voluit gedruk nie, maar net met die beginletter daarvan aangedui.

Voorbeeld

endorgaan: *end-organ*. (O.E. *endian* end + G. *organon* orgaan) Murgskedelose endvertakkinge van 'n senuweevesel in die korium wat 'n lae drempelwaarde vir 'n bepaalde soort prikkel besit.

e. van Golgi: *e. of Golgi*. Spoelvormige senuwee-ente in spiertendons naby die aansluitings daarvan met spiervesels.

Dit is dikwels die geval dat die trefwoord van die hoofinskrywing nie (soos hierbo) die eerste deel van die woord/woordgroep is wat in die onderinskrywing moet voorkom nie, bv. die hoofinskrywing

Wat die vertaling en verklaring van onderinskrywings betref, word dieselfde styl as by hoofinskrywings gevolg, met dié verskil dat herkoms of biografiese besonderhede nie aangedui word nie.

7. Verwysings

Soms word ná die Engelse ekwivalent vir die Afrikaanse woord of ná die Afrikaanse verklaring verwys na ander terme in die woordeboek. Dié verwysings bestaan uit die woord „Kyk” in gewone druk plus die term(e) waarna verwys word in kursiewe druk.

Voorbeelde

sag: *bland*. Kyk *bland*.

tepel: *nipple; teat; mammilla*. Keëlvormige punt in die sentrum van die areola mammaria wat die uitmondings van die melkbuisies bevat. Kyk *mammilla*.

8. Latynse benamings vir lewende organismes (plante en diere)

Dit word deurgaans kursief gedruk.

Voorbeeld

kapsikum: *capsicum*. Plantgenus van *Solonaceae* wat die rissie insluit. Uit die droë vrug van *Capsicum frutescens* word 'n sterk plaaslike stimulans berei wat in neuralgie en soorgelyke aandoenings gebruik word.

9. Skryftekens

Koppeltekens

Die koppelteken word gebruik om dele van saamgestelde woorde te skei wanneer (a) 'n opeenhoping van vokale daarin voorkom, bv. **safena-opening**, of (b) die woord sonder die koppelteken moeilik of verkeerd gelees kan word, bv. **skubsel-epiteel; diatermie-mes**, of (c) die eerste deel van die woord 'n eienaam is, bv. **Thomas-spalk**. In enkele gevalle is woorde ook ter wille van makliker leesbaarheid met 'n koppelteken geskryf, terwyl dit eintlik 'n deelteken moes kry, bv. **vesiko-uteriene** (i.p.v. vesikoüteriene); **supra-akromiaal** (i.p.v. supraäkromiaal); **ekstra-uterien** (i.p.v. ekstraüteriën). Kyk ook gebruik van koppeltekens by **Onderinskrywings**.

Deeltekens

Die deelteken word gebruik om die lettergreepskeiding aan te dui tussen vokale wat as een- of tweelettergripig opgevat kan word. Dié skeiding val net voor die vokaalletter met die deelteken op, bv. **mikroörganisme**, (uitgespreek mikro-organisme); hematopoiëse (uitgespreek hemato-poi-ese); jejunoïleïtis (uitgespreek jejuno-ile-itis).

Woorde met **iee** word sonder 'n deelteken geskryf, bv. **dieet**, maar woorde met 'n tweelettergripige **ie** (d.w.s. **i** en **e** behoort tot verskillende lettergrepe) kry wel 'n deelteken om die lettergreepskeiding aan te toon, bv. **diëte**.

Woorde wat in die enkelvoud op **-i** en **-ie** uitgaan en **-e** as meervoudsvorm het, word met 'n deelteken in die meervoud geskryf, bv. **alkali** – **alkalië**; **bakterie** – **bakterieë**.

Woorde van vreemde herkoms met 'n tweelettergripige **ae** word met 'n deelteken geskryf, bv. **anaërobies**.

Woorde van vreemde herkoms met 'n tweelettergripige **eu** en **uu** word sonder deelteken geskryf, bv. **museum**, **menstruum**.

10. Verkorte woordvorms

Verkorte vorms van woorde van vreemde herkoms is verkies bo die lang vorms.

gastritis het die onderinskrywing **akute gastritis**. Ten einde die verband met die hoofinskrywing duidelik aan te toon, is besluit om nogtans die beginletter van die hoofinskrywing voorop te plaas in die onderinskrywing; daarop volg dan 'n komma plus die deel van die woord/woordgroep wat eintlik voorop moet staan in die term: **g., akute**. Die funksie van die komma is dus om aan te dui dat die volgorde van die woorddele of woorde in die onderinskrywing omgeruil moet word. Die voorbeeld onder bespreking kom dus soos volg in die woordeboek voor:

gastritis: *gastritis*. (G. *gaster* maag) Ontsteking van die slymvlies van die maag.

g., akute: *g., acute*. Akute inflammasie van die maagvlies.

Wanneer die onderinskrywing uit 'n saamgestelde woord bestaan, word 'n koppelteken gebruik om aan te toon dat dié inskrywing een woord is, vgl. **limfembolisme** onder **embolisme**. Word die woord uitgeskryf, verval die koppelteken, behalwe in enkele gevalle waar die spelreëls of leesbaarheid dit vereis, vgl. **kontroledier** maar **kontrole-eksperiment** onder **kontrole**. By hoofinskrywings met 'n koppelteken word 'n spasie na die beginletter in die onderinskrywing gelaat, vgl. **embrioom-****sist** onder **embrioom -**.

Voorbeelde

embolisme: *embolism*. (G. *en* in + *ballein* gooi) Afsluiting van 'n arterie, vena of limfvat deur 'n gas of partikulêre materiaal, bv. 'n trombus, of vet wat daarheen vervoer word deur die bloedstroom of limfstroom.

e., limf-: *e., lymph*. Embolisme van 'n limfvat.

kontrole: *control*. (F. *contrôler* verifieer) Enigiets wat gebruik word om waarnemings te bevestig.

k.-dier: *c. animal*. Dier wat in 'n kontrole-eksperiment gebruik word.

k.-eksperiment: *c. experiment*. Toetsing van die juistheid van 'n waarneming deur 'n reeks ondersoeke in gelyke of gewysigde omstandighede.

embrioom-: *embryomatous*. (G. *embruon*) M.b.t. 'n embrioom.

e. sist: *e. cyst*. Kyk onder *embriomateus*.

Indien die term wat as onderinskrywing gebruik word, net so uit die oorspronklike Latyn of Grieks oorgeneem is (bv. **hydroa aestivale**), terwyl die trefwoord van die hoofinskrywing wel verafrikaans is (bv. **hidroa**), word die Latynse/Griekse term voluit as onderinskrywing aangedui.

Voorbeeld

hidroa: *hydroa*. (G. *hudor* water + *oon* eier) Algemene term vir velsiektes wat met waterblase gepaard gaan.

hydroa aestivale: *h. aestivale; h. vaccineforme*. Huidblasies wat in die lente voorkom. Kyk *hydroa vaccineforme*.

Indien die beginwoord van die onderinskrywing 'n verbuigingsvorm aanneem, word dit meestal aangedui deur (-e) onmiddellik na die beginletter daarvan te plaas. Soms is die verbuiging egter van so 'n aard dat dit nodig is om die verboë beginwoord voluit te druk.

Voorbeelde

hemolities: *haemolytic*. (G. *haima* bloed + *luein* oplos) M.b.t. hemolise of wat hemolise teweegbring.

h. (-e) anemie: *h. anaemia*. Kyk *anemie*.

humoraal: *humoral*. (L. *humor* vloeistof) M.b.t. die natuurlike liggaamsvloeistowwe.

humorale patologie: *h. pathology*. Ou leerstelling wat beweer dat siektes in die eerste plek te wyte is aan 'n abnormale toestand van die liggaamsvloeistowwe.

Voorbeelde

mv. **karsinome** in stede van karsinomata soos in die Engelse vorm *carcinomata*.

angiome in stede van angiomata.

pankreaslipase in stede van pankreatikolipase soos in Engels *pancreaticolipase*.

II. Selfverklarende woorde

'n Aantal woorde in die Afrikaanse vorm is genoegsaam selfverklarend geag en word derhalwe nie verder verklaar nie.

Voorbeelde

gesweldheid: *turgescence*

haakvormig: *unciform*

inaseem: *inhale*

Deel 2 Vertalend: Engels – Afrikaans

Ten einde die gebruikswaarde van die woordeboek vir die Engelssprekende te vergroot, word in Deel 2 'n Engels-Afrikaanse woordelys aangegee. Die Engelstalige woord verskyn in vet druk gevolg deur die Afrikaanse ekwivalent in gewone druk. Hoof- en onderinskrywings wat in die verklarende Deel 1 verskyn, word in Deel 2 aangegee. Afrikaanse sinonieme wat nie as hoof- of onderinskrywings verskyn nie, word nie in Deel 2 aangedui nie, maar kan gevind word net voor die verklaring in Deel 1

FOREWORD

Only through partnership in industry shall we achieve a new South Africa truly greater than the old.

Where better to start than in our places of business with the commerce of people and resources being vastly facilitated by a business dictionary that serves our diverse cultures and diversified business interests equally well.

Therefore it is with great hope and expectation that I commend this bright new publication for a brave new world.

Johann Rupert.

JOHANN RUPERT
DEPUTY CHAIRMAN
REMBRANDT GROUP

PREFACE

Time is money. Therefore modern businessmen cannot flounder about when trying to communicate efficiently. For this reason it is important to use standard terminology, which will be greatly facilitated by consulting this dictionary, as the principle of one term for one concept in both English and Afrikaans has been applied throughout so far as possible. The book covers the whole financial spectrum, from the man on the corner selling hotdogs to the interest-bearing market as well as the complex options and term markets.

A concept such as *asset* is, for example, represented in Afrikaans by a single term *bate*, and not translated by further terms such as *aktief*, *aktiwum*, and *besitting*. In the same way *credit* is given only as *krediet* and not *kredit*, *kreditpos*, *kreditsy*, and *kreditekant*, and *debit* only as *debet* and not a whole series of terms such as *debet*, *debetpos*, *debetsy*, and *debetkant*.

The rapidly developing markets in the financial sector are of necessity giving rise to new terminological constellations all the time. Hence term constellations in respect of options and futures are now added to the well-known ones such as:

decline in value waardedaling
decrease in value waardevermindering
depreciation depresiasie
devaluation devaluasie
diminution in value waarde-afname

bear daalspekulant
bull stygspekulant
jobber kitsspekulant
piker kleinspekulant
stag kortspekulant

Concerning the options market the following constellation has been included:

backspread omgekeerde spreiding
bear spread prysdaalspreiding
box (ie put and call option) koop-en-verkoopopsie
bull spread prysstygspreiding
butterfly vlinderopsie
call (ie call option) koopopsie
call ratio backspread omgekeerde koopverhoudingspreiding
long butterfly lang vlinderopsie
long call lang koopopsie
long put lang verkoopopsie
long straddle lang wigopsie
long strangle lang smooropsie
put (ie put option) verkoopopsie
put ratio backspread omgekeerde verkoopverhoudingspreiding
ratio call spread koopverhoudingspreiding
ratio put spread verkoopverhoudingspreiding

short butterfly kort vlinderopsie
short call kort koopopsie
short put kort verkoopopsie
short straddle kort wigopsie
short strangle kort smooropsie
spread spreiding
straddle wigopsie
strangle smooropsie

And for the futures market the following terms are adduced:

churning gekarring
circuit breaker stroombreker
clearing house verrekeningshuis
close out heeltemal afwikkel
closing price sluitingsprys
contract unit kontrakeenheid
corner monopoliseer
deferred futures uitgestelde termynkontrak
equity ekwiteit
futures termynkontrak
guarantee fund waarborgfonds
hedging verskansing
initial margin aanvangsmarge
margin marge
margin call marge-opvordering
nominal price nominale prys
non-broking member nie-makelaarslid
opening price openingsprys
original margin oorspronklike marge
position limit posisieperk
position trader posisiehandelaar
risk acknowledgement statement risiko-erkenningstaat
round turn kringtransaksie
scalper roomafskepper
spreader spreier
strike price trefprys

This is also the only book to include English and Afrikaans terms in the financial engineering field:

differential switch differensiaalomskakeling
participating forward delingstermynkontrak
range forward strektermynkontrak
swoption ruilopsie

The same applies to takeover terms:

contested takeover bestrede oorname
friendly takeover vriendelike oorname
greenmail safdreiging
hostile takeover vyandige oorname
poison pill gifpil
white knight goeie ridder

To simplify terminological usage further intentional use is made of the free pre-adjunct in Afrikaans in cases such as *privaat sektor* for *private sector*, *standaard waarde* for *standard value*, and *top bestuur* for *top management*, as this seems to be the route to go following, for example, *luukse bus* and not the by now archaic *luuksebus* for *luxury bus*, giving rise to meaningful textual contrasts such as that between on the one hand *privaat sektor* and *private sector* and on the other *openbare sektor* and *public sector*, while *standaard waarde* in fact means *standard value* with *standaard-waarde* being closer to *standardised value*.

In line with computer usage as well as for reasons of space on, for example, forms — as in the case of acronyms — stops are not used in abbreviations.

Finally, terms contained in the Deposit-Taking Institutions Act, as well as terms used in the “live” derivative markets, have been included in this edition, lending businessmen access to the whole financial sector from a linguistic point of view.

The compilers wish to thank the following persons for technical information:

Prof M B Dagut — Dean, Faculty of Commerce, University of the Witwatersrand, and Executive General Manager, Nedbank
Dr H B Falkena — Deputy General Manager, UBS Holdings
Mr M J Farrell — General Manager, Corporate Finance, UAL Merchant Bank
Dr A P Faure — Executive Director, Securities Discount House
Prof L J Fourie — Professor, Department of Economics, University of South Africa
Mr R P Gouws — Executive Director, Rand Merchant Bank
Mr D E G Greenshields — Deputy General Manager, Finansbank
Dr W J Kok — Head, Treasury Department, Eskom
Ms V J Laithwaite — Chief Librarian, Nedcor group
Dr P Morgenrood — Economist, Standard Bank Investment Corporation
Mr G F Simpson — Deputy General Manager, Volkskas Merchant Bank
Mr C J Steynbergh — Assistant General Manager, Public Sector Finance, UAL Merchant Bank
Mr J H Taylor — Senior Manager, Corporate Finance, UAL Merchant Bank
Dr P J van Schaik, Director, J D Anderson & Co

A special word of thanks is also expressed to Mme S J van Wyk and M F White of the Nedcor group for assistance with the redaction of the dictionary and to business in all its forms from the gleam of paraffin flogged in bottles in the veld near Mamelodi during a bleak Transvaal winter to the glint of Cartier diamonds on the playgrounds of the world all year round for the substance for this book.

THE COMPILERS

SOURCES

- Beeton, D R; Dorner, H 1975: *A Dictionary of English Usage in Southern Africa*, Oxford University Press: Cape Town.
- Bosman, D B *et al* 1979: *Tweetalige Woordeboek*, Tafelberg: Cape Town.
- Bosman, D B *et al* 1984: *Bilingual Dictionary/Tweetalige Woordeboek*, Tafelberg: Cape Town.
- Burchfield, R W (ed) 1972: *A Supplement to the Oxford English Dictionary*, Oxford University Press: Oxford.
- Cilliers, H S; Benade, M L 1973: *Company Law*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Benade, M L 1973: *Maatskappyreg*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S 1982: *Company Financial Statements*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S 1982: *Maatskappy-finansiële state*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S; Faul, M A 1982: *Groepstate*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S; Faul, M A 1982: *Group Statements*, Butterworths: Durban.
- Cohen, M 1974: *Banktermen*, Elsevier: Amsterdam.
- Cronjé, G J de J; Neuland, E W 1987: *Inleiding tot die Bestuurswese*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Cronjé, G J de J; Neuland, E W 1987: *Introduction to Business Management*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Derrida, J 1986: *Margins of Philosophy*, The Harvester Press: Brighton.
- Falkena, H B; Fourie, L J; Kok, W J 1984: *The Mechanics of the South African Financial System*, Macmillan: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J 1988: *Essays on Financial Risk Management*, Macmillan: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J; Luüs, C W 1989: *The Options Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J; Meijer, J H 1987: *The Dynamics of the South African Financial System*, Macmillan: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J; Raine, G E 1989: *The Futures Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Faure, A P; Falkena, H B; Kok, W J; Raine, G E to be published 1991: *The Interest-bearing Securities Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Geldenhuis, J D U; Viljoen, E E 1985: *Financial Dictionary/Finansiële Woordeboek*, Macmillan: Johannesburg.
- Geldenhuis, J D U; Viljoen, E E 1988: *High Finance Dictionary/Groot Finansiële Woordeboek*, Penrose Publishers: Johannesburg.
- Gilpin, A 1977: *Dictionary of Economic Terms*, Butterworths: London.
- Goodspeed, I; Falkena, H B; Store, T to be published 1991: *The Regulation of Financial Markets*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Gouws, L A *et al* 1979: *Psigologiewoordeboek*, McGraw-Hill: Johannesburg.
- Gove, P B (ed) 1976: *Webster's Third New International Dictionary*, Encyclopaedia Britannica: Chicago.
- Hanson, D G 1985: *Dictionary of Banking and Finance*, Pitman Publishing: London.
- Hiemstra, V G; Gonin, H L 1981: *Trilingual Legal Dictionary/Drietelinge Regswoordeboek*, Juta: Johannesburg.
- IFR Publishing 1988: *IFR Financial Glossary*, IFR Publishing: London.
- Jansonius, H 1972: *Nieuw Groot Nederlands-Engels Woordenboek*, Nederlandsche Uitgeversmaatschappij: Leiden.
- Kruyskamp, U 1976: *Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, Martinus Nijhoff: 's Gravenhage.
- Meijer, J; Falkena, H B; van der Merwe, E to be published 1991: *Financial Policy*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Murray, J A H *et al* 1970: *The Oxford English Dictionary*, Oxford University Press: Oxford.
- Nedbank Group Economic Unit 1983: *South Africa: An Appraisal*, Nedbank-Groep: Johannesburg.
- Odendal, F F (ed) 1979: *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*, Perskor: Johannesburg.
- Oxford English Dictionary Department 1981: *The Oxford Dictionary for Writers and Editors*, Oxford University Press: Oxford.
- Potgieter, W; Falkena, H B; Kok, W J to be published 1991: *The Foreign Exchange Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Reuters 1982: *Glossary of International Economic and Financial Terms*, Heinemann: London.
- Schoonees, P C *et al*, *sine termino*: *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*, Staatsdrukker: Pretoria.
- Steenkamp, W F J 1976: *Economics Dictionary/Ekonomiewoordeboek*, Butterworths: Durban.
- Summerton, M 1984: *Banktaal*, Die Standard Bank van Suid-Afrika: Johannesburg.
- Sykes, J B (ed) 1976: *The Concise Oxford Dictionary*, Oxford University Press: Oxford.
- Taalkommissie *sine anno*: *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* (seventh, improved edition), Tafelberg: Cape Town.
- Terminology Bureau 1978: *Dictionary of Psychology/Sielkundewoordeboek*, Department of National Education: Pretoria.
- The Johannesburg Stock Exchange *sine anno*: *The ABC of the JSE/Die ABC van die JE*, The Johannesburg Stock Exchange: Johannesburg.
- Vaktaalbu 1978: *Mathematical Dictionary/Wiskundewoordeboek*, Tafelberg: Cape Town.
- Vaktaalbu 1984: *Statistical Dictionary/Statistiekwoordeboek*, Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns: Pretoria.
- Viljoen, E E; Wolff, F W; Geldenhuis, J D U 1983: *Finansiële Tekstvertaling*, Terminologievereniging van Suid-Afrika: Johannesburg.
- Wiehahn, B S 1958: *Accounting and Commercial Dictionary*, Juta: Johannesburg.
- Wyckoff, P 1968: *Dictionary of Stock Market Terms*, Prentice-Hall, Englewood Cliffs.

The following abbreviations are used in this dictionary:

English

adj: adjective
 adv: adverb
 Am: American
 Brit: British
 eg: for example
 gen: general
 ger: gerund
 ins: insurance
 n: noun
 nat acc: national accounts
 part: participle
 stat: statistics
 v: verb

Afrikaans

alg: algemeen
 Am: Amerikaans
 bnw: byvoeglike naamwoord
 Brit: Brits
 bv: byvoorbeeld
 dw: deelwoord
 fig: figuurlik
 lett: letterlik
 nas rek: nasionale rekenings
 snw: selfstandige naamwoord
 stat: statistiek
 vers: versekering
 voors: voorsetsel
 ww: werkwoord

VOORWOORD

Tyd kos geld. Daarom kan die moderne sakeman nie rondploeter wanneer hy doeltreffend moet kommunikeer nie. Om dié rede is dit belangrik om standaard terminologie te gebruik, iets wat met behulp van dié woordeboek aansienlik vergemaklik word, aangesien die beginsel van een term vir een begrip in Engels sowel as in Afrikaans sover moontlik deurgaans toegepas word. Die boek dek die hele finansiële spektrum, van die man op die hoek wat worsbroodjies verkoop, tot die rentedraende mark en die komplekse opsie- en termynmark.

'n Begrip soos byvoorbeeld *asset* word in Afrikaans deur 'n enkele begrip *bate* aangedui, en nie met verdere terme soos *aktief*, *aktiwum*, en *besitting* vertaal nie. So word *credit* net met *krediet* en nie met onderskeidelik *kredit*, *kreditpos*, *kreditsy*, en *kredítkant*, en *debit* net met *debit* en nie met 'n hele rits terme soos *debet*, *debetpos*, *debetsy*, en *debetkant* weergegee nie.

Die vinnig ontwikkelende markte in die finansiële sektor gee noodwendig voortdurend tot nuwe terminologiekonstellasies aanleiding. Gevolglik word termkonstellasies met betrekking tot die opsie- en termynhandel nou byvoorbeeld gevoeg by ou bekendes soos:

depresiasie depreciation
devaluasie devaluation
waarde-afname diminution in value
waardedaling decline in value
waardevermindering decrease in value

daalspekulant bear
kitspekulant jobber
kleinspekulant piker
kortspekulant stag
stygspekulant bull

Wat die opsiemark betref, is die volgende konstellasie terme opgeneem:

koop-en-verkoopopsie box (*ie put and call option*)
koopopsie call (*ie call option*)
koopverhoudingspreiding ratio call spread
kort koopopsie short call
kort smooropsie short strangle
kort verkoopopsie short put
kort vlinderopsie short butterfly
kort wigopsie short straddle
lang koopopsie long call
lang smooropsie long strangle
lang verkoopopsie long put
lang vlinderopsie long butterfly
lang wigopsie long straddle
omgekeerde koopverhoudingspreiding call ratio backspread
omgekeerde spreiding backspread
omgekeerde verkoopverhoudingspreiding put ratio backspread

prysdaalspreiding bear spread
prysstygspreading bull spread
smooropsie strangle
spreiding spread
verkoopopsie put (*ie put option*)
verkoopverhoudingspreiding ratio put spread
vlinderopsie butterfly
wigopsie straddle

En vir die termynmark geld die volgende:

aanvangsmarge initial margin
ekwiteit equity
gekarring churning
heeltemal afwikkel close out
kontrakeenhed contract unit
kringtransaksie round turn
marge margin
marge-opvordering margin call
monopoliseer corner
nie-makelaarslid non-broking member
nominale prys nominal price
oorspronklike marge original margin
openingsprys opening price
posisiehandelaar position trader
posisieperk position limit
risiko-erkenningstaat risk acknowledgement statement
roomafskepper scalper
sluitingsprys closing price
spreier spreader
stroombreker circuit breaker
termynkontrak futures
trefprys strike price
uitgestelde termynkontrak deferred futures
verrekeningshuis clearing house
verskansing hedging
waarborgfonds guarantee fund

Dit is ook die enigste boek waarin Afrikaanse en Engelse terme vir finansiële ingenieurswese hulle beslag vind:

delingstermynkontrak participating forward
differensiaalomskakeling differential switch
ruilopsie swoption
strektermynkontrak range forward

So ook oornameterme:

bestrede oorname contested takeover
gifpil poison pill
goeie ridder white knight
safdreiging greenmail
vriendelike oorname friendly takeover
vyandige oorname hostile takeover

Om terminologiegebruik verder te vereenvoudig word die vry pre-adjunk in Afrikaans doelbewus gebruik in gevalle soos *privaat sektor* vir *private sector*, *standaard waarde* vir *standard value*, en *top bestuur* vir *top management*, aangesien dit lyk na die weg om te volg na aanleiding van byvoorbeeld *luukse bus* en nie die teenswoordig verouderde *luuksebus* vir *luxury bus* nie asook asof dit aanleiding gee tot beduidende tekstuele teenstellings soos dié tussen aan die een kant *privaat sektor* en *private sector* en aan die ander *openbare sektor* en *public sector*, terwyl *standaard waarde* inderdaad *standard value* beteken, met *standaardwaarde* wat nader aan *standardised value* of *gestandaardiseerde waarde* staan.

In ooreenstemming met rekenaargebruik asook ter wille van ruimtebesparing op byvoorbeeld vorms word daar, soos in die geval van akronieme, ook nie van punte by afkortings gebruik gemaak nie.

Ten slotte is terme wat in die Wet op Depositonemende Instellings verskyn, asook terme wat in die "lewendige" markte vir afgeleide instrumente gebruik word, in hierdie uitgawe opgeneem, waardeur daar uit linguistiese oogpunt dus aan die sakeman volkome tot die finansiële sektor toegang verleen word.

Die samestellers bedank graag die volgende persone vir tegniese inligting:

Prof M B Dagut — Dekaan, Fakulteit van Handel, Universiteit van die Witwatersrand, en Uitvoerende Hoofbestuurder, Nedbank
 Dr H B Falkena — Adjunk-hoofbestuurder, UBS Beherend
 Mnr M J Farrell — Hoofbestuurder, Korporatiewe Finansiering, UAL Aksepbank
 Dr A P Faure — Uitvoerende Direkteur, Securities Discount House
 Prof L J Fourie — Professor, Departement Ekonomie, Universiteit van Suid-Afrika
 Mnr R P Gouws — Uitvoerende Direkteur, Rand Aksepbank
 Mnr D E G Greenshields — Adjunk-hoofbestuurder, Finansbank
 Dr W J Kok — Hoof, Tesourie, Eskom
 Me V J Laithwaite — Hoofbibliotekaresse, Nedcor-groep
 Dr P Morgenrood — Ekonoom, Standard Bank Beleggingskorporasie
 Mnr G F Simpson — Adjunk-hoofbestuurder, Volkskas Aksepbank
 Mnr C J Steynbergh — Assistent-hoofbestuurder, Openbaresektor-finansiering, UAL Aksepbank
 Mnr J H Taylor — Senior Bestuurder, Korporatiewe Finansiering, UAL Aksepbank
 Dr P J van Schaik, Direkteur, J D Anderson & Kie

Besondere dank gaan ook aan mev. S J van Wyk en M F White van die Nedcor-groep vir hulp met die persklaarmaking van die woordeboek en aan besigheid in al sy vorme, vanaf die blink bottels paraffien wat tydens 'n strawwe Transvaalse winter in die veld digby Mamelodi verkwansel word, tot die glimmende Cartier-diamante wat op speelplekke oor die hele wêreld waargeneem word, vir die stof vir hierdie boek.

DIE SAMESTELLERS

- Beeton, D R; Dorner, H 1975: *A Dictionary of English Usage in Southern Africa*, Oxford University Press: Kaapstad.
- Bosman, D B et al 1979: *Tweetalige Woordeboek*, Tafelberg: Kaapstad.
- Bosman, D B et al 1984: *Tweetalige Woordeboek/Bilingual Dictionary*, Tafelberg: Kaapstad.
- Burchfield, R W (red) 1972: *A Supplement to the Oxford English Dictionary*, Oxford University Press: Oxford.
- Cilliers, H S; Benade, M L 1973: *Company Law*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Benade, M L 1973: *Maatskappyreg*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S 1982: *Company Financial Statements*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S 1982: *Maatskappy-finansiële state*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S; Faul, M A 1982: *Groepstate*, Butterworths: Durban.
- Cilliers, H S; Rossouw, S; Faul, M A 1982: *Group Statements*, Butterworths: Durban.
- Cohen, M 1974: *Banktermen*, Elsevier: Amsterdam.
- Cronjé, G J de J; Neuland, E W 1987: *Inleiding tot die Bestuurswese*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Cronjé, G J de J; Neuland, E W 1987: *Introduction to Business Management*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Derrida, J 1986: *Margins of Philosophy*, The Harvester Press: Brighton.
- Falkena, H B; Fourie, L J; Kok, W J 1984: *The Mechanics of the South African Financial System*, Macmillan: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J 1988: *Essays on Financial Risk Management*, Macmillan: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J; Luüs, C W 1989: *The Options Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J; Meijer, J H 1987: *The Dynamics of the South African Financial System*, Macmillan: Johannesburg.
- Falkena, H B; Kok, W J; Raine, G E 1989: *The Futures Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Faure, A P; Falkena, H B; Kok, W J; Raine, G E word gepubliseer 1991: *The Interest-bearing Securities Market*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Geldenhuis, J D U; Viljoen, E E 1985: *Financial Dictionary/Finansiële Woordeboek*, Macmillan: Johannesburg.
- Geldenhuis, J D U; Viljoen, E E 1988: *High Finance Dictionary/Groot Finansiële Woordeboek*, Penrose Publishers: Johannesburg.
- Gilpin, A 1977: *Dictionary of Economic Terms*, Butterworths: Londen.
- Goodspeed, I; Falkena, H B; Store, T word gepubliseer 1991: *The Regulation of Financial Markets*, Southern Book Publishers: Johannesburg.
- Gouws, L A et al 1979: *Psigologiesoordeboek*, McGraw-Hill: Johannesburg.
- Gove, P B (red) 1976: *Webster's Third New International Dictionary*, Encyclopaedia Britannica: Chicago.
- Hanson, D G 1985: *Dictionary of Banking and Finance*, Pitman Publishing: Londen.
- Hiemstra, V G; Gonin, H L 1981: *Drietalige Regswoordeboek/Trilingual Legal Dictionary*, Juta: Johannesburg.
- IFR Publishing 1988: *IFR Financial Glossary*, IFR Publishing: Londen.
- Jansonius, H 1972: *Nieuw Groot Nederlands-Engels Woordenboek*, Nederlandsche Uitgeversmaatschappij: Leiden.
- Kruyskamp, C 1976: *Groot Woordenboek der Nederlandse Taal*, Martinus Nijhoff: 's Gravenhage.
- Meijer, J; Falkena, H B; Van der Merwe, E word gepubliseer 1991: *Financial Policy*, Southern Book Publishers: Johannesburg.

BYLAE 7

VOORWOORD

Die studie van die psigologie aan Afrikaanse universiteite word bemoeilik deurdat die student dikwels aangewese is op Engelse handboeke, met die gevolg dat hy selde die verklarings van vakterme in Afrikaans teëkom. Ons hoop dat hierdie verklarende woordeboek van psigologiese en verwante terme vir Afrikaanssprekende studente van nut sal wees en dat dit ook sal bydra tot die meer uniforme gebruik van psigologiese vakterme in Afrikaans.

Die verklarings is in die meeste gevalle opgestel met die **voorgraadse student in die psigologie in gedagte, maar alle ander persone wat dele van die vak doseer of beoefen, of wat om die een of ander rede psigologiese literatuur raadpleeg, behoort dit ook nuttig te vind.** Die dekking is redelik wyd, in die sin dat meer as 6 000 terme opgeneem is. Heelwat terme uit verwante vakgebiede (bv. die fisiologie, statistiek, kriminologie, sosiologie, filosofie, opvoedkunde en psigiatrie) is ook opgeneem waar ons dit as belangrik beskou het. Die verklarings van hierdie terme is egter spesifiek vir psigoloë geskryf en dit kan nie as volledige definisies vir doeleindes van ander vakgebiede beskou word nie. Volledige en meer formele definisies van hierdie terme (veral statistiese en mediese terme) kan in woordeboeke vir die betrokke vakgebiede opgesoek word. *Woorde uit die algemene spreektaal is slegs opgeneem as dit in die psigologie 'n besondere rol speel of as dit in die psigologie 'n spesifieke betekenis het wat van die algemene betekenis verskil.* Gevolglik is woorde soos “slaaploosheid” en “skeppingsvermoë” nie verklaar nie, terwyl “insomnie” en “kreatiwiteit” wel verklaar is. Die bedoeling hiermee is nie om telkens voor te stel dat die vreemde woord in plaas van die meer bekende woord gebruik word nie, maar eenvoudig om onnodige verklarings te vermy.

Die woordeboek bevat ook 'n groot aantal verduidelikings van psigologiese toetse, veral dié wat in Suid-Afrika gebruik word, asook kort biografiese sketse van psigoloë, veral dié wat 'n besondere bydrae tot die ontwikkeling van die psigologie gelewer het. Terwyl toetse en biografiese sketse in die alfabetiese lys opgeneem is, is die volgende bylaes agter in die woordeboek opgeneem: 'n lys van psigofarmakologiese middels, 'n lys van Rorschach-simbole en 'n lys van Griekse letters.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Alhoewel hierdie woordeboek in die eerste plek verklarend is, sou baie gebruikers probleme kon ondervind omdat hulle nie die korrekte Afrikaanse term ken wat hulle wil opsoek nie. Daarom word 'n vertalende woordelys agter in die woordeboek verskaf, wat die gebruiker in staat stel om ook vanaf 'n Engelse term by 'n Afrikaanse verklaring uit te kom. Hierin kan Engelse terme opgesoek word om te bepaal watter Afrikaanse ekwivalent daarvan in die verklarende lys opgeneem is. Aangesien dit nie hoofsaaklik 'n vertalende woordeboek is nie, is die vertalende lys beperk tot die terme wat in die verklarende lys verskyn. Waar daar teenoor 'n Engelse term twee of meer Afrikaanse terme verskyn, sal die eerste een daarvan dié een wees wat in die eerste deel van die woordeboek verklaar word, terwyl die ander gewoonlik slegs as sinonieme opgeneem sal wees.

Gebruikers wat die woordeboek vir vertaalwerk wil gebruik, moet besef dat dit nie ons doel was om alle Engelse terme te vertaal nie, en dat die Afrikaanse en Engelse terme wat langs mekaar staan, nie noodwendig die enigste moontlike vertaling van mekaar is nie. Vir vertaalwerk moet die verklarings ook nageslaan word en die verwysings na ander terme in aanmerking geneem word. *Ook moet daarop gewys word dat algemeen bekende Afrikaanse woorde dikwels nie opgeneem is nie, terwyl minder bekende ekwivalente terme wel opgeneem is. Die doel van die woordeboek is nie om voor te skryf nie, maar om die betekenis van woorde te verklaar, veral wanneer die betekenis nie algemeen bekend is nie.*

Wat betref die verklarende deel van die woordeboek, is daar 'n paar eenvoudige aanwysings om in gedagte te hou. Die terme is alfabeties gerangskik volgens die eerste woord (in gevalle waar daar meer as een woord is) sodat "gestruktureerde onderhoud" onder G gesoek moet word en "vergelykende psigologie" onder V. Die terme self verskyn links bo-aan die verklarings, terwyl die Engelse ekwivalent regs daarvan gegee word.

Waar wisselvorme ten opsigte van spelling onmiddellik alfabeties op mekaar volg, is die twee (of meer) maniere van spel onder mekaar geplaas met dié een wat die outeurs verkies, bo. So sal u byvoorbeeld die volgende verwysing vind: *bragisefalie/;*
bragikefalie; wat aandui dat die outeurs die boonste spelling voorkeur wil laat geniet of dat dit die mees gebruiklike is. Wanneer die twee wisselvorme nie onmiddellik op mekaar volg nie, omdat daar ander terme in die lys opgeneem is wat in alfabetiese volgorde tussen hulle val, dan is die twee soos gewone sinonieme gehanteer. In sulke gevalle verskyn die verklaring onder die term wat die mees gebruiklike is of wat volgens die

So ver moontlik word die essensiële definisie in die eerste sin verstrek. By sommige terme word langer verklarings gegee, en wel weens een of meer van die volgende redes:

- (i) dit is 'n sentrale begrip; die langer verklaring lei die leser na verskeie verwante terme;
- (ii) die betekenis word slegs duidelik wanneer meer inligting en moontlik voorbeelde verstrek word;
- (iii) daar bestaan heelwat misverstand of meningsverskil oor die begrip.

Alle psigologiese terme wat in die verklarings gebruik word, moet as kruisverwysings beskou word in die sin dat sulke terme elders in die woordeboek nageslaan kan word. Die volgende meer spesifieke verwysings word onderaan verklarings (of in die plek van verklarings) gebruik.

"Sin.:" beteken dat die term of terme wat hierop volg as sinonieme van die verklaarde terme beskou kan word. Sulke sinonieme is ook as terme opgeneem, maar in plaas van 'n verklaring verskyn slegs die verwysing "Sin. vir ...", wat terugverwys na die term wat wel verklaar is. (Die begrip sinoniem is in 'n taamlike wye sin geïnterpreteer.)

"Sien ..." beteken dat die verklaring van die term waaronder hierdie verwysing verskyn, deel uitmaak van die verklaring van die term waarna verwys word. So sal u by "fototropisme" slegs die verwysing "Sien tropisme" vind, wat aandui dat die betekenis van "fototropisme" in die verklaring van "tropisme" verskyn.

"Sien ook ..." dui aan dat aanvullende inligting gevind kan word onder die term waarna verwys word.

"Vgl. ..." is 'n aanduiding dat die term waaronder die verwysing verskyn en die een waarna verwys word, aan mekaar verwant is wat betref betekenis, uitspraak of spelling, sodat daar 'n moontlikheid van verwarring bestaan. Die twee terme kan dan met mekaar vergelyk word om die onderskeid duidelik te maak.

Afkortings en simbole is so ver moontlik alfabeties gerangskik, soos ander inskrywings. 'n Lys van Griekse letters verskyn in Bylae 3.

Waar die betekenis van 'n term beperk is tot 'n sekere individu of skool, of tot 'n sekere vakgebied, word 'n verwysing hierna tussen hakies aan die begin van die verklaring gegee. Verder word onderskeibare betekenis van dieselfde term deur die syfers 1., 2., ens. aangedui.

F

F (Statistiek) Die verhouding van twee onafhanklike skattings van dieselfde variansie. Sien ook F-VERDELING.

f
1. 'n Afkorting vir FREKWENSIE.
2. 'n Simbool vir 'n andersins ongespesifiseerde funksionele verband, bv. $y = f(x)$.

F₁, F₂ (Genetika) Die eerste twee filiale geslagte wat verkry word van 'n enkele ouerpaar.

fabeltoets 'n Projektiwige tegniek of subtoets van 'n intelligensietoets waarin van die toetsling verwag word om sekere fabels te interpreteer.

fakoskoop 'n Instrument waarmee veranderinge in die grootte van Purkinje-Sanson-beelde tydens akkommodasie van die ooglene bestudeer kan word. Sin.: LENSBEZIGTIGER.

faktor
1. 'n Oorsaak of voorafgaande gebeure wat deels verantwoordelik is vir die bepaling van iets anders.
2. 'n Produk van faktorontleding, d.w.s. 'n hipotetiese konstruk wat onderliggend is aan 'n groep gekorreleerde veranderlikes, bv. 'n faktor wat algemene intelligensie verteenwoordig.
3. 'n Genetiese determinant, m.a.w. 'n geen of groep gene.
4. Enige onafhanklike veranderlike wat in variasie-ontleding ondersoek word.

faktoranalise Sin. vir FAKTORONTLEDING.

faktorasie Die asse van 'n grafiek wat gebruik word om die verband tussen veranderlikes onderling en tussen die veranderlikes en faktore voor te stel. Elke as verteenwoordig 'n faktor en elke veranderlike word deur 'n punt op die grafiek verteenwoordig.

faktorbelading Sin. vir FAKTORLADING.

faktoriaal geldigheid 'n Gesofistikeerde vorm van konstruktiviteit wat gegrond is op faktorontleding van die korrelasies tussen 'n aantal verwante toets. Die faktorladings dui aan in watter mate 'n betrokke toets gebruik kan word om elk van die faktore te meet.

faktoriaalontwerp 'n Eksperimentele ontwerp waardeur die invloed van meer as een onafhanklike veranderlike, sowel as die interaksies tussen hulle, bestudeer kan word.

faktorlading 'n Koëffisiënt van die regressievergelyking van 'n veranderlike op die faktore. Dit dui aan in watter mate die betrokke faktor die telling van die veranderlike beïnvloed. Sin.: FAKTORBELADING.

faktormatriks 'n Tabel van faktorladings wat deur middel van faktorontleding verkry is. Die kolomme verteenwoordig die faktore en die rye verteenwoordig die veranderlikes waarop faktorontleding uitgevoer is.

faktorontleding 'n Statistiese tegniek wat patrone van onderlinge verwantskappe in 'n stel veranderlikes aantoon. Dit verklaar die verwantskappe tussen alle pare meetbare veranderlikes in 'n stel, in terme van die verband tussen elke meetbare veranderlike en 'n klein aantal nie-waarneembare veranderlikes wat faktore genoem word. Die doel van die ontleding is om die klassifikasie van die meetbare veranderlikes in groepe, wat elk sterk verwant is aan 'n spesifieke faktor, te vergemaklik. Gewoonlik word 'n naam aan elke faktor toegeken op grond van die veranderlikes wat die hoogste faktorladings daarop het.

Faktorontleding word gewoonlik op 'n interkorrelasiematriks uitgevoer en die eindproduk daarvan is 'n faktormatriks. Aangesien daar 'n onbepaalde aantal faktormatrikse bestaan wat almal ewe goed rekenskap gee van die korrelasiematriks, is dit gebruikelik om een daarvan te selekteer wat maklik geïnterpreteer kan word. Dit word d.m.v. faktorrotasie gedoen. Sin.: FAKTORANALISE.

faktorrotasie Die keuse van een faktormatriks uit 'n stel ekwivalente faktormatrikse, op so 'n wyse dat die verwantskappe tussen die waargenome veranderlikes so eenvoudig as moontlik verklaar word. Ortogonale rotasie lei tot ongekorrleerde faktore en skuins rotasie tot gekorrleerde faktore. Sien ook FAKTORONTLEDING.

faktorteorie Enige beskrywing van 'n komplekse saak aan die hand van die resultate van faktoranalitiese navorsing, bv. die tweefaktorteorie van intelligensie (Burt), die veelvuldige faktorteorie van intelligensie (Guilford) en die persoonlikheidssteorieë van H. J. Eysenck en B. B. Cattell.

faktorteorie

factorial design

factor loading

factor matrix

factor analysis

factor rotation

factor theory

fakultepsigologie

fakultepsigologie Sin. vir VERMOËNSPSIGOLOGIE.

faliese simbool (Psigoanalise) Enige regopstaande of skerp voorwerp wat 'n penis mag voorstel of verteenwoordig, soos 'n potlood, vuurwapen, slang, toring, stok, paal, ens. Falliese simbole word veral in drome aangetref.

faliese stadium (Psigoanalise) 'n Psigoseksuele ontwikkelings stadium wat strek van ongeveer drie- tot sesjarige ouderdom en wat gekenmerk word deur die kind se belangstelling in die genitale organe, veral die fallus. Gedurende hierdie stadium maak die Oedipus-kompleks sy verskyning. Sien ook PREGENITALE STADIUM.

fallisme/fallisisme Sin. vir FALLUSVERERING.

fallografie 'n Metode om die graad van ereksie van die penis te meet. Dit word veral in die gedragsterapie van seksuele afwykings gebruik.

Fallopius-buise Sin. vir BUISE VAN FALLOPIUS.

fallus
1. Die penis in 'n toestand van ereksie.
2. 'n Voorstelling van die penis, of penis en testes, veral as 'n vorm van versiering en as simbool in verskeie kulture.

fallusprimaatheid (Psigoanalise) Die konsentrasie, by albei geslagte, van erotiese belangstelling op die penis gedurende die falliese stadium.

fallusverering Religiöse verering van die skeppende kragte van die natuur soos gesimboliseer deur die manlike geslagsorgane. Sin. FALLISME. Sien ook FALLUS.

familiale onbewuste (L. Szondi) Dié deel van die onbewuste wat deur oorerwing bepaal is, en waarin die ontstaan van onbewuste keusehandelinge op die gebied van liefde, vriendskap, beroep, siekte en doodsoorsaak gesetel is. Hiervolgens dwing die mens se noodlot hom in bepaalde rigtings.

familie

faculty psychology

phallic symbol

phallic stage/phallic phase

phallism/phallicism

phallography

Fallopian tubes

phallus

phallic primacy

phallic worship

familial unconscious

family

fanatisme Die oordrewe ywer en entoesiasme vir 'n saak wat tot uiting kom in sterk emosie en uiterste, dog dikwels kortstondige, inspanning. Die term word dikwels in 'n negatiewe sin gebruik.

fantasie Verbeeldingskrag, d.w.s. skeppende en produktiewe verbeelding soos dit veral in dagdromery tot uiting kom. Dit is in die reël aangenaam van aard.

fantasiekatekse (Psigoanalise) Die belegging van psigiese energie in verbeelde objekte of in wense.

fantasma 'n Duidelike en realistiese beeld van 'n persoon (lewend of oorlede) of voorwerp wat nie werklik aanwesig is nie, terwyl die waarnemer besef dat dit wat hy sien denkbeeldig is. Vgl. HALLUSINASIE.

fantoemgeluid 'n Enkele ongelokaliseerde geluid wat waargeneem word wanneer twee gelyksoortige klankstimuli wat slegs effens verskil in intensiteit of fase, elk op een van die ore inwerk.

fantoemledemaat Die gewaarwordings (meestal van aanraking, jeuk of pyn) wat dikwels ná amputasie van 'n ledemaat ervaar word en wat skynbaar in die geamputeerde ledemaat gesetel is.

farmakologie Genesmiddelleer, d.w.s. die studie van die effekte van sintetiese en natuurlike chemiese stowwe op menslike en dierlike organismes. Sien ook PSIGOFARMAKOLOGIE.

farmakopsigiatrie 'n Onderafdeling van die psigiatrie wat in die besonder 'n studie maak van die effekte van chemiese stowwe op afwykende toestande en gedrag, asook van afwykende toestande en gedrag wat deur bepaalde middels veroorsaak word.

farmakopsigologie Sin. vir PSIGOFARMAKOLOGIE.

farmakopsigopatologie 'n Onderafdeling van die psigiatrie wat 'n studie maak van afwykings wat deur medisyne en ander middels veroorsaak word.

farmakoterapie Die behandeling van psigiese afwykings met be-

fanaticism

fantasy/phantasy

fantasy cathexis

phantasm/fantasm

phantom sound

phantom limb/phantom extremity

pharmacology

pharmacopsychiatry

pharmacopsychology

pharmacopsychopathology

pharmacotherapy

Uitgegee deur J L van Schaik Uitgewers
Arcadiastraat 1064, Hatfield, Pretoria
Alle regte voorbehou
Kopiereg © 1994 I E du Toit
Redaksionele raadgewer: Dr Mariëtta Alberts

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of langs enige elektroniese of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiering, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingbewaring

Eerste uitgawe 1994
ISBN 0 627 01903 X

Bandontwerp deur Ink Design Studios
Geset in 10/12 pt Times Roman deur J L van Schaik Uitgewers
Gedruk en gebind deur Creda-Pers, Kaapstad

Published by J L van Schaik Publishers
1064 Arcadia Street, Hatfield, Pretoria
All rights reserved
Copyright © 1994 I E du Toit
Editorial consultant: Dr Mariëtta Alberts

No part of this book may be reproduced or transmitted in any form or by any means, electronic, mechanical, including photocopying, recording or by any information storage and retrieval system, without permission in writing from the publisher

First edition 1994
ISBN 0 627 01903 X

Cover design by Ink Design Studios
Typeset in 10/12 Times Roman by J L van Schaik Publishers
Printed and bound by Creda Press, Cape Town

VOORWOORD

Die hoofdoel van dié woordeboek is om die leemte wat op hierdie gebied bestaan, aan te vul deur gepaste woorde en uitdrukkings te voorsien vir 'n polisie-omgewing. Dié woordeboek bevat reeds 'n groot aantal woorde wat nuttig aangewend kan word en reeds in 'n behoefte voorsien.

By hierdie eerste uitgawe besef die skrywer dat geen eerste poging volmaak kan wees nie. Kommentaar en wenke sal dus altyd welkom wees.

Die woordeboek bevat ook nie uitsluitlik polisieterme nie. Daar is ook afdelings oor *Dissiplinêre oortredings*, *Wette*, en *Latynse registerme*. Al hierdie dele is bygevoeg om die taak van elke polisiebeampte te vergemaklik in die formulering van oortredings, die interpretasie van wette en die verstaan van Latynse registerme.

I E du Toit
Windhoek 1994

FOREWORD

The main purpose of this dictionary is to meet the need for appropriate words and expressions in a police environment. This dictionary already contains a large number of useful words which will fill the immediate need.

As this is the first edition, the author knows only too well that nothing is ever perfect from the start. Therefore any commentary and suggestions will be most welcome.

This work is not made up exclusively of police terms. Some sections refer to *Offences against duty and discipline*, *Acts and statutes*, and *Latin legal terms*. These sections have been added to ease the task of each police officer in formulating offences, in interpreting acts and statutes, and in understanding Latin legal terms.

I E du Toit
Windhoek 1994

VOORBEELDE EN VERDUIDELIKINGS

Metode van inskrywing

- Trefwoorde (lemmas) is alfabeties gerangskik.
- Waar 'n woord ná die trefwoord tussen hakies verskyn, dui dit 'n verwante betekenis (of konteks) aan waarin die trefwoord kan voorkom, bv. **misdryf**¹ (**oortreding**).
- Die verband waarin 'n woord gebruik kan word, of 'n gepaste voorbeeldsin of uitdrukking, volg altyd ná die • in die paragraaf.
- Die ~ in 'n voorbeeld is gebruik om plek te spaar, maar dit staan in plek van die trefwoord. Voorbeeld: **mishandeling** illtreatment • ~ van kinders: illtreatment of children.

Afkortings in die woordeboek gebruik:

v: werkwoord/*verb*

n: selfstandige naamwoord/*noun*

adj: adjektief/*adjective*

adv: adverbium, bywoord/*adverb*

EXAMPLES AND EXPLANATIONS

Entries in dictionary

- Headwords are listed in alphabetical order.
- When a word is placed between brackets following a headword, it indicates a related meaning of the headword (or context) in which it can be used, eg. **abuse**² (**scold**).
- The context in which a word can be used, or an example of its use, will always follow • in a paragraph.
- The ~ in an example is used to save space, but it stands for the headword in an expression. Example: **illtreatment** mishandeling • ~ of children: mishandeling van kinders.

Abbreviations used in this dictionary

v: *verb*/werkwoord

n: *noun*/selfstandige naamwoord

adj: *adjective*/adjektief

adv: *adverb*/adverbium, bywoord

OFFENCES AGAINST DUTY AND DISCIPLINE DISSIPLINÊRE OORTREDINGS

1 Fails to comply with or acts contrary to any provision of these regulations or a Standing, Force or other order or instruction issued in terms of regulation ..., with which he has to comply or which he has to obey.

Versuim om te voldoen aan of in stryd handel met enige ander bepaling van hierdie regulasies of 'n Staande-, Mags- of ander order of voorskrif wat kragtens regulasie ... uitgevaardig is en waaraan hy moet voldoen of wat hy moet gehoorsaam.

2 Conspires with any other person to commit mutiny or to cause a mutiny, strike, riot or revolt or if he starts, or joins in any mutiny, strike, riot and or revolt or if he starts, or joins in any mutiny, strike, riot or revolt or incites any person to do so or if he, while a mutiny, strike, riot or revolt takes place in his presence, fails to do his utmost to suppress it or if he, while knowing or suspecting any other person to be involved in any conspiracy to cause a mutiny, strike, riot or revolt or to have joined in it, fails to report all the facts which he knows without delay to his commander or superior.

Met iemand anders saamsweer om muitery te pleeg of om 'n muitery, staking, oproer of opstand te veroorsaak of indien hy 'n muitery, staking, oproer of opstand begin, daarby aansluit of iemand daartoe aanhits of, indien hy, terwyl 'n muitery, staking, oproer of opstand in sy teenwoordigheid plaasvind, versuim om alles in sy vermoë te doen om dit te onderdruk of, indien hy, terwyl hy weet of vermoed dat iemand anders by 'n sameswering tot muitery, staking, oproer of opstand betrokke is of daarby aangesluit het, in gebreke bly om sonder versuim al die feite waarvan hy kennis dra aan sy bevelvoerder of meerdere te rapporteer.

3 Assaults his superior, threatens him with violence, uses threatening or insulting language towards him, resists him by word or action or adopts towards him a disdainful, recalcitrant or insolent attitude.

Sy meerdere aanrand, hom met geweld dreig, dreigende of beledigende taal teenoor hom besig, met woord of daad in verset teen hom kom of 'n minagtende, weerspannige of parmantige houding teenoor hom aanneem.

4 Disobeys, disregards or wilfully neglects to carry out any lawful command given by his superior.

'n Wettige bevel wat deur sy meerdere gegee is, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik versuim om dit uit te voer.

5 Whilst a patient in any hospital or nursing institution, wilfully neglects to obey any regulation or rule thereof or any lawful direction given by a member of the medical or nursing staff attached to such hospital or institution.

Terwyl hy 'n pasiënt in 'n hospitaal of verpleeginrigting is, opsetlik versuim om enige regulasie of reël daarvan of 'n wettige opdrag gegee deur 'n lid van die geneeskundige of verpleegpersoneel verbonde aan sodanige hospitaal of inrigting, na te kom.

6 Falsely imputes improper demeanour or misconduct to a superior.

'n Valse aantying van onbetaamlike handelswyse of wangedrag teen 'n meerdere maak.

7 Treats an inferior in a tyrannical or oppressive manner.

'n Ondergeskikte op 'n tirannieke of onderdrukkende wyse behandel.

8 Makes a false accusation against any member or during an investigation, trial or inquiry makes a false statement or wilfully suppresses or conceals material facts.

'n Valse beskuldiging teen 'n lid maak of tydens 'n ondersoek, verhoor of navraag 'n valse verklaring aflê of opsetlik belangrike feite verswyg of verberg.

9 Withholds or unreasonably delays any complaint against or an adverse communication in connection with another member.

'n Klagte teen of 'n ongunstige mededeling omtrent 'n ander lid terughou of onredelik vertraag.

10 Deserts the Force, refuses to serve in or carry out the functions of the Force or incites or persuades any other member to desert, refuse to serve in or to carry out the functions of the Force.

Uit die Mag dros, weier om daarin te dien of die werksaamhede van die Mag uit te voer of 'n ander lid aanspoor of oorreed om uit die Mag te dros, te weier om daarin te dien of die werksaamhede daarvan uit te voer.

11 Absents himself from duty without leave.

Sonder verlof van diens afwesig is.

12 Fails without good and sufficient cause, to report for duty at a stipulated time at his station, place of work or any other place appointed by his

Versuim om hom sonder 'n geldige en afdoende rede op 'n bepaalde tyd vir diens aan te meld by sy stasie, werkplek of enige ander plek deur sy bevelvoerder of meerdere aangewys.

13 Contrary to any orders or instructions by a superior goes off duty before being relieved or without having first obtained permission from his superior.

Strydig met die voorskrifte of bevel van 'n meerdere van diens gaan voordat hy afgelos is of sonder dat hy eers toestemming van sy meerdere verkry het.

14 Contrary to any orders or instructions by a superior, absents himself from his quarters or dwelling without leave or other valid cause.

Strydig met die voorskrifte of bevel van 'n meerdere, van sy kwartiere of woning afwesig is sonder verlof of 'n ander rede.

15 Knowingly and deliberately receives, cares for, harbours or conceals a member who has deserted or, without valid cause, has absented himself from duty or, knowing the whereabouts of such member, fails to notify his superior immediately or to do everything in his power to have him arrested.

Willens en wetens 'n lid wat gedros het of wat sonder 'n geldige rede van diens afwesig is, ontvang, versorg, herberg of versteek of, wetende waar so 'n lid hom bevind, versuim om onverwyld sy meerdere in kennis te stel of om alles in sy vermoë te doen om hom in hegtenis te laat neem.

16 Addresses any anonymous communication to a Minister, the Commissioner (Inspector-General), other dignitary or a superior in the Force.

'n Anonieme mededeling aan 'n Minister, die Kommissaris (Inspekteur-Generaal), ander hoogwaardigheidsbekleër of 'n meerdere in die Mag rig.

17 Intentionally causes an unnecessary disturbance, gives a false alarm or disseminates false information.

Opsetlik 'n onnodige opskudding veroorsaak, 'n vals alarm gee of ongegronde inligting versprei.

18 Fights or otherwise behaves in a riotous or an unseemly manner.

Baklei of hom andersins op 'n oproerige of onbetaamlike wyse gedra.

19(a) Is under the influence of liquor or narcotic drugs when on duty.

Onder die invloed van drank of verdowingsmiddels is wanneer hy op diens is.

LATYNSE REGSTERME LATIN LEGAL TERMS

(ex) mero motu: spontaan, uit eie beweging; *spontaneously, of (his, her, its) own accord*

a contrario: by wyse van teenstelling; *as a contrast, on the other hand*

a dato: vanaf datum; *from date*

a fortiori: des te meer; *so much the more*

a priori: voordat die saak ondersoek is; *before the case has been investigated*

a quo: vanwaar; *from which*. 'n Uitspraak van 'n hof **a quo** beteken 'n uitspraak van 'n hof van eerste instansie of 'n laerhof voor wie die saak gedien het voordat dit na die huidige hof gekom het. *The judgment of a court of first instance or before which the matter served before it was brought before the present court.*

ab initio: van die begin af; *from the beginning*. Absolusie van die ~: dit beteken dat die eiser nie sy bewyslas gekwyd het teenoor 'n instansie nie, maar sy eis word nie verwerp nie, sodat die verweerder nie 'n pleit van **res iudicatae** kan opwerp as die eiser weer dieselfde eis instel nie. Die eiser kan dus weer op dieselfde skuldoorsaak sy eis teen die verweerder instel. ~: *this means that the plaintiff has not discharged his burden of proof, but his claim is not dismissed, so that the defendant cannot raise a plea of res iudicatae if the plaintiff institutes the same action later. The plaintiff may therefore institute his claim against the defendant on the same cause of action.*

actio: aksie; *action*

ad finem: tot die einde; *to the end*

ad hoc: vir 'n bepaalde geleentheid of doel; *for a specified occasion or purpose*

ad idem: eensgesind; *agreed*

ad infinitum: tot in die oneindige; *to infinity*

ad interim: intussen waarnemend; *meanwhile acting*

ad libitum: na goedvinde; *at pleasure*

ad litem: vir die hofsak/regsgeding; *for the case/suit*

ad locum: op die aangehaalde plek, ter aangehaalde plaatse; *in the place cited*

ad valorem: volgens waarde; *according to the value*

aetatis: oud, in die ouderdom van; *at the age of*

affidavit: beëdigde verklaring; *sworn statement*

aliter: anders; *otherwise*

ante diem: voor die dag; *before the day*

beneficium: voorreg; *benefit*

bona fide: te goeder trou; *in good faith*

cadit quaestio: die vraag verval; *the question falls away*

cautio de restituendo: sekuriteit vir teruggawe; *security for restitution*

ceteris paribus: ander dinge gelyk synde; *other things being equal*

coitus: geslagsgemeenskap; *sexual intercourse*

compos mentis: by sy volle positiewe; *sane, in his right mind*

condictio: aksie waarmee goed teruggevorder word; *action with which property is recovered*

consensus: wilsooreenstemming; *consent, agreement*

contra bonos mores: teen die goeie sedes; *contrary to good morals*

contumelia: smaad, belediging; *insult*

curia advisari vult: die hof wil sy beslissing oorweeg; *the court wishes to consider its decision (cur. adv. vult)*

da capo: van die begin af herhaal; *from the beginning*

de bonis propriis: uit eie sak; *out of his own pocket*

de dato: daterende van; *dated*

de facto: feitelik, na die feitlike toestand gereken; *in fact, judged according to the factual*

de iure: regtens, na die reg geoordeel; *in law, judged according to the law*

de lege ferenda: soos die reg behoort te wees (in teenstelling met hoe die reg tans is); *as the law should be (in contrast to the law as it is)*

de minimis non curat lex: die reg bemoei hom nie met beuselagtighede nie; *the law is not concerned with trivialities*

WETTE

A

Aanvulling van Pensioene, Wet op ~: Pensions (Supplementary) Act

Aardolie, Wet op ~: Natural Oil Act

Afskaffing van die Nasionale Energieraad, Wet op die ~: Abolition of the National Energy Council Act

Afskaffing van Gyseling, Wet op ~: Abolition of Civil Imprisonment Act

Agentskapsverkoping van Landbouprodukte, Wet op ~: Agricultural Produce Agency Sales Act

Aksynswet: Excise Act

Algemene Regswysigingswet: General Law Amendment Act

Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke, Wet op ~: Anatomical Donations and Post Mortem Examinations Act

Anatomiewet: Anatomy Act

Aptekers, Wet op ~: Pharmacy Act

Argiefwet: Archives Act

Argiewe, Wet op ~: Archives Act

Atoomkrag, Wet op ~: 1 Atomic Energy Act; 2 Atomic Power Act

B

Bankwet: 1 Banking Act; 2 Banks Act

Basiese Diensvoorwaardes, Wet op ~: Basic Conditions of Employment Act

Begrotingswet: Appropriation Act

Beheer oor Trustgeld, Wet op die ~: Trust Property Control Act

Behuisingswet: Housing Act

Bejaarde Persone, Wet op ~: Aged Persons Act

Berekening van Skadevergoeding, Wet op ~: Assessment of Damages Act

Beskerming van Seevoëls en Robbe, Wet op die ~: Sea Birds and Seals Protection Act

Beskerming van Voëls, Wet op ~: Wild Birds Protection Act

Beskerming van Wilde voëls, Wet tot die ~: Wild Birds Protection Act

Besoldiging en Diensvoorwaardes van Regters, Wet op ~: Judges' Remuneration and Conditions of Employment Act

Besoldiging en Pensioene van Regters, Wet op die ~: Judges' Remuneration and Pensions Act

Besoldiging van Regters, Wet op ~: Judges' Remuneration Act

Beveiliging van Inligting, Wet op die ~: Protection of Information Act

Bewaring van Landbouhulpbronne, Wet op ~: Conservation of Agricultural Resources Act

Bewysleer in Siviele Sake, Wet op ~: Civil Proceedings Evidence Act

Binnelandse Veiligheid, Wet op ~: Internal Security Act

Blindes, Wet op ~: Blind Persons Act

Boedelwet: Administration of Estates Act

Boks en Stoei, Wet op ~: Boxing and Wrestling Act

Bouverenigings, Wet op ~: Building Societies Act

Bouverenigingswet: Building Societies Act

Brandweerdienste, Wet op ~: Fire Brigade Services Act

Bystand aan Goudmyne, Wet op ~: Gold Mines Assistance Act

D

Depositonemende Instellings, Wet op ~: Deposit-taking Institutions Act

Desimale Munt, Wet op ~: Decimal Coinage Act

Diamantslypery, Wet op ~: Diamond Cutting Act

Diamante, Wet op ~: Diamonds Act

Dierebeskermingswet: Animals Protection Act

Dobbelary, Wet op ~: Gambling Act

Doeane en Aksyns: Customs and Excise

Doeane- en Aksynswet: Customs and Excise Act

Doodsondersoeke, Wet op Geregtelike ~: Inquests Act

E

Edelgesteentes, Wet op ~: Precious Stones Act

Elektrisiteitswet: Electricity Act

Energie, Wet op ~: Energy Act

F

Finansiewet: Finance Act

G

Geestesgebrek, Wet op ~: Mental Disorders Act

Geestesgesondheid, Wet op ~: Mental Health Act

Geneeshere, Tandartse en Aptekers, Wet op ~: Medical, Dental and Pharmacy Act

Wet tot die herroeping van die wetsbepalings tot die beskerming van en die verbod op die uitvoer van Wilde Voëls: Wild Birds Protection and Export Prohibition Laws Repeal Act

Wilddiefstal, Wet op ~: Game Theft Act

Wildwette: Game Laws

Winkels en Kantore, Wet op ~ : Shops and Offices Act

Woekerwet: Usury Act

Woekerwet en Wet op Geldskieters: Usury and Moneylenders Act

Wysigingswet op Gevangnisse: Prisons Amendment Act

Wysigingswet op Onedel Minerale: Base Minerals Amendment Act

Wysigingswet op Pensioen- en Aanverwante Aangeleenthede: Pension and Related Matters Amendment Act

ACTS

A

Abolition of the National Energy Council Act: Wet op die Afskaffing van die Nasionale Energieraad

Anatomy Act: Anatomiewet

Anatomical Donations and Post Mortem Examinations Act: Wet op Anatomiese Skenkings en Nadoodse Ondersoeke

Administration of Estates Act: Boedelwet

Admission of Persons to the Republic Regulation Act: Wet op die reëling van die Toelating van Persone tot die Republiek

Aged Persons Act: Wet op Bejaarde Persone

Agricultural Produce Agency Sales Act: Wet op Agentskapsverkopping van Landbouprodukte

Aliens Act: Wet op Vreemdelinge

Animals Protection Act: Dierebeskerminswet

Apprenticeship Act: Wet op Vakleerlinge

Appropriation Act: Begrotingswet

Archives Act: Argiefwet

Armaments Act: Krygstuigwet

Armaments Development and Production Act: Wet op Krygstuigontwikkeling en -Vervaardiging

Arms and Ammunition Act: Wet op Wapens en Ammunisie

Assessment of Damages Act: Wet op die Berekening van Skadevergoeding

Atomic Energy Act: 1 Wet op Atoomkrag; **2** Atomic Power Act

Aviation Act: Lugvaartwet

B

Banking Act: Bankwet

Banks Act: Bankwet

Base Minerals Amendment Act: Wysigingswet op Onedel Minerale

Base Minerals Act: Wet op Onedel Minerale

Basic Conditions of Employment Act: Wet op basiese Diensvoorwaardes

Births, Marriages and Deaths Registration Act: Wet op Registrasie van Geboortes, Huwelike en Sterfgevallen

Blind Persons Act: Wet op Blindes

Board of Trade and Industries Act: Wet op die Raad van Handel en Nywerheid

Board on Tariffs and Trade Act: Wet op die Raad op Tariewe en Handel

Boxing and Wrestling Control Act: Wet op die Beheer van Boks en Stoei

Building Societies Act: Wet op Bouverenigings

C

Children's Act: Kinderwet

Child Care Act: Wet op Kindersorg

Civil Imprisonment Restriction Act: Gyseling-beperkingswet

Civil Proceedings Evidence Act: Wet op Bewysleer in Siviele Sake

Commonwealth Relations Act: Wet op Statebondsbetrekkings

Companies Act: Maatskappywet

Conservation of Agricultural Resources Act: Wet op Bewaring van Landbouhulpbronne

Credit Agreements Act: Wet op Kredietooreenkomste

Criminal Procedure Act: Strafproseswet

Customs and Excise: Doeane en Aksyns

Customs and Excise Act: Doeane- en Aksynswet

D

Dangerous Weapons Act: Wet op Gevaarlike Wapens

Decimal Coinage Act: Wet op Desimale Munt

Defence Act: Verdedigingswet

Dental Mechanics Act: Wet op Tandwerktuigkundiges

Dental Technicians Act: Wet op Tandtegnici

Deposit-Taking Institutions Act: Wet op Depositonemende Instellings

Development Act (House of Representatives): Ontwikkelingswet (Raad van Verteenwoordigers)

Development Trust and Land Act: Ontwikkelingstrust en Grondwet

Diamonds Act: Wet op Diamante

Diamond Cutting Act: Wet op Diamantslypery

Diamond Export Duty Act: Wet op Uitvoerbelasting op Diamante

Disability Grants Act: Die Wet op Ongeskiktheidstoelaes

E

Education Act: Onderwyswet

Education Affairs Act (House of Assembly): Wet op Onderwys-aangeleenthede (Volksraad)

Education Policy Act: Wet op Onderwysbeleid

Electoral Act: Kieswet

Electricity Act: Elektrisiteitswet


BYLAE 12

See and say


Sien en sê


The car

Die motor




Mechanics of the car / 'n Motor se meganiek






Front section Voorkantse deursnit



The engine Die motor

- oil-filler cap 1 oliedulpop
- camshaft (or rocker) cover 2 nokaskas, tuimelaarkas
- distributor cap 3 verdelerdop
- valve guide 4 klepleier
- valve stem 5 klepsteel
- valve head 6 klepkop
- valve spring 7 klepveer
- flywheel 8 vliegwiël
- ring gear 9 kransrat
- crankshaft main bearing 10 krukashooflaer
- piston 11 suier
- piston crown 12 suierkuin
- connecting rod 13 dryfstang, verbindingstang
- big-end bearing cap 14 grootkoplaerkap
- crankshaft 15 krukas
- cylinder wall 16 silinderwand
- waterpump 17 waterpomp
- combustion chamber 18 verbrandingskamer
- rocker arm 19 tuimelarm

- cam follower 20 nokvolger
- camshaft 21 nokas
- vacuum advance unit 22 vakuumvervroegingseenheid
- sump 23 oliebak
- cylinder head 24 silinderkop
- cylinder-head gasket 25 silinderkoppakstuk
- crankshaft pulley 26 krukaskatrol
- aircleaner 27 lugfilter, lugsuiweraar
- carburettor 28 vergasser
- inlet manifold 29 inlaatspruitstuk
- valve 30 klep
- exhaust manifold 31 uitlaatspruitstuk
- camshaft drive belt (toothed) 32 nokasdryfband (getand)
- spark plug 33 vonkprop
- camshaft drive belt pulley 34 nokasdryfbandkatrol
- sump drainplug 35 oliebakprop
- oil strainer 36 oliesif
- piston rings 37 suierringe



Instruments Instrumente

- oil-pressure gauge 1 oliedrukmeter
- speedometer 2 spoedmeter
- odometer 3 odometer
- trip odometer 4 toer-odometer
- warning lights 5 klinkligte, waarskuligte
- fuel gauge 6 brandstofmeter
- tachometer 7 tagometer
- temperature gauge 8 temperatuurmeter
- air vent 9 lugopening
- ignition switch 10 ontstekingskakelaar
- steering lock 11 stuurslot
- hooter 12 toeter
- turning indicator 13 rigtingwyser
- digital clock 14 digitale horlosie, syferhorlosie
- headlight switch 15 kopliskakelaar
- switches 16 skakelaars
- instrument dimmer 17 instrumentverdonwer
- cigarette lighter 18 sigaretaansteker
- heater control 19 verwarmerbeer
- ventilator control 20 ventilasiebeher

abstract	abstrak
abstract intelligence	abstrakte intelligensie
abstraction	abstraksie
abstraction experiment	abstraksie-eksperiment
abstract thinking	abstrakte denke
abstract thought	abstrakte denke
absurdities test	absurditeitstoets
abulia	abulie
A-B-X model	A-B-X-model
Academic Aptitude Test (University) (AAT University)	Akademie se Aanlegtoets (Universiteit) (AAT Universiteit)
Academic Aptitude Test (Form V) (AAT Form V)	Akademie se Aanlegtoets (Vorm V) (AAT Vorm V)
Academic Proficiency Battery (APB)	Akademie se Bekwaamheidsbattery (ABB)
Academic-Technical Aptitude Tests for Coloured Pupils in Standards 6, 7 and 8 (ATA)	Akademie se Tegnie se Aanlegtoetse vir Kleurling leerlinge in Standerds 6, 7 en 8 (ATA)
acalculia	akalkulie
	rekenafasie
	syferblindheid
acanthesthesia	akantestesie
acatalepsy	akatalepsie
acatamathesia	akatomatesie
acataphasia	sintaktiese afasie
	akatafasie
	agrammafasie
acathisia	akatisie
acceleration	akselerasie
accident proneness	ongeluksgeneigdheid
	ongeluksvatbaarheid
accommodating strategy	akkommoderende strategie
accommodation	akkommodasie
acculturation	akkulturasie
accuracy compulsion	noukeurigheidskompulsie
acnesthesia	asenestesie
acetylcholine	asetielholien
achieved role	verkreë rol
achievement	prestasie
achievement curve	prestasiekromme
achievement motive	prestasiemotief
achievement need	prestasiebehoefte
achievement society	prestasiegerigte samelewing
achievement test	prestasietoets
Achilles jerk	Achilles-refleks
Achilles tendon jerk	Achilles-peesrefleks
	hakspierrefleks
Achilles tendon reflex	Achilles-hielrefleks
achloroblesia	achloroblesie
achloropsia	achloropsie

achondroplasia	achondroplasia
achromatic	achromaties
achromatic colour response	achromatiese kleurrepons
achromatism	achromatisme
achromatopsia	achromatopsie
acme	akme
acmesthesia	akmestesia
acousma	akoesma
aconuresis	akonurese
acoria	akorie
acouasma	akoesma
acoumeter	akoemeter
acousma	akoesma
acoustic aphasia	gehoorsafasie
	akoestiese afasie
acoustic nerve	akoestiese senuwee
acoustics	akoestiek
acoustic shadow	klankskaduwee
	akoestiese skaduwee
acoustic spectrum	akoestiese spektrum
	gehoorspektrum
acquiescence	instemmingsgeneigdheid
acquired	verworwe
acro-	akro-
acroanesthesia	akroanestesia
acrocephaly	akrocefalie
	akrokefalie
acrocinesis	akrokinesie
acroesthesia	akroestesia
acromania	akromanie
acromegaly	akromegalie
acromicria	akromikrie
acroparesthesia	akroparestesia
acrophobia	akrofobie
act	handeling
ACTH	AKTH
action current	aksiestroom
action potential	aksiepotensiaal
	werkingspotensiaal
action system	aksiesisteem
activation	aktivering
activation curve	aktiveringskromme
activation theory	aktiveringsteorie
active analysis	aktiewe analise
active instinct	aktiewe drang
active introversion	aktiewe introversie
active psychotherapy	aktiewe psigoterapie

BYLAE 1

Fsigofarmakologiese Middels

I ANTIDEPRESSANTE

(a) *Trisikliese groep*

Generiese naam	Handelsnaam	Gebruik
Amitriptilien	Amilent	Depressie
Klomipramien	Anafranil	Depressie
Nortriptiliënhydrochloried	Aventyl	Depressie
Desmetielimipramienhydrochloried	Pertofran	Depressie
Butriptiliënhydrochloried	Evadyne	Depressie
Maprotiliënhydrochloried	Ludiomil	Depressie
Trimipramien	Surmonil	Depressie
Imipramienhydrochloried	Tofranil	Depressie
Amitriptiliënhydrochloried	Tryptanol	Depressie

(b) *Mono-amiënoksidase (MAO) Inhibeerders*

Tranielsipromien	Parnate	Depressie
Fenielsien-Dihidrogeensulfaat	Nardil	Depressie

(c) *Ander*

Opipramol	Insidon	Depressie en spanning
Meklofenoksaat	Lucidril	Verwardheidstoestande
Dibensepiënhydrochloried	Noveril	Depressie
Nomifensiënhydrogeenmaleaat	Merital	Depressie
Dotiëpiënhydrochloried	Prothiaden	Depressie
Metielfenidaat	Ritalin	Hiperkiniese in kinders
Prolintaanhydrochloried	Catovit	Depressie en gebrek aan energie
Perfenasien en amitriptiliënhydrochloried	Etrafon	Depressie en spanning
Amitriptiliënhydrochloried en chloordiasepoksied	Limbitrol	Depressie en spanning
Mianserienhydrochloried	Lantanon	Depressie
Trifluoperasien en tranielsipromien	Parstelin	Depressie en spanning
Flufenasienhydrochloried en nortriptiliënhydrochloried	Motival	Depressie en spanning

II ANGSWEERDERS

(a) *Berustingsmiddels ("Minor Tranquillizers")*

Lorasepam	Ativan	Spanning
Bromasepam	Lexotan	Spanning, insomnie, agitatie, psigo-somatiese versteurings en depressie
Chloordiasepoksied	Librium	Spanning, neurotiese toestande en alkoholisme
Medasepam	Nobrium	Spanning
Oksasepam	Serepax	Spanning en alkoholisme
Dikaliumchloorasepaat	Tranxene	Spanning en depressie
Diasepam	Valium	Spanning
Prometasienhydrochloried	Phenergan	Spanning

(b) *Neuroleptika ("Major Tranquillizers")*

Flufenasienhydrochloried	Anatensol	Spanning en psigotiese versteurings
Diksidrasien	Esucos	Spanning en anoreksie
Trifluoperasiëndihydrochloried	Stelazine	Spanning en skisofrenie
Perfenasien	Trilafon	Spanning en skisofrenie
Trioridasienhydrochloried	Melleril	Spanning en skisofrenie
Chloorpromasienhydrochloried	Largactil	Spanning en psigoses

(c) *Butirofenone*

Benperidol	Anquil	Psigo-seksuele afwykings
Droperidol	Inapsin	Spanning

BYLAE 2

Rorschach-simbole (volgens die Klopfersisteam)

LOKALISERING

- W: die hele kaart of naastenby die hele kaart word gebruik.
 D: groot gedeeltes van die kaart word gebruik.
 d: klein gedeeltes van die kaart word gebruik.
 Dd: ongewone klein gedeeltes van die kaart word gebruik.
 S: wit spasio word gebruik of figuur en agtergrond word omgeruil.

DETERMINANTE

- M: die waarneming van menslike aktiwiteit of die lewendige voorstelling van mense
 FM: die waarneming van dierlike aktiwiteit of die lewendige voorstelling van 'n dier.
 m: die waarneming van 'n bewegende objek, 'n beweging of spanning in terme van magte, kragte of lewlose situasies.
- | | | |
|-----|---|--|
| k | } | die waarneming van driedimensionele inhoude op 'n tweedimensionele vlak geprojekteer, bv. X-strale of topografie. Die posisie van die F word deur die vormvlak bepaal. |
| kF | | |
| FK | | |
| K | } | die waarneming van driedimensionele inhoude. Die posisie van die F word deur die vormvlak bepaal. |
| KF | | |
| FK | | |
| F: | | slegs suiwer vorm speel 'n rol in die waarneming. |
| c | } | die gebruik van tekstuur (oppervlakte) in die waarneming. Die posisie van die F word deur die vormvlak bepaal. |
| cF | | |
| Fc | | |
| C' | } | die gebruik van achromatiese kleur in die waarneming. Die posisie van die F word deur die vormvlak bepaal. |
| C'F | | |
| FC' | | |
| C | } | die gebruik van chromatiese kleur in die waarneming. Die posisie van die F word deur die vormvlak bepaal. |
| CF | | |
| FC | | |

INHOUD

- H: menslike figure
 (H): menslike figure wat op een of ander wyse verontmenslik is, bv. tekeninge, karikature of mitologiese figure.
 Hd: gedeeltes van 'n menslike figuur, maar nie in 'n anatomiese sin nie.
 (Hd): gedeeltes van 'n mens soos by (H).
 AH: figure wat deels menslik, deels dierlik is.
 H obj.: gedeeltes van die mens, maar nie deel van die lewende liggaam nie, bv. bril
 At: gedeeltes van die menslike liggaam in 'n anatomiese sin, bv. X-straalfoto.
 Sex: openlike of verbloemde verwysings na geslagsorgane of seksuele aktiwiteit.
 A: dierlike figure.
 (A): dierlike figure wat van realiteit ontnem word of vermenslik word.
 Ad: gedeelte van 'n dier.
 (Ad): gedeelte van 'n dier soos by (A).
 A obj.: voorwerpe wat in verband staan met die liggaam van 'n dier, bv. 'n diervel.
 A. At.: die dierlike liggaam in 'n anatomiese sin.
 Food: enige verwysing na kos.
 N: inhoude uit die natuur, bv. landskappe, riviere of valleie.
 Geo: geografiese konsepte, insluitende kaarte.
 Pl: alle soorte plante.
 Bot: plante gesien as botaniese objekte.
 Obj: mensgemaakte objekte.
 Arch: argitektoniese konsepte.
 Art: enige verwysing na kuns.
 Abs: abstrakte konsepte, bv. magte of kragte.

BYLAE 3
Letters van die Griekse alfabet

<i>Hooftletter</i>	<i>Kleinletter</i>	<i>Naam</i>
Α	α	alfa
Β	β	beta
Γ	γ	gamma
Δ	δ	delta
Ε	ε	epsilon
Ζ	ζ	zeta
Η	η	eta
Θ	θ	theta
Ι	ι	iota
Κ	κ	kappa
Λ	λ	lambda
Μ	μ	mu
Ν	ν	nu
Ξ	ξ	xi
Ο	ο	omicron
Π	π	pi
Ρ	ρ	rho
Σ	σ	sigma
Τ	τ	tau
Υ	υ	upsilon
Φ	φ	phi
Χ	χ	chi
Ψ	ψ	psi
Ω	ω	omega